


**Die vertaling van *The No.1 Ladies' Detective Agency*  
van Alexander McCall Smith:  
strategieë en besluite tydens die vertaalproses.**

Margaret Beatrice Müller

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes  
vir die graad Magister Philosophiae in Vertaling  
aan die Universiteit Stellenbosch



Studieleier: Prof. A.E. Feinauer

Desember 2006

## VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

.....  
Handtekening

.....  
Datum



## OPSOMMING

Hierdie deskriptiewe gevallestudie is gebaseer op die vertaling van die eerste deel van Alexander McCall Smith se boek, *The No.1 Ladies' Detective Agency*, in Afrikaans. Voorbeelde van die tipe vertaalprobleme wat die vertaler ondervind het, sowel as die strategieë wat toegepas is om hierdie probleme op te los, word in 'n meegaande annotasie bespreek. Sodoende word daar gepoog om die vertaler se denk- en besluitnemingsprosesse tydens die vertaalproses te verduidelik.

Verskeie vertaalteoretiese konsepte, waaronder vervreemding (*foreignization*) en domestikering, word aan die hand van die praktiese vertaling bespreek, en ondersteun die oplossings wat vir vertaalprobleme voorgestel is. Hierdie vertaler het hoofsaaklik volgens 'n vervreemdende benadering te werk gegaan, hoewel 'n mate van domestikering soms onvermydelik was om te verhoed dat die teikenlesers onnodig van die doelteks vervreem sou word. Die eienskappe waaraan die doelteks moes voldoen en die kennis en kulturele agtergrond van die teikenlesers word dus ook bespreek, aangesien beide hierdie faktore 'n bepalende rol gespeel het tydens die vertaalproses.

Die behoefte aan middelmootliteratuur in Afrikaans word bespreek, aangesien dit bygedra het tot die keuse van die bronteks: die vertaling van *The No.1 Ladies' Detective Agency* in Afrikaans kan volgens hierdie vertaler daartoe bydra om hierdie leemte te vul. Hoewel hierdie vertaler begryp dat finansiële beperkings 'n groot rol speel in uitgewers se onwilligheid om vertalings te publiseer, word die stelling gemaak dat daar nie sonder meer aanvaar behoort te word dat 'n Afrikaanse vertaling op 'n verlies gaan uitloop indien daar nie navorsing gedoen is oor die moontlikhede van daardie spesifieke vertaling nie. Aanbevelings ten opsigte van marknavorsing word gemaak en die moontlikheid van verdere studie word ook aangedui.

## ABSTRACT

This descriptive case study is based on the translation of the first part of Alexander McCall Smith's book, *The No.1 Ladies' Detective Agency*, into Afrikaans. Examples of the type of translational problems that this translator experienced, as well as the strategies that were implemented to solve these problems, are discussed in an accompanying annotation. In this way the translator has attempted to explain her thought and decision-making processes during the translation process.

Various concepts from translation studies theory, including foreignization and domestication, are discussed with reference to the practical translation, and support the solutions suggested for translational problems. This translator mainly used a foreignizing approach, although some degree of domestication was inevitable at times in order to avoid the alienation of target readers from the target text. The required characteristics of the target text and the knowledge and cultural background of the target readers are therefore also discussed, as both these factors played a defining role during the translation process.

The need for Afrikaans literature between the so-called "high literature" and light romantic fiction is discussed, as this contributed to the choice of source text: according to this translator the translation of *The No.1 Ladies' Detective Agency* into Afrikaans will be able to help fill this gap. Although this translator understands that financial restrictions play a large role in publishers' reluctance to publish translations, the statement is made that they should not accept without further ado that an Afrikaans translation will result in a financial loss if no research has been done into the possibilities of that specific translation. Recommendations regarding market research are made and the possibility of future study is indicated.


## DANKBETUIGINGS

Hiermee wil ek graag my opregte dank betuig aan diegene wat 'n bydrae tot die voltooiing van my studies gelewer het:

God Drie-enig, my Helper in alles wat ek doen;

my studieleier, prof. Ilse Feinauer, vir haar motivering, ondersteuning en hulp; en

my ouers, wat my altyd ondersteun.



## INHOUD

|           |  |           |
|-----------|--|-----------|
| <b>1.</b> | <b><i>INLEIDING</i></b> .....  | 1         |
| 1.1       | <b>Die behoefte aan middelmoottliteratuur in Afrikaans</b> .....                                   | 1         |
| 1.2       | <b>Keuse van bronteks</b> .....  | 3         |
| 1.3       | <b>Metodologie</b> .....   | 4         |
| 1.3.1     | Praktiese werkwyse .....   | 4         |
| 1.3.2     | Teoretiese uitgangspunte .....   | 5         |
|           | (a) <i>Vertaling as interkulturele oordrag</i> .....   | 5         |
|           | (b) <i>Vervreemding en domestikering</i> .....   | 6         |
|           | (c) <i>Bespreking van vertaalprobleme aan die hand van Nord</i><br><i>se vier kategorieë</i> ..... | 6         |
|           | (d) <i>Die hermeneutiese teorie</i> .....  | 7         |
| 1.4       | <b>Hoofstukindeling</b> .....  | 7         |
| <br>      |  |           |
| <b>2.</b> | <b><i>BESKRYWING VAN BRONTEKS</i></b> .....  | <b>9</b>  |
| 2.1       | <b>Inleiding</b> .....   | 9         |
| 2.2       | <b>Agtergrondinligting oor die bronteks</b> .....  | 9         |
| 2.3       | <b>McCall Smith se skryfstyl</b> .....   | 13        |
| 2.4       | <b>Eienskappe van die teikenlesers</b> .....   | 14        |
| 2.5       | <b>Slot</b> .....  | 17        |
| <br>      |  |           |
| <b>3.</b> | <b><i>LITERATUURSTUDIE</i></b> .....   | <b>18</b> |
| 3.1       | <b>Inleiding</b> .....   | 18        |
| 3.2       | <b>Die skoposteorie</b> .....  | 18        |
| 3.3       | <b>Vertaling as interkulturele oordrag</b> .....   | 21        |
| 3.3.1     | Definisie van kultuur .....  | 21        |
| 3.3.2     | Vertaling as interkulturele kommunikasie .....   | 22        |
| 3.3.3     | Die rol van die vertaler .....   | 23        |
| 3.3.4     | Oordrag en komponensiële ontleding .....   | 25        |
| 3.4       | <b>Vervreemding, domestikering en die sigbaarheid van die vertaler</b> .....                       | 26        |
| 3.5       | <b>Die hermeneutiese teorie</b> .....  | 30        |
| 3.6       | <b>Slot</b> .....  | 32        |
| <br>      |  |           |
| <b>4.</b> | <b><i>VERTAALDE TEKS: DIE NO.1 DAMESPEURAGENTSAP</i></b> .....                                     | <b>34</b> |

|            |  |     |
|------------|--|-----|
| <b>5.</b>  | <b>ANNOTASIE</b> .....   | 63  |
| <b>5.1</b> | <b>Inleiding</b> .....   | 63  |
| <b>5.2</b> | <b>Pragmatiese vertaalprobleme</b> .....   | 63  |
| 5.2.1      | Aanspreekvorme en name van karakters .....   | 64  |
| 5.2.2      | Geografiese name .....   | 66  |
| 5.2.3      | Name van instansies .....  | 66  |
|            | (a) <i>Hospitale</i> .....   | 66  |
|            | (b) <i>Banke en ander gevalle</i> .....  | 67  |
| 5.2.4      | Setswana woorde in die BT .....  | 68  |
| <b>5.3</b> | <b>Interkulturele vertaalprobleme</b> .....  | 69  |
| 5.3.1      | Kultuurspesifieke konsepte .....   | 70  |
| 5.3.2      | Mates .....  | 72  |
| 5.3.3      | Konvensies ten opsigte van tydsvorm .....  | 72  |
| <b>5.4</b> | <b>Interlinguistiese vertaalprobleme</b> .....   | 74  |
| 5.4.1      | Herhalings .....   | 74  |
| 5.4.2      | Woordeskat en semantiek .....  | 75  |
|            | (a) <i>Interpretasie van leksikale items in die BT</i> .....                                 | 75  |
|            | (b) <i>Beperkings in die doeltaal</i> .....  | 77  |
|            | (c) <i>Gebruiksverskille tussen leksikale items in die bron-</i><br><i>en doeltaal</i> ..... | 80  |
|            | (d) <i>Semantiese ondeursigtigheid in die BT</i> .....                                       | 85  |
| 5.4.3      | Die gebruik van hoofletters .....  | 87  |
| 5.4.4      | Punktuasie .....   | 87  |
| 5.4.5      | Beklemtoning .....   | 89  |
| 5.4.6      | Sintaktiese patrone .....  | 91  |
|            | (a) <i>Sinne wat met die voegwoord “so” begin</i> .....                                      | 91  |
|            | (b) <i>Parentetiese sinne</i> .....  | 92  |
|            | (c) <i>Die gebruik van die onderskikker “dat”</i> .....                                      | 93  |
|            | (d) <i>Die passiewe konstruksie</i> .....  | 94  |
|            | (e) <i>Die gebruik van die sametrekking “dis”</i> .....                                      | 95  |
| 5.4.7      | Register .....   | 96  |
| 5.4.8      | Skynbare gebrek aan kohesie en/of koherensie .....   | 98  |
| <b>5.5</b> | <b>Teksspesifieke vertaalprobleme</b> .....  | 99  |
| 5.5.1      | Leksikaal-semantiese velde .....   | 99  |
|            | (a) <i>Geografie en geskiedenis</i> .....  | 100 |
|            | (b) <i>Mynbou</i> .....  | 100 |
|            | (c) <i>Setswana woorde</i> .....   | 102 |

|                    |   |            |
|--------------------|---|------------|
| (d)                | <i>Verpleegkundige range</i> .....  | 102        |
| (e)                | <i>Landbou</i> .....  | 102        |
| (f)                | <i>Spoorweë</i> .....   | 102        |
| 5.5.2              | Die titel .....   | 103        |
| 5.5.3              | Woordspel en alliterasie .....  | 103        |
| 5.5.4              | Figuurlike taalgebruik .....  | 104        |
| <b>5.6</b>         | <b>Slot</b> .....   | <b>105</b> |
| <b>6.</b>          | <b>GEVOLGTREKKING</b> .....   | <b>106</b> |
| <b>6.1</b>         | <b>Inleiding</b> .....  | <b>106</b> |
| <b>6.2</b>         | <b>Oorsig oor navorsing</b> .....   | <b>106</b> |
| <b>6.3</b>         | <b>Aanbevelings met betrekking tot uitgewers</b> .....                                  | <b>106</b> |
| <b>6.4</b>         | <b>Voorstelle vir verdere navorsing</b> .....   | <b>107</b> |
| <b>6.5</b>         | <b>Slot</b> .....   | <b>108</b> |
|                    | <b>BRONNELYS</b> .....  | <b>110</b> |
|                    | <b>ADDENDA</b>  |            |
| <b>Addendum A:</b> | Brief van A. Potgieter van Human & Rousseau .....                                       | 115        |
| <b>Addendum B:</b> | Brief van J. Steenkamp van LAPA Uitgewers .....   | 116        |
| <b>Addendum C:</b> | Bronteks: <i>The No.1 Ladies' Detective Agency</i> deur Alexander<br>McCall Smith ..... | 117        |






## 1. INLEIDING

### 1.1 Die behoefte aan middelmoolliteratuur in Afrikaans

Volgens Potgieter (2006) van Human & Rousseau<sup>1</sup> is daar tans 'n groot leemte aan “goeie, gewilde romans soos dié van Alexander McCall Smith” in Afrikaans. Ook Steenkamp (2006) van LAPA Uitgewers<sup>2</sup> is van mening dat daar 'n behoefte aan hierdie tipe middelmoolliteratuur in Afrikaans is, met ander woorde literatuur wat in 'n kategorie tussen die sogenaamde “hoë literatuur” en ligte liefdesromans lê. Afrikaanse skrywers wat in hierdie kategorie val, sluit byvoorbeeld Dalene Matthee, Marieta van der Vyver en Deon Meyer in.

In die verlede was die produksie van Afrikaanse fiksie sterk aangewese op die standhoudendheid van die biblioteekmark. Die begrotings van openbare biblioteke is egter sedert die middel-1990's drasties besnoei (Venter 2004:5). Dit het ongetwyfeld bygedra tot die vermindering in die aantal Afrikaanse boeke (veral fiksie) wat tans uitgegee word, aangesien baie uitgewers skielik byna uitsluitlik op die ietwat onderontwikkelde algemene kopersmark aangewese was (Venter 2004:5). Dit het tot 'n grootskaalse herstrukturering in die uitgeebedryf gelei.

Venter (2004:6) het die volgende grafiek saamgestel om die produksie-aandeel van die onderskeie kategorieë van Afrikaanse boeke (eerste en heruitgawes) vir die periode 1990-2003 aan te toon:



© 2004 Rudi M.R. Venter, Program in Uitgewerswese, Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika

<sup>1</sup> Sien A. Potgieter se brief in Addendum A.

<sup>2</sup> Sien J. Steenkamp se brief in Addendum B.

Dit is duidelik dat die grootste deel van Afrikaanse fiksie uit liefdesromans bestaan – boeke wat ontspanning bied en wyd gelees word, maar nie noodwendig die leser verryk of verder laat dink nie. Volgens Venter (2004:6) groei die produksie van hierdie boeke steeds.

Daar is egter 'n behoefte aan 'n groter verskeidenheid middelmootliteratuur vir die Afrikaanse leser wat nie liefdesromans lees nie, maar ook nie die sogenaamde “hoë” literatuur geniet nie. Dit sluit aan by Venter (2004:6) se bevinding dat die produksie van verskeie prosakategorieë – onder andere Afrikaanse riller-, spannings- en speurromans – sedert 1998 skerp gedaal het. 'n Belangrike faktor wat hier 'n rol speel, is die feit dat daar tans nie soveel Afrikaanse skrywers is wat spesifiek in hierdie behoefte voorsien nie.

Die produksie van Afrikaanse vertalings van Engelse fiksie het natuurlik ook sedert die middel-1990's drasties afgeneem. Baie uitgewers het probleme ondervind om in die eerste plek oorspronklik Afrikaanse boeke uit te gee, wat nog te sê Afrikaanse vertalings van Engelse fiksie. 'n Argument wat uitgewers dikwels in hierdie verband opper, is dat die meeste potensiele kopers van Afrikaanse vertalings hierdie boeke gewoonlik reeds in Engels gelees het teen die tyd dat die vertalings uitgegee word. Tog gee Jacklin Uitgewers op groot skaal Afrikaanse vertalings van die Engelse *Mills & Boon*-reeks uit. Dieselfde argument sou dus hier ook kon geld, aangesien die meeste lesers van die Afrikaanse vertalings van *Mills & Boon*-boeke – in elk geval die potensiele kopers – tog in staat is om hierdie liefdesromans ook in Engels te lees.

Volgens Venter (2004:8) het uitgewers die plig om aan te hou om Afrikaanse boeke oor 'n breë spektrum te voorsien, met ander woorde ook in die kategorie van die sogenaamde middelmootliteratuur. Hoe sal die Afrikaanse leser ooreed word om Afrikaanse fiksie te koop en te lees as daar nie vir elke tipe leser genoeg boeke is om te lees nie? 'n Standhoudende boekkultuur kan immers nie gebou word deur bloot in die behoefte aan liefdesromans en die sogenaamde “hoë” literatuur te voorsien nie – 'n middelmootlesersgroep word dan afgeskeep.

Te oordeel na die sukses wat *The No.1 Ladies' Detective Agency* van Alexander McCall Smith (2005) in die internasionale mark behaal het, sal 'n goeie Afrikaanse vertaling van hierdie boek help om in die behoefte van die middelmootlesersgroep te voorsien – juis aangesien daar 'n tekort aan hierdie tipe literatuur in Afrikaans is.

Venter (2004:8) maak verder die stelling dat ons in 'n tyd leef waar “Charlize Theron se Oscar by verre die kollig steel van J.M. Coetzee se Nobelprys [vir Letterkunde]” – boeke het onaantreklik geword en baie mense (veral die jonger generasie) sal eerder televisie of rolprente kyk as om 'n boek te lees, wat nog te sê dit te koop. Dit is dus belangrik dat Afrikaanse fiksie, sowel as Afrikaanse vertalings van gewilde Engelse boeke, van nuuts af aan mense bekend gemaak moet word.

Die vertaling en produksie van *The No.1 Ladies' Detective Agency* (en die res van die reeks) kan help om 'n boekkultuur te skep wat lesers sal aanspoor om weer entoesiasties Afrikaanse fiksie te koop en te lees, in plaas daarvan om hulle onwillekeurig na die Engelse rakke (of na die televisie of rolprente) te wend omdat hulle aanvaar dat Afrikaanse fiksie nie die tipe middelmoottliteratuur bied wat hulle graag wil lees nie.

## 1.2 Keuse van bronteks

Alexander McCall Smith is die skrywer van onder andere die gewilde *The No.1 Ladies' Detective Agency*-reeks, wat in Botswana afspeel. Hy was onder meer in 2004 die wenner van drie Britse *Author of the Year*-toekennings – die *British Book Awards*, *Booksellers' Association* en *Waterstones* (Clark 2005:1).

Buiten dat die vyfde titel van die reeks, *The Full Cupboard of Life*, in 2003 die *Saga Award for Wit* gewen het, het die hele reeks groot sukses behaal in die buitelandse mark. Volgens Clark (2005:1) is meer as sewe miljoen Engelse eksemplare van die reeks reeds verkoop. Verder was dit in 2004 vir maande op die *New York Times* se topverkoperlys (Frost 2004:2). Die *Times Literary Supplement* het die boek *The No.1 Ladies' Detective Agency* selfs as een van sy *International Books of the Year and the Millennium* genomineer (Clark 2005:1). Meer as 20 000 eksemplare van hierdie boek is boonop reeds in Suid-Afrika verkoop.

Daniels (in Smith 2005:1) van *The Sunday Telegraph* het soos volg oor McCall Smith se werk geskryf:

The author's prose has the merits of simplicity, euphony and precision. His descriptions leave one as if standing in the Botswana landscape. This is art that conceals art. I haven't read anything with such unalloyed pleasure for a long time.

*The No.1 Ladies' Detective Agency* is reeds in 36 tale wêreldwyd vertaal (McCall Smith 2006). Dit is dus duidelik dat hierdie boek nie net as oorspronklike (Engelse) teks sukses behaal nie, maar ook as vertaling in 'n verskeidenheid tale.

Verder word *The No.1 Ladies' Detective Agency* ook tans deur Anthony Minghella, wat as regisseur van *The English Patient* 'n Oscar gewen het, in 'n televisiereeks omskep as 'n gesamentlike projek van *Mirage Enterprises* en *Miramax Films* (Rooney & De Jager 2004:1). Dit is 'n verdere aanduiding van die boek se sukses en sal ongetwyfeld bydra tot die gewildheid daarvan, omdat dit sodoende aan steeds meer mense – potensiële lesers – bekend gestel sal word.

McCall Smith is die skrywer van meer as 50 boeke. Tog het die vertaler die boek *The No.1 Ladies' Detective Agency* gekies om in Afrikaans te vertaal. Faktore wat bygedra het tot die keuse van 'n bronteks (voortaan BT), was die feit dat hierdie boek in 'n televisiereeks omskep word, sowel as die menings van LAPA Uitgewers en Human & Rousseau dat die vertaling van *The No.1 Ladies' Detective Agency* daartoe sal bydra om 'n bepaalde leemte in Afrikaanse literatuur te vul.

Die sjarme van hierdie boek lê nie soseer in die raaisels wat opgelos moet word nie – dit is juis nie 'n speurverhaal in die gewone sin van die woord nie. McCall Smith betrek eerder sy lesers met sy deernisvolle, dikwels humoristiese sketse van die alledaagse leefwyse van die inwoners van Botswana en hulle verhoudings met mekaar.

Verder bly die hoofkarakter, Precious Ramotswe, getrou aan “die ou manier van doen”, met eienskappe soos beleefdheid, eerlikheid en regverdigheid as 'n inherente deel van haar denke en optrede (Moss 2004:1). Dit is dalk juis hierdie morele aspek – “daardie ou Botswana-moraliteit”, soos McCall Smith dit noem – wat die kern van mma Ramotswe se trefkrag vorm (Craig & Allardice 2003:1).

### **1.3 Metodologie**

#### **1.3.1 Praktiese werkwyse**

Volgens Chesterman (1998:201) is een van die onlangse neigings in vertaalstudies die verskuiwing in belangstelling vanaf vertaalverwante studies (*translational*

*studies*), wat op vertalings fokus, na vertalerverwante studies (*translational studies*), wat meer op vertalers en hulle besluite fokus.

Hierdie studie sluit beide vertaal- en vertalerverwante aspekte in. Dit fokus op 'n praktiese vertaling van 41 bladsye uit *The No.1 Ladies' Detective Agency* (vertalingverwante aspek), gevolg deur 'n annotasie waar die probleme wat die vertaler tydens die vertaalproses ondervind het en die besluite wat sy geneem het, geïdentifiseer en aan die hand van bepaalde vertaalstrategieë bespreek word (vertalerverwante aspek). Sodoende word gepoog om 'n mate van insig in die vertaalproses te verskaf. Die studie kan dus as 'n deskriptiewe gevallestudie beskou word.

Die vertaler se keuse van spesifieke teoretiese uitgangspunte en strategieë om vertaalprobleme op te los, behoort by te dra tot 'n eindproduk wat as onafhanklike literêre teks dieselfde funksie in die doelkultuur sal verrig as wat die BT in die bronkultuur verrig.

### 1.3.2 Teoretiese uitgangspunte

#### (a) *Vertaling as interkulturele oordrag*

Vermeer se skoposteorie (sien 3.2) is gebaseer op die standpunt dat vertaling 'n vorm van menslike interaksie is en as sodanig bepaal word deur die doel of skopos daarvan. Een van die belangrikste faktore in die skopos van 'n kommunikatiewe handeling soos vertaling is die beoogde ontvangers van die teks met hulle spesifieke kommunikatiewe behoeftes (Nord 1997a:46).

Tydens die vertaling van 'n literêre teks soos *The No.1 Ladies' Detective Agency* moet die eienskappe, kennis en agtergrond van die beoogde lesers van die doelteks (voortaan DT) dus in gedagte gehou word. Dit het 'n bepalende invloed op die wyse waarop die vertaler probleme ten opsigte van die vertaalproses hanteer en oplos.

'n Verdere implikasie hiervan is dat daar tydens vertaling spesiale aandag aan kultuurspesifieke faktore in die BT gegee moet word (Nord 1997a:45). Volgens Snell-Hornby (1988:39-40) is vertaling 'n proses van interkulturele oordrag wat nie net tussen twee tale plaasvind nie, maar tussen twee kulture (sien 3.3). Die hantering van kulturele aspekte wat implisiet in 'n BT is, gee dus dikwels aanleiding

tot probleme, aangesien verskeie faktore oorweeg moet word voordat die vertaler die mees geskikte tegniek kan kies om hierdie aspekte suksesvol na die DT oor te dra (James 2002:1).

(b) *Vervreemding en domestikering*

Venuti (1995:19-20) onderskei tussen twee tipes vertaalstrategieë, naamlik vervreemding (*foreignization*) en domestikering (sien 3.4). Vervreemding beteken dat die vertaler die leser na die skrywer (en die vreemde kultuur) neem, deur byvoorbeeld verwysings na die bronkultuur (in hierdie geval die tekswêreld) in die DT te behou. Die leser is dus bewus daarvan dat hy/sy 'n vertaalde teks uit 'n vreemde kultuur lees. Hierdie benadering verhoog ook die sigbaarheid van die vertaler in die DT.

Daarteenoor beteken domestikering dat die vertaler die skrywer na die leser neem, deur 'n etnosentriese herleiding van die vreemde teks (BT) na die kulturele waardes van die doeltaal (Venuti 1995:20). Laasgenoemde metode behels dat vertaling volgens 'n vloeiende, "onsigbare" styl gedoen word om die vreemdheid van die DT vir die DT-leser te minimiseer.

Venuti se konsep van vervreemding is dus die sentrale benadering waarvolgens die vertaler van *The No.1 Ladies' Detective Agency* te werk gaan. Tog is dit belangrik dat die DT vloeiend moet lees en in idiomatiese Afrikaans uitgedruk moet word om te verhoed dat die teikenlesers onnodig vervreem word (sien 2.4). 'n Sekere mate van domestikering word dus ook toegepas.

(c) *Bespreking van vertaalprobleme aan die hand van Nord se vier kategorieë*

Na aanleiding van die verskille tussen BT- en DT-lesers en tussen die konvensies en taalreëls van die BT- en DT-kultuur, onderskei Nord (1997a:58) tussen vier kategorieë vertaalprobleme, naamlik pragmatiese, interkulturele, interlinguistiese en teksspesifieke vertaalprobleme.

Die probleme wat tydens die vertaalproses ondervind is, word aan die hand van hierdie vier kategorieë bespreek (sien 5.2-5.5). Dit is egter belangrik om te onthou dat baie vertaalprobleme in meer as een kategorie geplaas sou kon word, deels omdat taal en kultuur interafhanklik is en nie van mekaar geskei kan word nie.

(d) *Die hermeneutiese teorie*

Volgens die hermeneutiese teorie is vertaling 'n kragdadige – selfs gewelddadige – handeling waar die vertaler aktief met die BT omgaan en die betekenis van die teks interpreteer voordat dit aan die hand van sekere voorafbepaalde kriteria in 'n DT omskep word (Steiner 2001:186-190). Vertaling is dus nie bloot die reprodusering van die BT deur middel van 'n meganiese handeling nie, maar die aktiewe herskepping daarvan. Steiner (1975:296) onderskei tussen vier stappe in hierdie proses van betekenisoordrag: vertrouwe, aggressie, inkorporasie en die herstel van balans (sien 3.5).

#### 1.4 Hoofstukindeling

Hoofstuk 2 bevat 'n beskrywing van die BT (*The No.1 Ladies' Detective Agency*). Spesifieke aspekte van McCall Smith se skryfstyl word bespreek. Die uittreksel wat vertaal is, word verder deur toepaslike agtergrondinligting in konteks geplaas. Die eienskappe van die teikenlesers van die DT word ook in hierdie hoofstuk bespreek.

Hoofstuk 3 bestaan uit 'n literatuurstudie. Die teoretiese uitgangspunte wat tydens die vertaling van *The No.1 Ladies' Detective Agency* gebruik is, word aan die hand van praktiese voorbeelde bespreek. Die skoposteorie (Vermeer), vertaling as interkulturele oordrag (Nord), **vervreemding** en domestikering (Venuti), die sigbaarheid van die vertaler en die hermeneutiese teorie (Steiner) is van die teoretiese aspekte wat bespreek word.

Hoofstuk 4 bestaan uit die Afrikaanse vertaling van 41 bladsye uit *The No.1 Ladies' Detective Agency*.

Hoofstuk 5 is 'n annotasie wat die praktiese probleme wat die vertaler tydens die vertaalproses ondervind het, kategoriseer en bespreek. Dit word aan die hand van Nord (1997a:58) se vier kategorieë van vertaalprobleme gedoen, naamlik pragmatiese, interkulturele, interlinguistiese en teksspesifieke vertaalprobleme.

Hoofstuk 6 bied 'n gevolgtrekking van wat in die studie gedoen is. Voorstelle vir verdere navorsing word ook gemaak.

'n Bronnelys met al die bronne wat deur die loop van die studie benut is, word aangeheg. Dit word gevolg deur Addendum A en B, wat uit die briewe van onderskeidelik A. Potgieter van Human & Rousseau en J. Steenkamp van LAPA Uitgewers bestaan, en Addendum C, wat die BT bevat, naamlik *The No.1 Ladies' Detective Agency* van Alexander McCall Smith (2005:1-41).





## 2. BESKRYWING VAN BRONTEKS

### 2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bevat 'n beskrywing van die BT, *The No.1 Ladies' Detective Agency*. Die uittreksel wat vertaal is, word deur toepaslike agtergrondinligting in konteks geplaas en spesifieke aspekte van McCall Smith se skryfstyl word kortliks bespreek. Laastens word die eienskappe van die teikenlesers van die DT beskryf, sowel as die mate waarin die vertaler in die Afrikaanse vertaling sigbaar behoort te wees wanneer hierdie eienskappe in gedagte gehou word (sien 3.4), sodat daar verseker kan word dat die beoogde lesers nie vervreem sal word nie.

### 2.2 Agtergrondinligting oor die bronteks

*The No.1 Ladies' Detective Agency* is die eerste keer in 1998 gepubliseer, waarna verskeie oplaes van die boek verskyn het. Hierdie boek word reeds wêreldwyd in 36 tale gelees. Hoewel dit aanvanklik as 'n enkele kortverhaal bedoel is en die skrywer hoegenaamd nie 'n reeks boeke in gedagte gehad het nie, het 'n verdere ses boeke met Precious Ramotswe as hoofkarakter daarop gevolg. Die nuutste boek in die reeks, *Blue Shoes and Happiness*, is in 2006 uitgegee.

Hoewel McCall Smith die skrywer van meer as 50 boeke is, word sy naam die geredelikste aan Precious Ramotswe, die hoofkarakter in *The No.1 Ladies' Detective Agency*, gekoppel (Mekgwe 2006:176). Hierdie boek, soos die res van die reeks, speel in Botswana af, waar die skrywer vroeër as professor in Mediese Reg in die Regsdepartement van die Universiteit van Botswana gewerk het.

Volgens McCall Smith (in Mekgwe 2006:183) wou hy deur hierdie boeke, en spesifiek deur die karakter Precious Ramotswe, die “quiet decency” van Botswana aan lesers in Wes-Europa en Noord-Amerika oordra – die “klein, alledaagse Botswana wat die toeris nie te siene kry nie” [eie vertaling]. McCall Smith (in White 2003:1) is van mening dat die beeld wat baie mense van Afrika het, deur burgeroorloë, hongersnood en lyding oorheers word. Daarom probeer hy om in sy boeke 'n ander kant van Afrika aan sy lesers te wys – 'n kant wat dikwels geïgnoreer word of eenvoudig nie raakgesien word nie. Bartlett (2003:1) skryf byvoorbeeld in sy resensie van die boek:

What is most remarkable about this meeting, this virtual encounter with Botswana, is the compassion with which McCall Smith describes the country, the manner in which he has managed to recreate the everyday events of community life in a way that makes their difference, their cultural specifics, completely familiar. Africa is introduced as friend rather than stranger, thanks to a narrator who is not anthropological spectator, but rather participant.

Sy boeke het 'n positiewe inslag en “gaan oor mense wat probeer om goeie lewens te lei in dikwels moeilike omstandighede” [eie vertaling] (White 2003:1). Hierdie sterk sin vir morele waardes vorm 'n stewige basis vir al die verhale in hierdie reeks: volgens McCall Smith (Chu 2003:2) neem sy boeke 'n “morele standpunt in oor die belangrikheid van hoflikheid, om dinge op die tradisionele manier te doen” [eie vertaling]. Die feit dat Precious Ramotswa altyd met hoflikheid, integriteit, menslikheid, gesonde verstand en 'n oorkoepelende sin vir regverdigheid optree, maar sonder om ooit preuts of aanstellerig voor te kom, is moontlik een van die redes waarom die reeks soveel sukses behaal het.

*The No.1 Ladies' Detective Agency* vertel die verhaal van Precious Ramotswa, wat 'n speuragentskap op die been bring nadat haar pa, Obed, sy beeste aan haar nalaat wanneer hy sterf. Sy weet nie regtig enigiets van speurwerk nie, maar sy is 'n hoogs intelligente vrou met integriteit en 'n gesonde intuïsie en is van mening dat sy enigiets met sukses kan aanpak. Daarom kry sy 'n kantoor vir haar agentskap en stel 'n sekretaresse met die naam mma Makutsi aan – en sy is reg vir haar eerste kliënt. Die sake waarvoor kliënte haar hulp nodig het, wissel van dilemmas met bedrieërs en verlore mans tot kinders wat vir muti ontvoer word. Met die oplossing van elke probleem word 'n verdere faset van sowel Afrika as Precious Ramotswa aan die leser onthul.

Die speuragentskap word die plek waar interaksie tussen mense van alle vlakke van die samelewing plaasvind, met verskillende kwessies en probleme wat oordink en opgelos moet word – dikwels nie soseer kriminele sake nie, maar eerder morele kwessies vanuit die alledaagse lewe in Botswana wat die kern van menswees ondersoek (Mekgwe 2006:182). Daarom verwys McCall Smith nie na hierdie boek as 'n raaiselverhaal nie, maar eerder as 'n roman oor 'n vrou wat toevallig 'n privaat speurder is: die karakters in die verhaal se grootste belangstelling is in hulle verhoudings met die mense rondom hulle. Verder kombineer Precious Ramotswa die tradisionele kultuur van Botswana met moderne idees aangaande 'n vrou se behoefte aan finansiële onafhanklikheid.

Die sterk band van liefde en lojaliteit tussen Precious en haar pa vorm 'n belangrike deel van die verhaal in *The No.1 Ladies' Detective Agency* (McCall Smith in Mekgwe 2006:179), deels omdat dit diepte gee aan hierdie karakters. Volgens McCall Smith wou hy hê dat Precious Ramotswa “all that is fine in the human condition” moet verteenwoordig in 'n era waar 'n nihilistiese lewensfilosofie dikwels voorkom (Mekgwe 2006:176). Haar pa, Obed, is 'n eerbare man met integriteit, iemand vir wie Precious as rolmodel kan beskou.

Nog 'n aspek wat nie net in hierdie boek nie, maar in die hele reeks voorkom, is die skrywer se fokus op die ligter kant van die lewe. Hoewel daar wel na die karakters se probleme verwys word, word hierdie probleme skynbaar altyd oorkom en morele sekerheid, opgeruimdheid, warmte en empatie is aan die orde van die dag. McCall Smith (in Mekgwe 2006:183) is van mening dat dit belangrik is om optimisties te wees en dat daar geen rede is waarom enigiemand deur die lewe moet gaan met die idee dat alles hopeloos is en dat daar geen moontlikhede is nie. Daarom beskou hy homself as “iets van 'n utopiese skrywer” [eie vertaling], nie 'n sosiaal-realistiese skrywer nie – hy is nie begaan daarvoor om altyd dinge te beskryf soos dit is nie, maar eerder soos hoe dit kán wees.

Tog bied McCall Smith nie 'n perfekte wêreld aan die leser van *The No.1 Ladies' Detective Agency* nie: Precious Ramotswa se eerste huwelik misluk byvoorbeeld, en haar pa sterf. Daar is dus 'n delikate balans tussen realistiese lewensituasies en humor. Hierdie balans reflekteer volgens McCall Smith die optimisme en humor wat ten spyte van dikwels moeilike lewensomstandighede in die mense van Botswana te vinde is.

Volgens Andersson & Cloete (2006:130) was McCall Smith byna verplig om Botswana as sy protagonis se vaderland te kies. In terme van sy morele filosofie sou 'n mens kon argumenteer dat hy 'n goeie vrou wou plaas in wat algemeen as 'n “goeie” land beskou word, met ekonomiese en politieke stabiliteit.

Indien hy byvoorbeeld Zimbabwe gekies het – die land waar hy grootgeword het (Frost 2004:2) en wat hy dus goed ken – sou sy hoofprotagonis, Precious Ramotswa, kwalik kon funksioneer sonder die indringing van wyer sosiopolitieke kwessies soos hongersnood, korrupsie, menseregteskendings, grondkwessies en 'n outoritêre regering. Dit is nie toevallig dat McCall Smith sy vrouespeurder in 'n grootliks landelike en vreedsame land plaas wat as die mins korrupte land in Afrika

beskou word nie: Botswana laat Precious toe om op sake van individuele morele tekortkoming te konsentreer (Andersson & Cloete 2006:130).

Die uittreksel wat vertaal is, bevat die eerste drie hoofstukke van die boek. Die eerste hoofstuk handel oor Precious Ramotswhe se totstandbrenging van haar speuragentskap en haar hantering en oplossing van een van haar speursake: 'n man het 'n paar maande vantevore by haar kliënt, Happy Bapetsi, se huis opgedaag en beweer dat hy haar lang verlore pa is. Happy het hom soos 'n getroue dogter versorg, maar dit raak nou vir haar te veel, want die man doen niks om haar in die huis te help nie en dring daarop aan om hand en voet bedien te word. Sy vermoed dat hierdie man dalk nie werklik haar pa is nie en vra Precious Ramotswhe om dit vir haar uit te vind.

Hoofstuk twee begin met 'n kort gedagtegang waar mma Ramotswhe oor haar identiteit, haar lewe en dié van haar pa reflekteer. Die res van die hoofstuk is 'n bepeinsing deur Obed Ramotswhe, Precious se pa, in die eerste persoon. Hier kyk hy terug oor sy lewe van sestig jaar – allerhande herinneringe vandat hy 'n kind was, kom by hom op. Hy vertel van sy lewe in die Johannesburgse myne, sy terugkoms na Botswana, die dood van sy vrou, en sy liefde vir sy enigste kind, Precious.

Die derde hoofstuk handel oor Precious Ramotswhe se lewe as kind, met Obed se niggie as pleegma. Vaardighede wat sy as kind bekom, lewenslesse wat sy in die Sondagskool leer, sowel as die niggie se huwelik en daaropvolgende vertrek, word beskryf. Die hoofstuk eindig met 'n beskrywing van Precious se tekentalent en die kunskompetisie wat sy wen. Dit is tydens hierdie prysuitdeling dat die leser vir die eerste keer met haar onvoorwaardelike eerlikheid te doen kry.

Die vierde hoofstuk begin waar Precious as sestienjarige die skool verlaat en later Note Mokoti, wat haar eerste man sou word, ontmoet. Haar kortstondige huwelik met Note en haar miskraam as gevolg van sy mishandeling word beskryf, asook die feit dat sy na die beëindiging van haar huwelik na haar pa terugkeer en hom vir die volgende 14 jaar versorg. Die daaropvolgende hoofstukke handel oor Precious se speuragentskap en die wyse waarop sy haar kliënte se probleme en dilemmas hanteer en oplos:

In a way she offers a guide to life and living, an emotional self-help manual clothed in the colours of detective fiction. She is not threatening as a detective, she does not inspire awe and fear, but confers confidence and inspires hope in the future. McCall


Smith has spawned a bestseller because he has written a popular psychology book, as much as he has written a mystery.

Bartlett (2003:3)

### 2.3 McCall Smith se skryfstyl

Die gereelde gebruik van spesifieke taalhandelinge, byvoorbeeld met betrekking tot puntuasie (sien 5.4.4), die gebruik van die voegwoord “so” aan die begin van sinne (sien 5.4.6 (a)), parentetiese sinne (sien 5.4.6 (b)), die gebruik van die onderskikker “dat” (sien 5.4.6 (c)) en die passiewe konstruksie (sien 5.4.6 (d)), vorm deel van McCall Smith se kenmerkende skryfstyl. Hierdie vertaler het probeer om die styl van die BT, byvoorbeeld wat spesifieke sinskonstruksies betref, so getrou moontlik in die DT weer te gee.

Kundera (1996:27) en Berman (2001:293) se sienings oor die wyse waarop skrywers se onmiskenbare persoonlike styl in die DT weergegee behoort te word, ondersteun hierdie besluit. Hulle is van mening dat dit belangrik is om die eiesoortigheid van die BT-skrywer se styl in die DT te behou. Aangesien die linguistiese patrone wat deur die skrywer se spesifieke tipe sinne en sinskonstruksies gevorm word, volgens hulle 'n inherente deel van die BT uitmaak, behoort die vertaler dit dus in die DT te behou, in plaas daarvan om algemene taalkonvensies as riglyne te gebruik om die DT “glad te stryk”.



McCall Smith gebruik byvoorbeeld opvallend baie kommas, ook op plekke waar dit nie nodig is om verwarring te voorkom nie. Hierdie onderbrokenheid in die BT-sinne vertraag as't ware die leestempo, sodat die tydloosheid en stadige pas in Precious Ramotswe se Botswana op 'n implisiete wyse na die BT oorgedra word (sien 5.4.4).

Om reg te laat geskied aan die kenmerkende stilistiese eienskappe van McCall Smith, het egter soms uitdagings aan die vertaler gebied, aangesien hierdie patrone nie altyd met die algemene taalkonvensies van die doeltaal strook nie. In sulke probleemgevalle was dit die skopos van die vertaling (sien 3.2) wat die riglyn verskaf het, naamlik om 'n DT te produseer wat so getrou moontlik aan die oorspronklike is, maar met inagneming van die kennis, agtergrond en behoeftes van die beoogde teikenlesers. Voorbeelde van vertaalprobleme wat op McCall Smith se kenmerkende skryfstyl betrekking het, sowel as die wyse waarop dit hanteer is, word in detail in hoofstuk vyf bespreek.

'n Ander aspek wat in *The No.1 Ladies' Detective Agency* na vore kom, is die baie spesifieke herhaling van sekere beelde dwarsdeur die boek. Deur dit te doen, word die boodskap aan die leser oorgedra dat hierdie beelde 'n besondere waarde het waaraan hy/sy aandag moet gee. 'n Voorbeeld hiervan is die herhaling van die frase "tiny white van". Volgens McCall Smith (2006) self is die rede vir die herhaling van hierdie frase dwarsdeur die boek – en reeks – die feit dat die "tiny white van" eintlik "nie net 'n voertuig [is] nie, maar 'n karakter in eie reg" [eie vertaling].

In sulke gevalle, waar 'n spesifieke beeld dikwels herhaal word, is die wyse waarop die vertaler hierdie beeld in die DT herskep, uiters belangrik. Indien daar nie voldoende aandag aan die herskepping daarvan gegee word nie, kan dit tot "kwalitatiewe verarming" (Berman 2001:291) lei, met die gevolg dat die beeld 'n mate van sy "ikoniese" rykheid verloor.

## 2.4 Eienskappe van die teikenlesers

Being culture-bound linguistic signs, both the source text and the target text are determined by the communicative situation in which they serve to convey a message.

Nord (1991:7)

*The No.1 Ladies' Detective Agency* bevat verskeie kultuurspesifieke woorde en begrippe, wat verreikende implikasies vir vertaling kan inhou. Voordat hierdie vertaler dus kon begin vertaal, moes sy weet vir wie die BT bedoel is en in watter mate hierdie teikengroep ooreenstem met die beoogde DT-lesers.

Hierdie inligting is belangrik vir die vertaler, omdat sy 'n kennis van sekere feite, die herinnering aan sekere ervarings, spesifieke menings en vooroordele, en 'n sekere vlak van linguïstiese vaardigheid aan hierdie lesers toeskryf (James 2002:4). Daar moet ook nie vergeet word nie dat die mate waarin die vertaler self deur hierdie faktore beïnvloed word, afhang van haar verbondenheid aan 'n spesifieke sosio-kulturele groep.

Die agtergrond en milieu van *The No.1 Ladies' Detective Agency* is veel nader aan Suid-Afrikaanse lesers as aan die oorspronklike oorsese teikengroep. Die rede hiervoor is dat die tekswêreld en die Afrikaanse DT-leser 'n sekere kulturele agtergrond, kennis van en persoonlike kontak met Afrika gemeen het, aangesien Botswana 'n buurland van Suid-Afrika is. Dit het tot gevolg dat sommige kulturele

aspekte wat in die tekswêreld voorkom en waarskynlik vir die meeste oorsese lesers (byvoorbeeld in Noord-Amerika en die Verenigde Koninkryk) onbekende konsepte is, wel aan Afrikaanse lesers bekend sal wees.

Al is die DT-leser dus van dieselfde ouderdom, geslag en sosiale agtergrond en op dieselfde akademiese, professionele en intellektuele vlak as die oorspronklike BT-leser, verskil sy/haar kulturele kennis aansienlik van dié van die BT-leser, omdat hulle aan verskillende linguïstiese en kulturele gemeenskappe behoort (James 2002:5 & Nord 1991:24).

Na aanleiding van James (2002:4) se ontleding van die “ideale leser” kan die volgende gevolgtrekkings oor die “ideale lesers” van die Afrikaanse vertaling van *The No.1 Ladies’ Detective Agency* gemaak word:

**Agtergrondkennis:** Die vertaler veronderstel dat lesers ’n basiese kennis van die kultuur van sommige swart bevolkingsgroepe in Suid-Afrika het, indien nie van die Batswana (die inwoners van Botswana) self nie. Verder is die lesers bewus van die verhouding tussen swart en wit mense tydens die apartheidsjare – die tyd toe Obed in die Johannesburgse myne gewerk het – en die gebrek aan status en mag van die swart mense.

**Herinnering aan sekere ervarings:** Die veronderstelde lesers van die Afrikaanse boek het (in sommige gevalle daaglikse) persoonlike kontak met swart kultuurgroepe in Suid-Afrika, hoewel nie spesifiek met Batswana nie. Dit kan dus gebeur dat lesers die optrede van Batswana soos Precious Ramotswe aan dié van plaaslike swart bevolkingsgroepe koppel. In sulke gevalle sal lesers byvoorbeeld die karakters se optrede, asook die redes daarvoor, in ’n groot mate met bekende gebeure of situasies in die werklikheid verbind. In hierdie opsig moet ’n mens onthou dat die DT-leser se ervaring van ’n sosiale situasie nie noodwendig met dié van die BT-leser sal ooreenstem nie.

**Sekere menings, voorkeure en vooroordele:** Die meeste lesers het wel sekere vooroordele ten opsigte van swart kultuurgroepe, dikwels gebaseer op stereotipering. Dit sal beslis ’n rol speel ten opsigte van die wyse waarop hulle die boek lees en interpreteer.

**’n Sekere mate van linguïstiese vaardigheid:** Die teikenlesers van die Afrikaanse vertaling van *The No.1 Ladies’ Detective Agency* kan moontlik vergelyk word met Newmark (2003:13) se “opgevoede, middelklasleserskring”. Met “opgevoede” word daar in hierdie konteks bedoel dat lesers die vlak van linguïstiese vaardigheid bereik



het waar hulle die boek gemaklik sal kan lees en verstaan. Dit sluit wit en bruin lesers in.

Volgens Newmark (2003:13) is dit ook belangrik om oor die ouderdom en geslag van die teikenlesers te besin. Ouderdom speel egter nie werklik in hierdie geval 'n rol nie, aangesien die BT by mense van alle ouderdomme gewild is. Hoewel die lesers van beide die BT en DT beslis nie tot vroue beperk is nie, spreek hierdie boek moontlik in 'n effens groter mate tot vroue, aangesien dit oor die doen en late van 'n vroulike privaat speurder gaan en die verhoudings tussen verskillende karakters, eerder as handeling, 'n groot rol speel in die ontwikkeling van die teks.

'n Aspek wat met enige vertaling aandag behoort te geniet, is die mate waarin die vertaler in die DT sigbaar behoort te wees wanneer die eienskappe van die teikenlesers in ag geneem word, sodat daar verseker kan word dat hierdie lesers nie vervreem sal word nie. Voordat daar met die vertaling van *The No.1 Ladies Detective Agency* begin is, moes hierdie vertaler byvoorbeeld die vraag vra of dit hoegenaamd wenslik was dat DT-lesers moes weet dat hulle 'n vertaling lees en nie 'n oorspronklike teks nie.

Volgens Venuti (2001:482) behels vertaling dat daar vir die vreemde teks 'n nuwe lesersgroep geskep word wat bewus is van die feit dat hulle belangstelling in die vertaling deur ander lesers – plaaslik en in ander lande – gedeel word. Venuti is 'n sterk voorstander van die sigbaarheid van 'n vertaler in die DT – volgens hom moet die lesers weet dat hulle 'n vertaalde teks lees (sien 3.4).

'n Vertaler se sigbaarheid in 'n vertaling kan verhoog word deur byvoorbeeld voetnote, 'n woordelys en/of 'n voor- of nawoord in die DT by te voeg, en deur kultuurspesifieke begrippe in die brontaal te behou. Die faktore wat hierdie vertaler oorweeg het voordat daar besluit is wat die mees gepaste maniere sou wees om die vertaler se sigbaarheid te verhoog, word vervolgens kortliks bespreek.

Hoewel hierdie vertaler hoofsaaklik 'n vervreemdende benadering (sien 3.4) gebruik het en die stilistiese eienskappe van die BT sover moontlik in die DT probeer behou het, is daar teen voetnote of 'n woordelys besluit om onbekende begrippe aan lesers te verduidelik. Die rede hiervoor is dat voetnote in 'n literêre teks soos *The No.1 Ladies' Detective Agency* steurend is en dat die getal woorde wat moontlik verduidelik sou kon word, nie werklik 'n woordelys regverdig nie, omdat die betekenis



daarvan meestal vanuit die konteks duidelik word. In die geval van sekere onbekende begrippe soos “galerye” (A:50 par. 107) is daar eerder ’n kort verduideliking in die DT bygevoeg.

Hierdie vertaler is van mening dat die insluiting van ’n voor- of nawoord in die vertaling van die boek *The No.1 Ladies’ Detective Agency* egter gepas sou wees, aangesien dit ’n ruimte sou verskaf waarin daar onder andere aan lesers bekend gemaak kan word waarom daar besluit is om die boek in Afrikaans te vertaal, asook dat die boek reeds in 36 ander tale vertaal is. Die vervreemdende benadering wat die vertaler gevolg het, sou ook kortliks aan lesers verduidelik kon word.

Verder het die behoud van die Tswana of Engelse name van karakters en instansies in die DT tot gevolg dat lesers wel sal besef dat hulle ’n vertaalde teks lees. Volgens hierdie vertaler is dit egter nie soseer die feit dat hulle ’n *vertaling* lees wat lesers kan vervreem nie, maar eerder die aanwesigheid van steurende elemente in ’n vertaalde teks, byvoorbeeld voetnote of onbekende begrippe wat nie verduidelik word óf vanuit die konteks verklaar word nie.

## 2.5 Slot

Nord (1997b:124) se etiese konsep *lojaliteit* (sien 3.2) dui op die morele verantwoordelikheid wat die vertaler teenoor beide die BT-skrywer en DT-lesers het. Dit is veral van belang wanneer daar konflik bestaan tussen die bedoeling van die BT-skrywer en die verwagtinge van die DT-lesers, wie se agtergrond, sosiale situasie en ander eienskappe dikwels ver verwyder is van dié van die BT-skrywer en -lesers.

Deur die strategie van vervreemding is sekere kulturele elemente in *The No.1 Ladies’ Detective Agency* byvoorbeeld in die vertaling behou om die DT-leser as’t ware na Botswana te neem. Tog was dit soms nodig om addisionele inligting in die vorm van ’n kort verduideliking in die DT by te voeg om te voorkom dat onbekende begrippe die DT-leser sal vervreem. Hoewel die teikenlesers dus te alle tye in gedagte gehou is, het hierdie vertaler alles in haar vermoë gedoen om nie toe te laat dat daar afbreuk gedoen word aan McCall Smith se kenmerkende stilistiese styl en die linguistiese verskeidenheid in die BT nie.

### 3. LITERATUURSTUDIE

#### 3.1 Inleiding

Die hoofstuk handel oor sleutelkonsepte in die vertaalteorie wat betrekking het op hierdie studie. Vermeer se skoposteorie, vertaling as interkulturele kommunikasie, Venuti se vervreemdende benadering, die sigbaarheid van die vertaler, en Steiner se hermeneutiese teorie is van die teoretiese aspekte wat bespreek word. Hierdie beginsels word deurgaans op die praktiese vertaling van *The No.1 Ladies' Detective Agency* van toepassing gemaak.

#### 3.2 Die skoposteorie

Vermeer (2001:221) beskou enige vorm van vertaling as 'n spesifieke tipe kommunikasiehandeling, wat soos enige ander handeling 'n bepaalde doel of mikpunt het. Hy inisieer die Griekse woord "skopos", wat "doel", "doelwit" of "funksie" beteken, in die laat 1970's as 'n tegniese term vir hierdie doel wat elke vertaling het.

Vermeer (2001:224) maak dit egter duidelik dat dit eintlik meer akkuraat is om te sê dat 'n doel (skopos) aan 'n handeling *toegeskryf* word. Hieruit volg dat verskillende persone, byvoorbeeld die skrywer en leser van dieselfde teks, verskillende konsepte van die skopos van 'n bepaalde handeling kan hê. Verder is 'n skrywer volgens Vermeer (2001:225) nie noodwendig bewus van die teks se skopos of funksie op die oomblik wanneer dit geskryf word nie. Dit het veral betrekking op literêre tekste.

Volgens die skoposteorie is die skopos van die vertaalhandeling die mees bepalende faktor in enige vertaalproses (Nord 1997b:27). Die skoposkonsep kan egter volgens Vermeer (2001:224) na drie aspekte van vertaling verwys: die vertaalproses (met verwysing na die doel van hierdie proses), die resultaat van vertaling (met verwysing na die funksie van die DT), of die vertaalmetode (met verwysing na die bedoeling van hierdie metode).

Enige handeling veronderstel die bestaan van 'n vrye wil en 'n keuse tussen minstens twee moontlike tipes gedrag (Nord 1997b:27). Een vorm van gedrag is egter altyd meer toepaslik as die ander om die beoogde skopos te bereik. Daarom is 'n noukeurige spesifisering van die voorgenome doel of funksie van die DT vir die vertaler uiters belangrik, aangesien dit sal bepaal wat die mees toepaslike

vertaalmetodes en -strategieë sal wees. Dit sal byvoorbeeld ook bepaal watter aspekte van die BT na die DT oorgedra moet word.

Die vertaler, as deskundige, moet egter bewus wees van die moontlike gevolge van enige vertaalhandeling, byvoorbeeld die effek wat 'n teks wat op 'n spesifieke manier geskep is, op die doelkultuur sal hê en hoeveel dit sal verskil van die BT se effek op die bronkultuur. Daarom behoort 'n vertaler altyd in staat te wees om te verduidelik *waarom* hy/sy 'n sekere vertaalhandeling bo 'n ander gekies het. Volgens Vermeer kan redes vir 'n bepaalde handeling altyd aan die hand van 'n doelwit of skopos geformuleer word (Vermeer 2001:223). Wanneer 'n vertaler 'n vertaalhandeling met 'n noukeurig gespesifiseerde skopos voor oë benader, sal dit verhoed dat hy/sy toegee aan allerhande skielike ingewings, omdat hy/sy elke vertaalkwessie aan die hand van die skopos as maatstaf kan beoordeel.

'n Gegewe BT kan dus meer as een “goeie” of “korrekte” vertaling hê, afhangend van die skopos van die beoogde DT (Vermeer 2001:228). Die debat oor letterlike versus vrye vertaling, of vertaling versus verwerking, word dus oorbodig, aangesien alle vorme van vertaling, insluitend verwerkings soos opsommings of omskrywings, ewe geldig kan wees, afhangend van die skopos van die DT:

The two concepts [skopos and commission] also serve to relativize a viewpoint that has often been seen as the only valid one: that a source text should be translated “as literally as possible”.

*Pectora roburant cultus recti*

Vermeer (2001:231)

Volgens Vermeer is letterlike vertaling dus nie noodwendig 'n vereiste vir 'n “goeie” of “korrekte” vertaling nie, aangesien die “korrektheid” van 'n vertaling slegs aan die hand van die voorafbepaalde skopos van die DT gemeet behoort te word.

Hierdie siening vorm 'n direkte teenstelling met dié van Nabokov, wat die term “letterlike vertaling” as tautologies beskou, aangesien enigiets anders volgens hom nie werklik 'n vertaling is nie, maar eerder 'n nabootsing, aanpassing of parodie (Nabokov 2001:77). (Hierdie siening van Nabokov het moontlik spesifiek op literêre vertaling betrekking.)

Hierdie vertaler is egter van mening dat letterlike vertaling nie die verstek-opsie behoort te wees nie, aangesien die doelwitte of skopoi van verskillende vertaalopdragte nie altyd daardeur bereik kan word nie. Hierdie vertaler se beskouing van wat 'n “goeie” vertaling is, sluit eerder aan by Vermeer se siening: die

skopos van die vertaling en die eienskappe van die beoogde teikenlesers is volgens haar die mees bepalende faktore wat die vorm en aard van enige vertaling bepaal. Hieruit volg natuurlik dat 'n letterlike vertaling wel soms die aangewese tipe vertaling kan wees, afhangend van die skopos van die beoogde DT.

Volgens Nord (1997b:124) kan die hoofidee van die skoposteorie geparafraseer word as “die doel van die vertaling regverdig die vertaalwerkwyse”, wat aanvaarbaar is solank die doel van die vertaling ooreenkom met die kommunikatiewe bedoelings van die oorspronklike skrywer. Wanneer die vertaalopdrag egter 'n vertaling vereis waar die kommunikatiewe doel onversoenbaar is met die skrywer se mening of bedoeling, kan dit probleme veroorsaak. In so 'n geval kan die skoposreël maklik geïnterpreteer word as “die doel heilig die middele”, wat tot 'n oneindige aantal moontlikhede kan lei.

Daarom voeg Nord die etiese konsep “lojaliteit” by die skoposteorie. Lojaliteit dui op die vertaler se morele verantwoordelikheid teenoor beide die BT-skrywer en die DT-lesers, veral wanneer daar konflik is tussen die vereistes van die inisieerder se opdrag, die verwagtinge van die teikenlesers en/of die oorspronklike bedoeling van die BT-skrywer.

'n Vertaler wat volgens die skoposteorie werk, het dus nie oordrewe “vryheid” – en onverantwoordelikheid – ten opsigte van die BT en sy oppervlakstruktuur nie, maar moet sy/haar vryheid gebruik om 'n DT te produseer wat volgens hom/haar voldoende sal wees om die beoogde skopos te bereik en aan die verwagtinge van die teikenlesers te voldoen (Vermeer, 1998:54). Hierdie benadering beklemtoon die rol van die vertaler as 'n deskundige in interlinguistiese en interkulturele kommunikasie en gee daardeur aan hom/haar 'n hoër status, wat weer van hom/haar vereis om verantwoordelikheid vir sy/haar produk te aanvaar.

Een van die belangrikste faktore in die skopos van 'n kommunikatiewe handeling soos vertaling is die beoogde lesers van die DT met hulle spesifieke kommunikatiewe behoeftes (Nord 1997a:46). Die eienskappe, kennis en agtergrond van hierdie lesers het 'n bepalende invloed op die wyse waarop die vertaler tydens die vertaalproses probleme hanteer en oplos.

Wat die skopos van die Afrikaanse vertaling van *The No.1 Ladies' Detective Agency* betref, wou hierdie vertaler 'n DT produseer wat so getrou moontlik aan die

oorspronklike is, deur in Nabokov (2001:77) se woorde “die hele teks, en niks meer of minder nie, met absolute akkuraatheid te reprodukeer” [eie vertaling], maar met inagneming van die kennis, agtergrond en behoeftes van die beoogde teikenlesers. Die rede vir hierdie vertaler se besluit om Nabokov se siening van vertaling in die skopos te inkorporeer, is dat sy deur middel van ’n getroue vertaling McCall Smith se unieke persoonlike styl in die DT wou weergee om sodoende die “Afrika-atmosfeer” wat met behulp van bepaalde linguistiese patrone in die BT vasgevang is, te behou (sien 2.3).

Die tweede deel van die skopos, naamlik dat die eienskappe van die DT-lesers deurlopend in gedagte gehou moes word, byvoorbeeld wat hulle algemene kennis en kulturele agtergrond betref, het meegebring dat die vertaler spesiale aandag aan kultuurspesifieke faktore in die BT moes gee (Nord 1997a:45). Vertaling as interkulturele oordrag word vervolgens bespreek.

### **3.3 Vertaling as interkulturele oordrag**

#### **3.3.1 Definisie van kultuur**

Volgens Katan (1999:17) hou definisies van kultuur verband met eksterne sowel as interne faktore. Met eksterne faktore verwys hy na gedrag (byvoorbeeld taal, gebare en gewoontes) en produkte (byvoorbeeld literatuur, folklore, kuns en musiek), terwyl interne faktore na idees (byvoorbeeld oortuigings en waardes) verwys. Elkeen van hierdie aspekte is met mekaar verbind om ’n verenigde konteks van kultuur te vorm wat ’n persoon en sy/haar kultuur identifiseer.

Newmark (2003:94) definieer kultuur meer spesifiek as die unieke leefwyse van ’n gemeenskap wat ’n spesifieke taal as uitdrukkingsmiddel gebruik. Hierdeur gee hy te kenne dat elke taalgroep sy eie kultuurspesifieke eienskappe het.

Newmark (2003:95) beskou taal egter nie as ’n operasionele komponent of eienskap van kultuur nie, omdat dit volgens hom sou impliseer dat dit onmoontlik is om te vertaal. Hierdie standpunt vorm ’n direkte teenstelling met Vermeer se siening, naamlik dat taal ’n deel van kultuur is (James 2002:2). Vermeer (in Nord 1997b:33) definieer kultuur as die volledige stelsel van norme en konvensies, insluitend taal, wat ’n individu as lid van sy/haar gemeenskap moet ken om “soos die ander” te wees, of om in staat te wees om anders te wees. Ook Nord beskou taal as ’n

intrinsieke deel van kultuur (Nord 1997a:44). Volgens haar kan taalgebruikers nie anders nie as om op 'n kultuurspesifieke manier op te tree.

### 3.3.2 Vertaling as interkulturele kommunikasie

Volgens Snell-Hornby (1988:39-40) is die vertaalproses 'n interkulturele oordrag wat nie bloot tussen twee tale plaasvind nie, maar tussen twee kulture, aangesien die BT en DT elkeen geanker is in 'n kommunikatiewe situasie in hulle onderskeie kulture. Die vertaler kom dus dikwels voor die probleem te staan van hoe om die kulturele aspekte te hanteer wat implisiet in 'n BT is (in hierdie geval die tekswêreld in *The No.1 Ladies' Detective Agency*) en om die mees geskikte tegniek te kies om hierdie aspekte suksesvol na die DT oor te dra. Die probleme wat die vertaler in hierdie verband moet oplos, hang af van die kulturele en linguistiese afstand tussen die betrokke twee tale (James 2002:1).

Ten spyte van die verskille in mening of taal 'n deel van kultuur is of nie, is dit duidelik dat hierdie twee begrippe nie van mekaar geskei kan word nie en dat albei aspekte tydens vertaling 'n belangrike rol speel. Die vertaler moet byvoorbeeld kulturele verskille tussen die BT- en DT-lesers met betrekking tot gedrag en kommunikatiewe situasies in ag neem (Vermeer in Nord 1997b:33) om dit moontlik te maak vir die vreemde teks (BT) om in die doelkultuur ontvang te word.



Die (buitelandse) bronkultuur en die tekswêreld van *The No.1 Ladies' Detective Agency* is egter eintlik verder verwyder as wat die geval is met die doelkultuur en die tekswêreld. Daarom moet die vertaler in gedagte hou dat die oorspronklike BT-leser, byvoorbeeld in Engeland, sommige aspekte van die Botswana-kultuur waarskynlik nie volledig sal kan begryp nie (sien James 2002:5), terwyl die DT-leser binne die diverse Suid-Afrikaanse kultuur moontlik in 'n groter mate daartoe in staat sal wees.

'n Voorbeeld hiervan is die dinamietskieter se raad aan Obed Ramotswe wanneer laasgenoemde huis toe wil gaan (E:24 par. 116): "Go back and give her [your wife] more children." Buitelandse BT-lesers kan hierdie woorde moontlik as seksisties beskou, maar iemand wat bekend is met die Afrika-kultuur van daardie tyd, sal weet dat dit in 'n positiewe gees bedoel word – en dat beide Obed én sy vrou dit in daardie lig sal sien.

Dit is dus belangrik dat die vertaler nie net die leksikale impak op die DT-leser in gedagte moet hou wanneer hy/sy tydens vertaling belangrike besluite moet neem nie, maar ook die wyse waarop die DT-leser moontlik kulturele aspekte sal verstaan (James 2002:2), asook die feit dat die persepsies van die BT- en DT-lesers in hierdie verband vanweë hulle verskillende kulturele agtergronde sal verskil. Die vertaler moet ook onthou dat hoewel die gemiddelde Suid-Afrikaanse leser moontlik 'n beter persepsie van die lewe in Botswana het as die gemiddelde leser in byvoorbeeld Engeland, daardie persepsie nie noodwendig volledig of akkuraat is nie, veral indien daardie leser nog nooit in Botswana was nie.

Dit sluit aan by Venuti (2001:473) se siening dat 'n DT-leser se begrip van kulturele aspekte uit die bronkultuur (in hierdie geval die tekswêreld) altyd gedeeltelik en onvolledig sal wees, en noodwendig sal oorhel na sy/haar plaaslike omgewing en omstandighede.

Tydens die vertaling van 'n boek soos *The No.1 Ladies' Detective Agency* het die vertaler dus nie net probleme van 'n leksikale of linguistiese aard nie, maar ook van 'n meer fundamentele aard: die begrip van 'n sosiale, ekonomiese, politieke en kulturele Suid-Afrikaanse konteks (veral in vergelyking met die konteks van die tekswêreld), sowel as konnotatiewe aspekte van 'n meer semantiese aard.

### 3.3.3 Die rol van die vertaler



Translation is a process by which the chain of signifiers that constitutes the source-language text is replaced by a chain of signifiers in the target language which the translator provides on the strength of an interpretation.

Venuti (1995:17)

Die vertaler is nie net die ontvanger van die BT nie, maar ook die produsent van die DT. Verder maak Venuti (2001:470) dit duidelik dat die boodskap in die BT altyd deur die vertaler geïnterpreteer en in die DT herskep word, veral in literêre tekste. Dit stem ooreen met Vermeer (1998:44) se siening dat 'n vertaler nie soseer 'n teks vertaal nie as sy/haar *interpretasie* van 'n teks.

Die vertaler se interpretasie van konsepte in die BT het dus 'n belangrike invloed op die vertaalproses, aangesien hy/sy elke BT-element nagaan om vas te stel of dit die beoogde kommunikatiewe funksie van die DT sal kan vervul soos dit is en of dit



aangepas moet word (Nord 1991:17). 'n Voorbeeld hiervan in *The No.1 Ladies' Detective Agency* is die gebruik van die woord “kopje” in die BT (E:25 par. 118). Hoewel Afrikaanse lesers nie probleme sal ondervind om te weet wat daarmee bedoel word nie, sal die woord onnodig aandag trek indien dit net so in die DT oorgeneem sou word, aangesien dit 'n verouderde vorm van “koppie” is wat in elk geval nie enige besondere semantiese waarde in die BT het nie. Hierdie vertaler het gevolglik eerder die woord “koppie” in die DT gebruik.

Die vertaler kan dus as 'n kulturele bemiddelaar (*mediator*) beskou word (Katan 1999:12). Volgens Katan is 'n kulturele bemiddelaar 'n persoon wat kommunikasie, begrip en handeling fasiliteer tussen persone of groepe wat verskil ten opsigte van taal en kultuur. Hierdie holistiese benadering tot vertaling impliseer dat die vertaler as kulturele bemiddelaar beide die teks en die konteks – met ander woorde die woorde én die geïmpliseerde verwysingsraamwerk – in ag moet neem.

Dit is duidelik dat die vertaler deeglike navorsing moet doen oor kulturele konsepte wat in die BT voorkom om sodoende te verseker dat hy/sy altyd die korrekte vertaalekwivalent in die DT gebruik. Dit sluit aan by Nabokov (2001:78) se stelling dat onkunde een van die grootste probleme van aspirantvertalers is. Onkunde kan byvoorbeeld in *The No.1 Ladies' Detective Agency* daartoe lei dat “hills” (E:15 par. 84) verkeerd met “heuwels” in plaas van “koppies” vertaal word. Daarom was dit uiters belangrik dat die vertaler akkurate inligting oor verskeie relevante onderwerpe moes bekom, byvoorbeeld die geografie en geskiedenis van Botswana, mynbou, Tswana aanspreekvorme en verpleegkundige range.

Dit is ook belangrik dat die vertaler bewus moet wees van die invloed wat sy/haar eie opvoeding, opleiding, kennis, voorkeure en oortuigings het op die wyse waarop hy/sy 'n spesifieke vertaalopdrag benader en uitvoer. Hierdie eienskappe dra by tot die ontwikkeling van die vertaler se individuele persoonlikheid, wat uiteindelik die vertaalproses beperk, definieer en fasiliteer (Holman & Boase-Beier 1999:8-9):

The translator is always in the text, for the text always has to pass through the translator who is ever present as the constraining and enabling filter.

Net soos die oorspronklike skrywer, het die vertaler ook hiërargieë van doelwitte en agendas – bewus of onbewus – wat die DT as herskepte BT op verskillende maniere sal beïnvloed (Holman & Boase-Beier 1999:9).



Dit is dus duidelik dat enige vertaling slegs *een* moontlikheid is wat aan die hand van sekere kulturele aannames en interpretasies wat die vertaler gevorm het, binne 'n spesifieke sosiale situasie tot stand kom.

### 3.3.4 Oordrag en komponensiële ontleding

Wat die vertaling van kultuurspesifieke woorde en begrippe betref, stel Newmark (2003:96) twee teenstellende strategieë voor, naamlik oordrag (*transference*) en komponensiële ontleding (*componential analysis*).

Volgens Newmark (2003:96) gee oordrag “plaaslike kleur en atmosfeer”, deurdat kulturele name en konsepte behou word. In ooreenstemming hiermee word die name van karakters byvoorbeeld in die Afrikaanse vertaling van *The No.1 Ladies' Detective Agency* met die Engelse of Tswana spelwyse behou (“Happy Bapetsi”, “Precious Ramotswa”, ensovoorts). Dieselfde geld die aanspreekvorme “mme”, “mma” en “rra”.

Hierdie metode kan wel in sommige gevalle vir die algemene leserskring probleme veroorsaak, deurdat dit hulle begrip van sekere kulturele aspekte beperk en kommunikasie kan verhinder. 'n Voorbeeld hiervan (hoewel dit meer met oordrag vanaf die tekswêreld self verband hou) is die gebruik van die woord “molope” (E:14 par. 81) in plaas van die meer algemene “long-tailed widow”. Indien “molope” in isolasie gebruik sou word, sou die leser nie geweet het wat daarmee bedoel word nie. McCall Smith voeg egter 'n beskrywing by (“the fluttering molopes, with their long, trailing tail-feathers”), wat die probleem in 'n groot mate oplos, omdat dit die BT-leser 'n goeie idee gee van wat met “molope” bedoel word terwyl die “atmosfeer” van Botswana steeds vasgevang word deur die gebruik van die Setswana naam vir 'n langstertflap.

As teenpool vir oordrag stel Newmark (2003:83) ook komponensiële ontleding voor, wat hy as die mees akkurate vertaalproses beskryf. Komponensiële ontleding verwyder die “kultuur” uit 'n kulturele woord en lig die boodskap daarvan uit. Hierdie proses is volgens Newmark (2003:123) 'n buigsame, maar ordelike metode om die talryke leksikale leemtes – linguisties en kultureel – tussen twee tale te oorbrug. Wanneer hierdie metode gereeld toegepas word, kan dit egter daartoe lei dat die kulturele “kleur” in die teks as geheel uiteindelik verlore gaan, byvoorbeeld wanneer

kulturele metafore wat in die BT voorkom, in die DT verduidelik word in plaas daarvan om die beeld te behou.

Hierdie vertaler het dit egter nie nodig gevind om komponensiële ontleding in die vertaling van *The No.1 Ladies' Detective Agency* te gebruik nie, omdat die tekswêreld vir die DT-leser geensins vreemder is as vir die oorspronklike BT-leser (byvoorbeeld in Engeland) nie. Die skrywer het reeds in sommige gevalle 'n tipe komponensiële ontleding toegepas, byvoorbeeld waar hy nie die woord "lobola", wat vir die meeste BT-lesers 'n onbekende konsep is, gebruik nie (E:16 par. 85), maar eerder 'n kort omskrywing daarvan verskaf. Omdat "lobola" egter vir die meeste DT-lesers 'n bekende begrip is, het die vertaler hierdie term gebruik in plaas van die omskrywing soos in die BT, en daardeur die proses van komponensiële ontleding eintlik omgekeer.

### 3.4 Vervreemding, domestikering en die sigbaarheid van die vertaler

Volgens Schleiermacher (in Venuti 1995:19) is daar slegs twee verskillende metodes van vertaling: óf die vertaler laat die skrywer so ver moontlik in vrede en verplaas die leser na die skrywer toe, óf hy/sy laat die leser so ver moontlik in vrede en verplaas die skrywer na die leser toe. Na aanleiding van hierdie argument onderskei Venuti tussen twee benaderings in vertaling, naamlik vervreemding (*foreignization*) en domestikering.

Wanneer vertaling volgens 'n vervreemdende benadering gedoen word, is die leser bewus daarvan dat hy/sy 'n vertaalde teks uit 'n vreemde kultuur lees, aangesien die kulturele andersheid van die BT in die DT weergegee word. Newmark (2003:96) se strategie van oordrag sluit dus aan by vervreemding, hoewel eersgenoemde hoofsaaklik betrekking het op die oordrag van leksikale items, en Venuti se konsep van vervreemding veel meer behels, onder andere sintaktiese patrone en metafoorgebruik.

Omdat die tekswêreld van *The No.1 Ladies' Detective Agency* drasties verskil van die leefwêreld van die buitelandse BT-leser, het McCall Smith eintlik self reeds 'n mate van "vervreemding" toegepas deur woorde soos "molope", "dumela" en "mma" te gebruik. Soos reeds genoem, is sommige van hierdie begrippe egter bekender aan die beoogde DT-leser as aan die oorspronklike BT-leser. Daarom word die DT tydens vertaling nie soseer van die "Engelse" BT-kultuur vervreem nie as dat die

vertaler dieselfde benadering as dié van die skrywer toepas, naamlik om waar moontlik die leser te laat beseft dat hy/sy 'n teks lees wat in 'n ander land en kultuur afspeel.

Dieselfde geld die skrywer se gebruik van parentetiese sinne en soms byna ooreenvoegde sinskonstruksies en woordkeuses, wat doelbewus gebruik word om die rustigheid en eenvoud van die lewe in Precious Ramotswa se Botswana op 'n implisiete wyse aan die leser oor te dra, hoewel hierdie gebruik van die Engelse taal vir sommige BT-lesers vreemd kan voorkom.

Volgens Venuti (1995:20) behels vervreemdende vertaling die produksie van 'n DT wat doelbewus teen die konvensies van die doeltaal en/of -kultuur indruis deur iets van die vreemdheid van die oorspronklike teks te behou. Hy noem hierdie benadering ook “weerstand” (*resistancy*) – 'n nie-vloeiende of vervreemdende vertaalstyl wat daarop gerig is om die teenwoordigheid van die vertaler sigbaar te maak deur die vreemde identiteit van die BT te beklemtoon.

Daar moet in gedagte gehou word dat Venuti hier spesifiek verwys na vertaling in Engels. Volgens hom word die hedendaagse Anglo-Amerikaanse kultuur deur domestikerende teorieë, wat vloeiende vertaling voorstaan, oorheers (Venuti 1995:21), met die gevolg dat tekste wat uit byvoorbeeld Europese of Oosterse tale vertaal word, as't ware van hulle kulturele identiteit gestroop word. Volgens Venuti behoort 'n vertaling juis die plek te wees waar die leser 'n kulturele andersheid te sien kry, en daardie andersheid kan volgens hom die beste behou word deur 'n “strategie van weerstand” teen domestikering toe te pas (Venuti 1995:305-6).

Die vervreemding wat tydens die vertaling van *The No.1 Ladies' Detective Agency* toegepas word, is egter nie heeltemal dieselfde as die “weerstand” wat Venuti in gedagte het nie, aangesien vertaling hier uit Engels in Afrikaans plaasvind en die proses dus eintlik omgekeer is. Boonop word die DT nie soseer van die buitelandse bronkultuur vervreem nie, maar eerder van die tekswêreld (Botswana) self. Tog kan die algemene beginsels van Venuti se konsep van vervreemding volgens hierdie vertaler op die betrokke vertaling van toepassing gemaak word om die DT-leser daarvan bewus te maak dat hy/sy 'n boek lees wat in 'n vreemde land en kultuur afspeel.

In teenstelling met vervreemding, behels domestikering dat vertaling volgens 'n vloeiende, "onsigbare" styl gedoen word om die vreemdheid van die DT vir die teikenleser te minimiseer (Venuti 1995:21). Kulturele elemente word byvoorbeeld dikwels in so 'n geval uit die DT weggelaat of deur kultureel neutrale begrippe vervang om die teks so "leesbaar" moontlik te maak vir die DT-leser. Domestikering behels ook soms dat die BT aangepas word om beter by die DT-kultuur in te pas.

Volgens Venuti (1995:21) doen 'n vloeiende vertaling dit voor as ware semantiese ekwivalensie deur die illusie van deursigtigheid te verskaf, terwyl dit eintlik 'n gedeeltelike interpretasie in die vreemde teks inskryf. Daardeur word die andersheid wat die vertaling juis moet oordra, verminder of eenvoudig buite rekening gelaat.

Hoewel Venuti (2001:148) 'n sterk voorstander van vervreemding in vertaling is, is hy bewus van die teenstrydighede in hierdie strategie, aangesien dit 'n subjektiewe en relatiewe konsep is wat steeds 'n mate van domestikering behels. Enige kommunikatiewe interaksie – ook vertaling – kan immers net suksesvol wees as die ontvangers (met ander woorde die DT-lesers) dit as voldoende koherent met hulle eie situasie, wat hulle kulturele agtergrond insluit, interpreteer (Nord 1997b:32).

Volgens Nabokov, wat aanvanklik 'n domestikerende benadering verkies het, maar later 'n sterk voorstander van vervreemding geword het, word die uniekheid van die oorspronklike teks tydens domestikering as 'n vreemde nabootsing voorgestel, deurdat die oorspronklike kunstenaar se stem deur die vals stem van 'n "nabootser" vervang word (Coates 1999:96). Dit lei daartoe dat flou vertalings in die plek van briljante oorspronklike werk aangebied word. Nabokov is van mening dat dit dikwels juis die unieke stilistiese eienskappe van 'n werk is wat waarde gee daaraan – iets wat verlore gaan indien 'n vertaling oormatig vloeiend en domestikerend is (Coates 1999:98).

Newmark (2003:20) bevestig hierdie standpunt deur die stelling te maak dat die vertaler se eie weergawe van 'n teks enige afwyking van 'n "natuurlike" styl moet reflekteer. Hiermee bedoel hy dat die vertaler die persoonlike styl van die skrywer in die DT moet behou, selfs – of dalk juis – wanneer dit sou afwyk van wat algemeen as 'n "natuurlike" styl beskou word.

Volgens Venuti (1995:1) beskou uitgewers, resensente en lesers egter vertalings dikwels as aanvaarbaar bloot omdat dit vloeiend lees en die afwesigheid van enige

linguistiese of stilistiese eienaardighede dit deursigtig laat voorkom, sodat dit skynbaar die oorspronklike skrywer se persoonlikheid en bedoeling en die wesenlike betekenis van die BT reflekteer. Dit skep dus die indruk dat die vertaalde teks nie 'n vertaling is nie, maar die “oorspronklike” teks. Hierdie denkbild verbloem die spesifieke omstandighede waaronder die vertaling geskep is, insluitend die vertaler se deurslaggewende omgang met die BT en die feit dat sy/haar persoonlike interpretasie van daardie teks in 'n meerdere of mindere mate in die DT opgeneem is. Volgens Venuti (1995:4) word vloeiende vertaling in Engels vir 'n geweldig wye omvang van anderstalige tekste aanbeveel – kontemporêr en argaïes, religieus en wetenskaplik, fiksie en nie-fiksie.

Onder die regime van vloeiende vertaling probeer die vertaler om sy/haar werk “onsigbaar” te maak, deur die vertaalde teks “natuurlik” – met ander woorde soos 'n oorspronklike teks – te laat voorkom (Venuti 1995:5). Hoe vloeiender die vertaling dus lees, hoe onsigbaarder word die vertaler. Hierdie onsigbaarheid is volgens Venuti (1995:8) eintlik 'n tipe selfvernietiging, aangesien dit 'n vertaalpraktyk ondersteun wat die gemarginaliseerde status van vertaling en die gebrek aan erkenning vir vertalers in die Anglo-Amerikaanse kultuur bevorder.

Verder is die risiko altyd daar dat die styl van individuele skrywers tydens domestikering tot 'n algemene eendersheid gereduseer word (Cohen in Venuti 1995:6). Newmark (2003:77) beskou dit as ironies dat literêre vertalers geneig is om 'n skryfstyl na te streef wat volgens hulle natuurliker, meer idiomaties, gemakliker en meer ontspanne is as die oorspronklike teks – wat dikwels juis nie natuurlik of ontspanne is nie.

'n Literêre vertaler het egter volgens Nabokov (2001:77) slegs een opdrag om uit te voer, naamlik om met absolute akkuraatheid die hele teks, en niks meer of minder nie, te reproduseer. Hy assosieer hierdie standpunt met 'n vervreemdende benadering – in sy Engelse vertalings behou hy byvoorbeeld 'n toenemende aantal onvertaalde woorde, frases en selfs hele uittreksels in Frans of Russies, waardeur hy nie net die beperkinge van die doeltaal sigbaarder maak nie (Coates 1999:101), maar ook die teenwoordigheid van die vertaler.

Die sentrale benadering waarvolgens die vertaler van *The No.1 Ladies' Detective Agency* te werk gegaan het, is vervreemding. Tog is dit belangrik dat die DT in idiomatiese Afrikaans uitgedruk moet word en so vloeiend moontlik moet lees sodat

die DT-leser nie onnodig van die doeltteks vervreem sal word nie. Waar nodig, is 'n sekere mate van domestikering dus ook toegepas, hoewel hierdie vertaler deurlopend probeer het om nie McCall Smith se persoonlike skryfstyl ter wille daarvan in te boet nie.

Deurdat 'n vervreemdende benadering gevolg is, is die vertaler wel in 'n mate sigbaar, aangesien die skrywer se unieke stilistiese eienskappe (sien 5.4) sover moontlik in die DT behou is, hoewel dit soms vreemd voorkom. Dieselfde geld die name van karakters en instansies, wat met die oorspronklike spelwyse in die Afrikaanse vertaling behou is. Hierdie vertaler sou ook haar sigbaarheid verder verhoog deur 'n voor- of nawoord in die DT by te voeg wanneer die boek gepubliseer word (sien 2.4 bl. 16-17).

### 3.5 Die hermeneutiese teorie

The ethnocentric violence of translation is inevitable: in the translating process, foreign languages, texts, and cultures will always undergo some degree and form of reduction, exclusion, inscription.

Venuti (1995:310)

Dit is duidelik dat Venuti van mening is dat vertaling met “geweld” gepaard gaan. Hy beskou vertaling as die kragdadige vervanging van die linguistiese en kulturele andersheid van die vreemde teks met 'n teks wat vir die teikenleser verstaanbaar sal wees (Venuti 1995:18).

Venuti se siening sluit aan by die hermeneutiese teorie, waarvolgens vertaling as 'n kragdadige – selfs gewelddadige – handeling beskou word waar die vertaler ten nouste met die BT omgaan, die betekenis daaruit haal, dit interpreteer en aan die hand van sekere voorafbepaalde kriteria in 'n DT omskep (Silke 2004:18).

Steiner (1975:296) beskou vertaling as 'n hermeneutiese handeling en onderskei tussen vier stappe in hierdie proses van betekenisoordrag: vertrou, aggressie, inkorporasie en die herstel van balans.

Die vertaler moet aanvanklik vertrou dat die teks die moeite werd is om te vertaal, met ander woorde dat dit betekenisvol is en intrinsieke waarde het. Alle vertaalhandelinge begin volgens Steiner (2001:186) met vertrou.

Hierna volg die stadium waar aggressie manifesteer. Hierdie handeling van die vertaler is invallend en ontginning. Heidegger (in Steiner 2001:187) se beskouing van begrip en interpretasie as 'n handeling, 'n onvermydelike vorm van aanval, kom hier ter sprake. Dit is asof die vertaler deur sy/haar interpretasie van die BT dit binneval, betekenis ontgin en daardie betekenis dan “huis toe bring” (Steiner 2001:187). Hierdie ontginning van betekenis na aanleiding van die vertaler se interpretasie van die BT vorm die kern van Venuti se definisie van vertaling (Venuti 1995:18).

Die volgende stadium behels inkorporasie. Die nuutverworwe betekenis word nou in die DT geïnkorporeer. Hierdie invoer of toe-eiening van betekenis en vorm vind egter nie binne of na 'n vakuum plaas nie. Gevolglik is die verskillende moontlikhede van assimilasie en plasing eindeloos, vanaf volledige domestikering tot 'n marginaliserende vervreemding (Steiner 2001:188).

Nadat die vertaler deur bogenoemde drie stappe beweeg het, kan 'n wanbalans egter waargeneem word. Die vertaler het met die BT omgegaan en dit kognitief binnegeval, waarna hy/sy met die ontginde betekenis “huis toe” gekom het – 'n wanbalans is dus veroorsaak deurdat daar van die BT weggeneem is en tot die DT bygevoeg is. Een of ander vorm van kompensasie is nou nodig.

Die vierde stadium, naamlik die daarstelling van wederkerigheid om die balans te herstel, is volgens Steiner (2001:189) die kern van die *métier* en moraal van vertaling. Hoewel die BT aan kognitiewe “plundering” onderwerp is en 'n mate van verlies en fragmentering onvermydelik is, word dit ook bevoordeel, aangesien die vertaalhandeling die status en waarde van die oorspronklike teks verhoog en daartoe lei dat 'n wyer leserspubliek bereik word. Selfs wanneer 'n vertaling nie volkome suksesvol is nie, sal die BT steeds baat by 'n vertaling, aangesien die tekortkominge van die vertaler volgens Steiner juis die areas van spesifieke briljantheid in die oorspronklike teks beklemtoon. Ideaal gesproke is daar dus tydens die vertaalhandeling uitruiling sonder verlies (Steiner 2001:190).

Dit is duidelik dat Steiner se hermeneutiese teorie die vertaler forseer om aktief met die BT om te gaan en 'n interpretasie daarvan te bereik. Dit help die vertaler om nie bloot die BT deur middel van 'n meganiese handeling te reproduseer nie, maar om dit te herskep.



Hierdie teorie is van toepassing op die praktiese vertaling van *The No.1 Ladies' Detective Agency*, aangesien hierdie vertaler op grond van die boek se sukses in die internasionale mark en die feit dat dit tans in 'n televisiereeks omskep word, die vertroude gehad het om dit as BT te kies. Daarna moes sy telkens na aanleiding van haar begrip en interpretasie van die BT besluite neem wat bepalende gevolge vir die DT inhou (sien byvoorbeeld 5.4.2 en 5.4.7).

Dit het ook meegebring dat hierdie vertaler besluit het om die nuutverworwe betekenis deur middel van 'n vervreemdende benadering in die DT te inkorporeer, hoewel daar besluit is om in sommige gevalle 'n addisionele verduideliking by te voeg. Ten laaste word die BT ook bevoordeel, aangesien die Afrikaanse vertaling die status en waarde van die oorspronklike teks verder verhoog en tot gevolg het dat 'n wyer leserspubliek bereik word.

### 3.6 Slot

Die teoretiese uitgangspunte wat in hierdie hoofstuk bespreek word, het almal in 'n meerdere of mindere mate betrekking op die wyse waarop hierdie vertaler die praktiese vertaalproses van *The No.1 Ladies' Detective Agency* benader het.

Wat die skopos van die Afrikaanse vertaling van *The No.1 Ladies' Detective Agency* betref, wou hierdie vertaler 'n DT produseer wat so getrou moontlik aan die oorspronklike is, deur die hele teks, en niks meer of minder nie, met absolute akkuraatheid te herskep, om sodoende ook die linguistiese en stilistiese patrone wat tot die sukses van die BT bygedra het, in die DT te behou. Om dit te bereik, moes die vertaler in ooreenstemming met die hermeneutiese teorie ten nouste met die BT omgaan en die betekenis daarvan noukeurig interpreteer voordat daardie betekenis in die DT herskep kon word.

Wanneer hierdie vertaler voor die probleem te staan gekom het van hoe om kulturele aspekte te hanteer wat implisiet in die tekswêreld van *The No.1 Ladies' Detective Agency* is, en moes besluit wat die mees geskikte metode sou wees om hierdie aspekte suksesvol na die DT oor te dra, is Venuti se benadering van vervreemding gevolg, aangesien dit die skopos van hierdie vertaling die beste sou dien.

Hierdie benadering het ook tot gevolg dat die vertaler sigbaarder word, aangesien die DT-leser bewus is van die feit dat hy/sy 'n vertaling lees en nie onder die



wanindruk verkeer dat hy/sy 'n oorspronklike teks lees nie. Die rol van die vertaler in die proses van interlinguistiese en interkulturele kommunikasie word dus beklemtoon, wat onder andere tot gevolg het dat sy verantwoordelikheid vir haar vertaling van *The No.1 Ladies' Detective Agency* moet aanvaar.



#### 4. VERTAALDE TEKS

**Alexander McCall Smith: *Die No.1 Damespeuragentskap***

### HOOFSTUK 1

#### Die Daddy

1. Mma Ramotswa het 'n speuragentskap in Afrika, aan die voet van Kgale Heuwel. Dit het die volgende bates: 'n klein wit bussie, twee lessenaars, twee stoele, 'n telefoon, en 'n ou tikmasjien. Dan is daar 'n teepot, waarin mma Ramotswa – die enigste vroulike privaat speurder in Botswana – rooibostee maak. En drie bekers – een vir haar, een vir haar sekretaresse, en een vir die kliënt. Wat meer het 'n speuragentskap nou eintlik nodig? Speuragentskappe maak staat op menslike intuïsie en intelligensie, waarvan mma Ramotswa oorgenoeg het. Geen inventaris sal dit natuurlik ooit insluit nie.
2. Maar dan is daar ook die uitsig, wat weer eens op geen inventaris sal verskyn nie. Hoe kan enige lys van daardie aard beskryf wat jy sien as jy by mma Ramotswa se deur uitkyk? Voor jou, 'n akasia, die doringboom wat die ruim grense van die Kalahari bespikkel; die tamaai wit dorings, 'n waarskuwing; die olyfgrys blare, daarenteen, so broos. In die laatmiddag, of in die koelte van die vroeë oggend, sal jy dalk 'n kwêvoël in sy takke sien, of liever, dit hoor. En anderkant die akasia, oorkant die stofpad, die dorp se dakke onder sambrele van bome en groenigheid; op die horison, in 'n blou glinstering van hitte, die koppies, soos die vreemdste reusetermiethope.
3. Almal noem haar mma Ramotswa, alhoewel mense haar as mme mma Ramotswa sou aanspreek as hulle formeel wou wees. Dit is die regte ding vir 'n belangrike persoon, maar sy gebruik dit nooit vir haarself nie. Dis dus altyd mma Ramotswa, eerder as Precious Ramotswa, 'n naam wat baie min mense gebruik.
4. Sy is 'n goeie speurder, en 'n goeie vrou. 'n Goeie vrou in 'n goeie land, kan jy sê. Sy is lief vir haar land, Botswana, 'n plek van vrede, en sy is lief vir Afrika, ten spyte van al sy beproewings. Ek is nie skaam om 'n Afrika-patriot genoem te word nie, sê mma Ramotswa. Ek is lief vir al die mense wat God gemaak het, maar ek weet veral hoe om vir die mense wat in dié plek bly, lief te wees. Hulle is my mense, my broers en susters. Dis my plig om hulle te help om die raaisels in hulle lewens op te los. Dit is waarvoor ek geroepe is om te doen.

5. In ledige oomblikke, wanneer daar geen dringende sake is wat aandag moet kry nie, en wanneer almal vaak is van die hitte, sit sy onder haar akasia. Dis 'n stowwerige plek om te sit, en die hoenders kom pik elke nou en dan om haar voete rond, maar dis 'n plek wat nogal jou gedagtes aan die loop sit. Dis hier waar mma Ramotswe peins oor sommige van die kwessies wat in die alledaagse lewe so maklik eenkant toe gestoot kan word.
6. Elke liewe ding, dink mma Ramotswe, was voorheen ook iets. Hier sit ek, die enigste vroulike privaat speurder in die hele Botswana, voor my speuragentskap. Maar net 'n paar jaar gelede was hier geen speuragentskap nie, en voor dít, voor hier nog enige geboue was, was daar net die akasias, en die rivierbedding in die verte, en die Kalahari daar oorkant, so naby.
7. In daardie dae was Botswana nog nie eens daar nie; net die Betsjoeanaland Protektoraat, en voor dít was daar weer Khama-se-land, en leeus met die droë wind in hulle maanhare. Maar kyk nou: 'n speuragentskap, net hier in Gaborone, met my, die vet damespeurder, wat buite sit en dié gedagtes dink oor hoe goed wat vandag een ding is, môre heeltemal 'n ander ding word.
8. Mma Ramotswe het die No.1 Damespeuragentskap met die opbrengs van die verkoop van haar pa se beeste op die been gebring. Hy het 'n groot kudde gehad, en geen ander kinders nie; gevolglik is elke enkele bees, al honderd-en-tagtig van hulle, insluitend die wit Brahmaanbulle wie se voorgeslag hy self geteel het, aan haar nagelaat. Die beeste is van die veepos af na Mochudi toe teruggebring, waar hulle onder die waaksame oog van die babbelende veewagtertjies gewag het, in die stof, tot die veekoper gekom het.
9. Hulle het 'n goeie prys gehaal, want daar was daardie jaar swaar reën, en die gras was geil. Was dit die jaar vantevore, toe die grootste gebied van daardie suidelike deel van Afrika deur droogte geteister is, sou dit 'n ander saak gewees het. Mense het toe besluiteloos gewik en weeg: hulle wou hulle beeste behou, want sonder jou beeste is jy kaal; ander, wat meer desperaat was, het verkoop, want die reën het hulle jaar na jaar in die steek gelaat en hulle het die diere al maerder en maerder sien word. Mma Ramotswe was bly dat haar pa se siekte hom verhoed het om enige besluit te neem, want nou het die prys opgegaan en dié wat gewag het, is goed beloon.
10. “Ek wil hê jy moet jou eie besigheid hê,” het hy op sy sterfbed vir haar gesê. “Jy sal nou 'n goeie prys kry vir die beeste. Verkoop hulle en koop 'n besigheid. Miskien 'n slaghuis. 'n Drankwinkel. Net wat jy wil.”

11. Sy het haar pa se hand vasgehou en in die man wat sy die heel liefste het, se oë gekyk – haar Daddy, haar wyse Daddy, wie se longe in daardie myne vol stof geword het, en wat geraap en skraap het om die lewe vir haar lekker te maak.
12. Dit was moeilik om deur haar trane te praat, maar sy het dit reggekry om te sê: “Ek gaan ’n speuragentskap begin. Daar onder in Gaborone. Dit gaan die beste een in Botswana wees. Die No.1 Agentskap.”
13. Vir ’n oomblik het haar pa se oë wyd oopgegaan en dit het gelyk of hy sukkel om te praat.
14. “Maar... maar...”
15. Maar hy is dood voor hy enigiets verder kon sê, en mma Ramotswa het op sy bors neergesak en gehuil oor al die waardigheid, liefde en swaarkry wat saam met hom gesterf het.
16. Sy laat ’n uithangbord in helder kleure verf, wat sy reg langs die Lobatse-pad aan die rand van die dorp opsit, sodat dit wys na die klein geboutjie wat sy gekoop het: DIE NO.1 DAMESPEURAGENTSAP. VIR ALLE VERTROULIKE SAKKE EN NAVRAE. TEVREDENHEID VAN ALLE PARTYE GEWAARBORG. ONDER PERSOONLIKE BESTUUR.
17. Daar is aansienlike openbare belangstelling in die oprig van haar agentskap. Daar is ’n onderhoud op *Radio Botswana*, waartydens sy dink hulle darem ietwat onmanierlik daarop aandring dat sy haar kwalifikasies bekend moet maak, en ’n heelwat meer bevredigende berig in *The Botswana News*, wat die aandag daarop vestig dat sy die enigste vroulike privaat speurder in die land is. Hierdie berig word uitgeknipt, gekopieer, en op ’n prominente plek op ’n kennisgewingbordjie langs die voordeur van die agentskap geplak.
18. Na ’n stadige begin is sy nogal verbaas om agter te kom dat daar ’n groot aanvraag na haar dienste is. Sy word geraadpleeg oor vermiste mans, oor die kredietwaardigheid van potensiële sakevennote, en oor vermeende bedrog deur werknemers. In byna elke geval is sy in staat om ten minste ’n paar brokkies inligting vir haar kliënt in die hande te kry; wanneer sy nie kan nie, skeld sy haar fooi kwyt, wat beteken dat feitlik niemand wat haar raadpleeg, ontevrede is nie. Mense in Botswana hou daarvan om te praat, ontdek sy, en net die noem van die feit dat sy ’n privaat speurder is, ontketen gewoonlik ’n onbeteuelde ontboeseming van inligting oor allerhande soorte onderwerpe. Mense voel gelei wanneer ’n privaat speurder hulle nader, is

haar gevolgtrekking, en dít maak hulle tonge sommer lekker los. Dit het met Happy Bapetsi, een van haar vroeëre kliënte, gebeur. Arme Happy! Om darem jou daddy te verloor het en hom dan te vind, en hom dan weer te verloor...

19. “Ek het nog altyd ’n gelukkige lewe gehad,” sê Happy Bapetsi. “’n Baie gelukkige lewe. Toe gebeur dié ding, en nou kan ek dit nie meer sê nie.”

20. Mma Ramotswa bekyk haar kliënt terwyl sy klein slukkies van haar rooibostee neem. Alles wat jy van iemand wil weet, staan op die gesig geskryf, glo sy. Dis nie dat sy glo dat dit die kop se vorm is wat tel nie – al is daar baie wat nog aan daardie opvatting vasklou; dit gaan meer daaroor om die lyne en die algemene voorkoms tot in die fynste besonderhede te bestudeer. En natuurlik die oë; dit is baie belangrik. Die oë laat jou toe om tot reg binne-in ’n mens te kyk, om deur te dring tot in hulle diepste wese, en dit is hoekom mense wat iets het om weg te steek, binnenshuis ’n sonbril dra. Hulle is die mense wat jy baie fyn moet dophou.

21. Nou, dié Happy Bapetsi is intelligent; dit is onmiddellik duidelik. Sy het ook min bekommernisse – die feit dat daar geen lyne op haar gesig is nie, buiten natuurlik lagplooitjies, wys dit. So dis ’n mansmens wat die moeilikheid maak, dink mma Ramotswa. Een of ander man het op die toneel verskyn en alles bederf, en haar geluk met sy slegte gedrag vernietig.

22. “Kom ek vertel jou eers ietsie van myself,” sê Happy Bapetsi. “Ek kom van Maun af, sien, daar bo by die Okavango. My ma het ’n winkeltjie gehad en ek het saam met haar in die huis daaragter gebly. Ons het baie hoenders gehad en ons was baie gelukkig.

23. “My ma het my vertel dat my Daddy lank gelede weg is, toe ek nog ’n babatjie was. Hy het weggegaan om in Bulawayo te gaan werk en nooit teruggekome nie. Iemand het aan ons geskryf – ’n ander Motswana wat daar bly – om te sê hy dink my Daddy is dood, maar hy was nie seker nie. Hy het gesê dat hy eendag na die Mpilo Hospitaal gegaan het om iemand te besoek en terwyl hy in ’n gang afstap, het hy gesien hoe hulle iemand op ’n trollie uitstoot, en die dooie persoon op die trollie het nogal baie soos my Daddy gelyk. Maar hy kon nie vir seker sê nie.

24. “Ons het toe besluit hy was tien teen een dood, maar my ma het nie vreeslik omgee nie, want sy het nooit regtig baie van hom gehou nie. En ek kon hom natuurlik nie eens onthou nie, so dit was vir my om’t ewe.

25. “Ek het in Maun skoolgegaan, by ’n plek wat deur ’n paar Katolieke sendelinge bestuur is. Een van hulle het agtergekom dat ek nogal goed was met rekenkunde en hy het baie tyd afgestaan om my te help. Hy het gesê hy het nog nooit ’n meisie raakgeloop wat so goed kan tel nie.
26. “Dit was seker baie eienaardig. Ek sou ’n klomp getalle sien en dit sommer net onthou. Dan sou ek agterkom dat ek die getalle uit my kop opgetel het, sonder om eens daaraan te dink. Dit het net eenvoudig natuurlik gebeur – ek het glad nie nodig gehad om my enigsins in te span nie.
27. “Ek het baie goed gedoen in my eksamen en op die ou end het ek Gaborone toe gegaan en geleer hoe om ’n boekhouer te wees. Weer was dit vir my baie maklik; ek sou na ’n hele bladsy vol getalle kyk en dit dadelik verstaan. Dan kon ek die volgende dag elke getal net so onthou en hulle almal neerskryf as ek moes.
28. “Ek het in die bank werk gekry en ek het bevordering op bevordering gekry. Nou is ek die no.1-onderrekenmeester en ek dink nie ek kan nog verder gaan nie, want al die mans is bang dat ek hulle dom sal laat lyk. Maar ek gee nie om nie. Ek kry baie goeie betaling en ek kan al my werk teen drie-uur in die middag klaarmaak, partykeer vroeër. Dan gaan doen ek inkopies. Ek het ’n lekker huis met vier kamers en ek is baie gelukkig. Om dit alles te hê teen die tyd dat jy agt-en-dertig is, is goed genoeg, dink ek.”
29. Mma Ramotswa glimlag. “Dis alles baie interessant. Jy is reg. Jy het goed gevaar.”
30. “Die geluk was nog altyd aan my kant,” sê Happy Bapetsi. “Maar nou het dié ding gebeur. My Daddy daag toe by die huis op.”
31. Mma Ramotswa trek haar asem in. Sy het dít nie verwag nie; sy het gedink dit gaan ’n probleem met ’n kêrel wees. Pa’s is geheel en al ’n ander saak.
32. “Hy het eenvoudig aan die deur geklop,” sê Happy Bapetsi. “Dit was ’n Saterdagmiddag en ek het ’n bietjie op my bed gelê en rus toe ek sy geklop hoor. Ek het opgestaan, deur toe gegaan, en daar staan dié man, om en by sestig, met sy hoed in sy hande. Hy sê toe vir my hy is my Daddy, en dat hy lank in Bulawayo gebly het, maar nou terug was in Botswana en dat hy gekom het om my te kom sien.
33. “Jy kan net dink hoe geskok ek was. Ek moes gaan sit, anders dink ek ek sou flou geword het. In die tussentyd het hy gepraat. Hy het vir my gesê wat my ma se naam is, wat heeltemal reg was, en hy het gesê hy is jammer dat hy nog nooit weer met my in aanraking was nie. Toe vra hy of hy in een

van die gastekamers kon bly, want hy het nêrens anders gehad om heen te gaan nie.

34. "Ek het gesê natuurlik kan hy. Op 'n manier was ek baie opgewonde om my Daddy te sien en ek het gedink dit sou lekker wees om al daardie verlore jare te kan inhaal en hom by my te hê, veral aangesien my arme ma al dood is. Ek het toe vir hom 'n bed opgemaak in een van die kamers en 'n stewige ete van steak en aartappels vir hom voorgesit, wat hy baie vinnig opgeëet het. Toe vra hy nog.
35. "Dit was omtrent drie maande gelede. Van toe af bly hy in daardie kamer en ek doen al die werk vir hom. Ek maak sy ontbyt, en iets vir middagete, wat ek in die kombuis los, en dan maak ek saans sy aandete. Ek koop vir hom een bottel bier per dag en ek het ook 'n klompie nuwe klere en 'n goeie paar skoene vir hom gekoop. Al wat hy doen, is om op sy stoel buite die voordeur te sit en vir my te sê wat ek volgende vir hom moet doen."
36. "Baie mans is so," val mma Ramotswe haar in die rede.
37. Happy Bapetsi knik. "Veral dié een. Hy het nog nie 'n enkele kastrol gewas vandat hy opgedaag het nie en ek word nou baie moeg daarvoor om agter hom aan te hardloop. Hy gebruik ook 'n klomp van my geld vir vitamienpille en biltong.
38. "Weet jy, dit sou my nie pla as dit nie vir een ding was nie. Ek dink nie hy is my regte Daddy nie. Ek kan dit nie bewys nie, maar ek dink hierdie man is 'n skelm en dat hy by my regte Daddy van ons gesin gehoor het voor hy dood is en nou gee hy maar net voor hy is my Daddy. Ek dink hy is 'n man wat 'n aftreeoord soek, en nou is hy baie in sy skik, want hy het 'n goeie een gekry."
39. Mma Ramotswe staar met onverbloemde verwondering na Happy Bapetsi. Dit ly geen twyfel dat sy die waarheid praat nie; wat haar verstom, is die vermetelheid, die volslae, skaamtelose vermetelheid van mans. Hoe durf dié persoon kom en misbruik maak van hierdie hulpvaardige, gelukkige mens! Wat 'n skelmstreek; wat 'n stuk bedrog! Blatante diefstal – dís wat dit is!
40. "Kan jy my help?" vra Happy Bapetsi. "Kan jy uitvind of hierdie man regtig my Daddy is? As hy is, sal ek 'n pligsgetroue dogter wees en dit so aanvaar. As hy nie is nie, sal ek verkies dat hy êrens anders heen gaan."
41. Mma Ramotswe aarsel nie. "Ek sal uitvind," sê sy. "Dit sal my dalk 'n dag of twee neem, maar ek sal uitvind!"
42. Dis natuurlik makliker gesê as gedaan. Daar is deesdae bloedtoetse, maar sy twyfel sterk of hierdie persoon sal instem om dit te laat doen. Nee, sy



sal iets subtielers moet probeer, iets wat onbetwisbaar sal wys of hy die Daddy is of nie. Haar gedagtes kom vir 'n oomblik tot stilstand. Ja! Daar is iets Bybels omtrent hierdie storie. Wat, dink sy, sou Salomo gedoen het?

43. Mma Ramotswe gaan haal die verpleegstersuniform by haar vriendin, suster Gogwe. Dis 'n bietjie styf, veral om die arms, want al het suster Gogwe 'n vol figuur, is sy effens slanker as mma Ramotswe. Maar toe sy dit eers aan het, en die verpleegstershorlosie voor vasgesteek het, is sy 'n perfekte toonbeeld van 'n suster by die *Princess Marina* Hospitaal. Dis 'n goeie dekmantel, dink sy – sy moet dit in die toekoms weer een of ander tyd gebruik.
44. Terwyl sy in haar klein wit bussie na Happy Bapetsi se huis ry, dink sy na oor hoe die Afrika-tradisie om familieleden te onderhou, mense kan verlam. Sy weet van een man, 'n polisieersant, wat 'n oom, twee tannies, én 'n kleinniggie onderhou. As jy in die ou Setswana-moraliteit glo, kan jy nooit 'n familielid wegwys nie, en dit is nogal iets om oor na te dink. Maar dit beteken ook dat bedrieërs en parasiete dit baie makliker het as op ander plekke. Hulle is die mense wat die stelsel vernietig, dink sy. Hulle is die mense wat die ou manier van doen 'n slegte naam gee.
45. Toe sy nader aan die huis kom, ry sy vinniger. Sy ontferm haar immers oor Happy, en as die Daddy op sy stoel buite die voordeur sit, moes hy haar in 'n stofwolk sien aankom. Die Daddy is natuurlik daar, besig om die oggendsonnetjie te geniet, en hy kom regop in sy stoel toe hy die klein wit bussie tot voor die hek sien jaag. Mma Ramotswe skakel die enjin af, spring uit en hardloop na die huis.
46. “Dumela, Rra,” groet sy haastig. “Is u Happy Bapetsi se Daddy?”
47. Die Daddy staan op. “Ja,” sê hy trots. “Ek is die Daddy.”
48. Mma Ramotswe hyg soos een wat uitasem is. “Ek is jammer, maar daar was 'n ongeluk. 'n Motor het Happy omgery en sy is in die hospitaal, erg beseer. Hulle is nou besig om 'n groot operasie op haar te doen.”
49. Die Daddy gee 'n kreet. “Aiee! My dogter! My arme babatjie Happy!”
50. 'n Goeie toneelspeler, dink mma Ramotswe, tensy... Nee, sy verkies om op Happy Bapetsi se intuïsie staat te maak. 'n Vrou behoort haar eie Daddy te ken, al het sy hom nog nooit weer gesien vandat sy 'n baba was nie.
51. “Ja,” gaan sy voort. “Dis baie tragies. Sy is erg beseer, baie erg. En hulle het 'n klomp bloed nodig om al die bloed wat sy verloor het, terug te sit.”
52. Die Daddy frons. “Hulle moet haar daardie bloed gee. Baie bloed. Ek kan betaal.”



53. "Dit gaan nie oor die geld nie," sê mma Ramotswe. "Bloed kos niks. Ons het nie die regte soort nie. Ons moet nou by haar naaste familie bloed kry, en u is al wat sy het. Ons moet u vra vir bloed."
54. Die Daddy gaan sit swaar.
55. "Ek is 'n ou man," sê hy.
56. Mma Ramotswe voel sommer aan dat dit gaan werk. Ja, hierdie man is 'n skelm.
57. "Dis hoekom ons u vra," sê sy. "Omdat sy so baie bloed nodig het, gaan hulle omtrent die helfte van u bloed moet neem. En dis baie gevaarlik vir u. Om die waarheid te sê, u kan selfs doodgaan."
58. Die Daddy se mond val oop.
59. "Dóódgaan?"
60. "Ja," sê mma Ramotswe. "Maar aan die ander kant is u haar pa en ons weet u sal dit vir u dogter doen. Sal u dalk nou gou saamkom, anders gaan dit te laat wees. Dokter Moghile wag."
61. Die Daddy maak sy mond oop, en maak dit dan weer toe.
62. "Komaan," sê mma Ramotswe. Sy leun oor en vat hom aan die pols. "Ek sal u tot by die bussie help."
63. Die Daddy staan op, en probeer dan weer gaan sit. Mma Ramotswe trek aan hom.
64. "Nee," sê hy. "Ek wil nie."
65. "U moet," sê mma Ramotswe. "Kom nou."
66. Die Daddy skud sy kop. "Nee," sê hy floutjies. "Ek gaan nie. Sien, ek is nie regtig haar Daddy nie. Daar is 'n misverstand."
67. Mma Ramotswe los sy pols. Dan, met haar arms gevou, gaan staan sy voor hom en spreek hom daar en dan aan.
68. "So jy is nie die Daddy nie! Ek sien! Ek sien! Nou wat vang jy dan aan deur op daardie stoel te sit en haar kos te eet? Het jy al gehoor van die Strafwetboek van Botswana en wat dit sê van mense soos jy? Het jy?"
69. Die Daddy kyk voor hom op die grond en skud sy kop.
70. "Wel," sê mma Ramotswe. "Nou gaan jy in daardie huis in en jy kry jou goed. Jy het vyf minute. Dan vat ek jou busstasie toe en jy gaan op 'n bus klim. Waar bly jy regtig?"
71. "Lobatse," sê die Daddy. "Maar ek hou nie daarvan daar anderkant nie."

72. “Wel,” sê mma Ramotswe. “Miskien sal jy meer daarvan hou as jy begin om iets te doen pleks van net op ’n stoel te sit. Daar is baie spanspek te plant daar anderkant. Wat van so iets, om mee te begin?”
73. Die Daddy lyk erg ongelukkig.
74. “Binnetoe!” beveel sy. “Nog net vier minute oor!”
75. Toe Happy Bapetsi by die huis aankom, is die Daddy weg en sy kamer leeg. Daar is ’n briefie van mma Ramotswe op die kombuistafel, en terwyl sy dit lees, keer haar glimlag terug.
76. Dit was toe op die ou end nie jou Daddy nie. Ek het op die beste manier uitgevind. Ek het hom sover gekry om dit self vir my te sê. Miskien kry jy eendag die regte Daddy. Miskien nie. Maar intussen kan jy weer gelukkig wees.

## HOOFSTUK 2

### Al daardie jare gelede

77. Ons vergeet nie, dink mma Ramotswe. Ons koppies is dalk klein, maar hulle is net so vol herinneringe as wat die lug soms vol trekbye is – duisende en duisende herinneringe, aan reuke, aan plekke, aan klein dingetjies wat met ons gebeur het en wat onverwags terugkeer om ons te herinner aan wie ons is. En wie is ek? Ek is Precious Ramotswe, burger van Botswana, dogter van Obed Ramotswe, wat dood is omdat hy ’n mynwerker was en nie meer kon asemhaal nie. Sy lewe is nêrens opgeteken nie; wie is daar om die lewens van gewone mense neer te skryf?
78. Ek is Obed Ramotswe, en ek is in 1930 naby Mahalapye gebore. Mahalapye is halfpad tussen Gaborone en Francistown, op daardie pad wat voel of dit vir altyd en altyd aangaan. In daardie dae was dit natuurlik ’n grondpad, en die treinspoor was baie belangriker. Die spoor het van Bulawayo af gekom, die grens by Plumtree oorgesteek, en dan al langs die kant van Botswana suid geloop tot heel onder by Mafikeng aan die ander kant.
79. Toe ek ’n seun was, het ek soms die treine dopgehou wanneer hulle op die sypoor aankom. Hulle het groot wolke stoom uitgelaat, en ons het mekaar uitgedaag om so naby aan die trein verby te hardloop as wat ons kon. Dan het die stokers op ons geskree, en die stasiemeester het sy fluitjie

geblaas, maar hulle kon dit nooit regkry om van ons ontslae te raak nie. Ons het agter plante en kratte weggekrui en net uitgehardloop om by die toe treinvesters geldstukke te vra. Ons het die wit mense by hulle vensters sien uitkyk, soos spoke, en partykeer sou een van hulle Rhodesiese pennies vir ons gooi – groot kopermuntstukke met 'n gat in die middel – of, as ons gelukkig was, 'n klein silwer muntstuk wat ons 'n tienie genoem het, waarmee ons 'n klein blikkie stroop kon koop.

80. Mahalapye was 'n uitgestrekte dorpie van hutte wat met bruin, songebakte modderstene gebou is, en 'n paar sinkdakgeboue. Hulle het aan die Regering of die Spoorweë behoort, en vir ons het hulle 'n veraf, onbereikbare luuksheid versinnebeeld. Daar was 'n skool wat bestuur is deur 'n ou Anglikaanse priester en 'n wit vrou wie se gesig lelik deur die son verniel is. Hulle kon albei Setswana praat, wat ongewoon was, maar hulle het ons in Engels onderrig, en daarop aangedring – met die dreigement van 'n loesing – dat ons ons eie taal buite op die speelplek moes los.

81. Aan die ander kant van die pad het die vlakte begin wat tot in die Kalahari gestrek het. Dit was 'n eentonige landskap, besaai met plate doringbome laag op die grond, en op hulle takke het die neushoringvoëls gesit, en die fladderende molopes, met hulle lang, lang stertvere. Dit was 'n wêreld wat oënskynlik geen einde gehad het nie, en dit, dink ek, is wat Afrika in daardie dae so anders gemaak het. Daar was geen einde daaraan nie. 'n Man kon vir ewig loop, of ry, en hy sou nooit êrens kom nie.

82. Ek is nou sestig, en ek dink nie God wil hê ek moet veel langer leef nie. Miskien sal daar nog 'n paar jaar wees, maar ek twyfel; ek het dr. Moffat by die NG Hospitaal in Mochudi gaan sien en hy het na my bors geluister. Hy het sommer geweet ek was 'n mynwerker, bloot deur te luister, en hy het sy kop geskud en gesê die myne het baie verskillende maniere om 'n man kwaad aan te doen. Terwyl hy gepraat het, het ek 'n liedjie onthou wat die Sotho-mynwerkers baie keer gesing het. Hulle het gesing: “Die myne eet mans. Al het jy hulle verlaat, is die myne dalk nog steeds besig om jou te eet.” Ons het almal geweet dit was waar. Jy kon doodgaan as gevolg van 'n rotsstorting, of jy kon jare later doodgaan, wanneer die dae ondergronds net 'n herinnering was, of selfs 'n onaangename droom wat jou snags besoek. Die myne kom terug vir hulle vergelding, net soos hulle nou teruggekome het vir my. Daarom was ek nie verbaas oor wat dr. Moffat gesê het nie.

83. Sommige mense kan nie sulke nuus verdra nie. Hulle dink hulle moet vir ewig lewe, en hulle huil en weeklaag as hulle besef dat hulle tyd aan die

kom is. Ek voel nie so nie, en ek het nie gehuil oor die nuus wat die dokter my gegee het nie. Al wat my hartseer maak, is dat ek Afrika sal verlaat wanneer ek doodgaan. Ek is lief vir Afrika – dit is my ma en my pa. Wanneer ek dood is, sal ek die reuk van Afrika mis, want hulle sê op die plek waar jy heen gaan, waar dit ook al mag wees, is daar geen reuk en geen smaak nie.

84. Ek sê nie ek is 'n dapper man nie – ek is nie – maar dis of ek regtig nie omgee oor hierdie nuus wat vir my gegee is nie. Ek kan terugkyk oor my sestig jaar en dink aan alles wat ek gesien het en aan hoe ek met niks begin het nie en geëindig het met amper tweehonderd beeste. En ek het 'n goeie dogter, 'n getroue dogter, wat mooi na my kyk en vir my tee maak terwyl ek hier in die son sit en na die koppies in die verte kyk. Wanneer jy dié koppies op 'n afstand sien, is hulle blou; al die afstande in hierdie land is so. Hier is ons ver van die see, met Angola en Namibië tussen ons en die kus, en tog het ons hierdie groot leë oseaan van blou bokant ons en rondom ons. Geen matroos kan eensamer wees as 'n man wat in die middel van ons land staan nie, met die myle en myle blou om hom.

85. Ek het nog nooit die see gesien nie, maar 'n man saam met wie ek in die myne gewerk het, het my eenkeer na sy plek daar onder in Zoeloeland genooi. Hy het my vertel dat daar groen heuwels is wat tot onder by die Indiese Oseaan strek en dat hy skepe in die verte kan sien as hy by sy oop deur uitkyk. Hy het gesê die vroue in sy stat brou die beste bier in die land en dat 'n man jare lank daar in die son kan sit en niks ooit doen nie, behalwe om kinders te maak en bier te drink. Hy het gesê as ek saam met hom gaan, sou hy dalk vir my 'n vrou kon kry en dan sou hulle dalk die feit dat ek nie 'n Zoeloe is nie, oorsien – as ek bereid was om genoeg lobola aan die meisie se pa te betaal.

86. Maar hoekom sou ek Zoeloeland toe wou gaan? Hoekom sou ek ooit enigiets anders wou hê as om in Botswana te bly, en met 'n Tswana-meisie te trou? Ek het vir hom gesê Zoeloeland klink goed, maar elke man het 'n kaart van sy eie land in sy hart, en die hart sal jou nooit toelaat om daardie kaart te vergeet nie. Ek het vir hom gesê ons in Botswana het nie die groen heuwels wat hy op sy plek het nie; ook nie die see nie, maar ons het die Kalahari en land wat verder strek as wat jy ooit kan dink. Ek het vir hom gesê as 'n man in 'n droë plek gebore is, dan wil hy nie te veel reën hê nie, al droom hy dalk daarvan, en hy sal nie omgee as die son skroei en skroei nie. So ek het toe nooit saam met hom Zoeloeland toe gegaan nie en ek het nooit ooit die see gesien nie. Maar dit het my nie ongelukkig gemaak nie; nie een keer nie.

87. So hier sit ek nou, redelik na aan die einde, en dink oor alles wat met my gebeur het. Maar nie 'n dag gaan verby dat my gedagtes nie na God toe gaan, en na hoe dit sal wees om dood te gaan nie. Ek is nie bang daarvoor nie, want pyn maak nie vir my saak nie, en die pyn wat ek het, is eintlik heel draaglik. Hulle gee my pille – groot wittes – en hulle het my aangesê om dit te drink as die pyn in my bors te erg word. Maar dié pille maak my vaak, en ek verkies om wakker te wees. So, nou dink ek aan God en wonder wat hy vir my sal sê wanneer ek voor hom staan.
88. Party mense dink aan God as 'n wit man, wat 'n beeld is wat die sendelinge al jare gelede saam met hulle gebring het en wat in mense se gedagtes vasgesteek het, lyk dit my. Ek dink nie dit is so nie, want daar is geen verskil tussen 'n wit man en 'n swart man nie; ons is almal dieselfde; ons is net mense. En God was in elk geval hier voordat die sendelinge gekom het. Ons het hom toe op 'n ander naam genoem, en hy het nie oorkant by die Jode se plek gebly nie; hy het hier in Afrika gewoon, in die rotse, in die lug, op plekke waar ons geweet het hy graag gebly het. As jy doodgaan, gaan jy êrens anders heen, en God sou ook daar wees, maar jy sou nie besonder na aan hom kon kom nie. Hoekom sou hy so iets wou hê?
89. In Botswana het ons 'n storie oor twee kinders, 'n broer en suster, wat deur 'n warrelwind na die hemel toe weggevat word en dan sien dat die hemel vol pragtige wit beeste is. Dís hoe ek graag daaraan dink, en ek hoop dis waar. Ek hoop dat wanneer ek doodgaan, ek my in 'n plek sal bevind waar daar sulke beeste is, met soet asem, wat al om my maal. As dít is wat op my wag, dan sal ek met graagte môre al gaan, of sommer nou, op hierdie oomblik. Maar ek sou graag vir Precious wou groet, en my dogter se hand wou vashou terwyl ek gaan. Dit sou 'n gelukkige manier van gaan wees.
90. Ek is lief vir my land, en ek is trots daarop om 'n Botswana te wees. Daar is geen ander land in Afrika wat soos ons die wêreld in die oë kan kyk nie. Ons het geen politieke gevangenes nie, en het ook nooit gehad nie. Ons het demokrasie. Ons was nog altyd versigtig. Die *Bank of Botswana* is vol geld, van ons diamante. Ons skuld niks.
91. Maar in die verlede het dinge sleg gegaan. Voor ons ons land gebou het, moes ons Suid-Afrika toe gaan om te gaan werk. Ons het na die myne toe gegaan, net soos die mense van Lesotho en Mosambiek en Malawi en al daardie lande. Die myne het ons mans ingesuig en die ou mans en die kinders by die huis gelos. Ons het vir goud en diamante gegrawe en daardie wit mans

ryk gemaak. Hulle het hulle groot huise gebou, met hulle mure en hulle motors. En ons het daar diep onder hulle gegrawe en die rots uitgebring waarop hulle dit alles gebou het.

92. Ek het myne toe gegaan toe ek agtien was. Ons was toe die Betsjoeanaland Protektoraat, en die Engelse het ons land bestuur, om ons van die Boere te beskerm (of dis wat hulle gesê het). Daar was 'n Kommissaris onder in Mafikeng, oorkant die grens in Suid-Afrika, en hy het van tyd tot tyd met die pad opgekom en met die hoofmanne kom praat. Hy sou sê: "Doen dit; doen dat." En die hoofmanne het almal gemaak soos hy sê, want hulle het geweet as hulle dit nie doen nie, sou hy hulle laat afsit. Maar party van hulle was slim, en as die Engelse sê: "Doen dit," sou hulle sê: "Ja, ja, Meneer, ek sal so maak," maar agter hulle rug doen hulle dan eintlik heeltyd iets anders, of hulle maak net of hulle iets doen. En so het daar jare lank net mooi niks gebeur nie. Dit was 'n goeie regeringstelsel, want die meeste mense wil mos hê niks moet gebeur nie. Dit is die probleem met regerings deesdae. Hulle wil heeltyd dinge doen; hulle is altyd hard aan die dink oor watter dinge hulle volgende kan doen. Dit is nie wat mense wil hê nie. Mense wil uitgelos word om na hulle beeste te kyk.

93. Ons is teen daardie tyd weg uit Mahalapye, en het in Mochudi gebly, waar my ma se mense ook was. Ek het van Mochudi gehou, en sou graag daar wou bly, maar my pa het gesê ek moet myne toe gaan, want sy grond was nie goed genoeg om my én 'n vrou te onderhou nie. Ons het nie baie beeste gehad nie, en ons het net genoeg gesaai om ons deur die jaar te onderhou. So toe die werwingslorrie van oor die grens kom, het ek na hulle toe gegaan en hulle het my op 'n skaal gesit en na my bors geluister en my tien minute lank op en af teen 'n leer laat hardloop. Toe sê 'n man ek sal 'n goeie mynwerker wees en hulle het my my naam op 'n stuk papier laat skryf. Hulle wou my hoofman se naam by my weet en het gevra of ek al ooit in die moeilikheid was by die polisie. Dit was al.

94. Ek het die volgende dag saam met die lorie gegaan. Ek het een trommel gehad, wat my pa vir my by die Indiër se winkel gekoop het. Ek het net een paar skoene gehad, maar ek het 'n ekstra hemp en 'n paar ekstra broeke gehad. Dit was alles wat ek gehad het, en dan nog die klompie biltong wat my ma vir my gemaak het. Ek het my trommel bo-op die lorie gelaai en toe het al die gesinne wat gekom het om afskeid te neem, begin sing. Die vroue het gehuil en ons het tot siens gewaai. Jong mans probeer altyd om nie

te huil of hartseer te lyk nie, maar ek het geweet binne-in ons almal was ons harte koud.

95. Dit het twaalf uur gevat om by Johannesburg uit te kom, want die paaie was daardie tyd sleg en as die lorrie te vinnig sou ry, kon 'n as breek. Ons het deur Wes-Transvaal gery, deur die hitte, soos beeste ingehok in die lorrie. Elke uur het die drywer gestop en omgestap agtertoe om waterkanne aan te gee, wat hulle by elke dorp waardeur ons gery het, volgemaak het. Jy is net toegelaat om die kan vir 'n paar sekondes te hê, en in daardie rukkie moes jy soveel water drink as wat jy kon. Mans wat op hulle tweede of derde kontrak was, het hiervan geweet, en hulle het bottels water gehad wat hulle gedeel het as jy desperaat was. Ons was almal Batswana bymekaar, en 'n man laat nie 'n mede-Motswana ly nie.

96. Die ouer mans was al doenig met die jongeres. Hulle het vir hulle gesê dat noudat hulle by die myne gaan werk, hulle nie meer seuns was nie. Hulle het ons vertel dat ons in Johannesburg dinge sou sien wat ons nooit sou kon dink bestaan nie, en dat as ons swak was, of dom, of as ons nie hard genoeg sou werk nie, ons lewens van toe af niks anders as 'n nagmerrie sou wees nie. Hulle het ons vertel dat ons wreedheid en boosheid sou sien, maar dat ons sou oorleef as ons naby ander Batswana bly en doen wat die ouer mans vir ons sê. Ek het gedink hulle oordryf miskien. Ek het onthou hoe die ouer seuns ons destyds vertel het van die inisiasieskool waarnatoe ons almal moes gaan en hoe hulle ons gewaarsku het oor wat vir ons voorlê. Hulle het al daardie goed gesê om ons bang te maak, en die werklikheid was heeltmal anders. Maar hierdie mans het die absolute waarheid gepraat. Wat vir ons voorgelê het, was presies soos hulle voorspel het, en selfs erger.

97. In Johannesburg het hulle ons twee weke lank opgelei. Ons was almal heel fiks en gesond, maar niemand kon by die myne afgestuur word voor hy nie nóg sterker gemaak is nie. Hulle het ons toe na 'n gebou gevat wat hulle met stoom warmgemaak het en ons elke dag vier uur lank by banke op en af laat spring. Dit was vir party mans te erg, en dan het hulle inmekaar gesak, en moes weer regop getrek word, maar op een of ander manier het ek dit oorleef en gevorder na die volgende deel van ons opleiding. Hulle het ons vertel hoe ons in die myne afgevat sou word en oor die werk wat van ons verwag word. Hulle het met ons gepraat oor veiligheid, en hoe die rots kon val en ons verbrysel as ons onverskillig was. Hulle het 'n man ingedra wat nie bene gehad het nie en hom op 'n tafel neergesit sodat hy ons kon vertel wat met hom gebeur het.



98. Hulle het vir ons Fanagalô geleer, die taal wat ondergronds gebruik word om bevele te gee. Dis 'n eenaardige taal. Die Zoeloes lag as hulle dit hoor, want daar is soveel Zoeloe woorde daarin, maar dis nie Zoeloe nie. Dis 'n taal wat goed werk om vir mense te sê wat hulle moet doen. Daar is baie woorde vir stoot, vat, stamp, dra, laai, en geen woorde vir liefde, of blydschap, of die klanke wat voëls soggens maak nie.
99. Toe het ons ondertoe na die skagte gegaan, waar ons gewys is wat om te doen. Hulle het ons in hokke gesit, onder enorme wiele, en dié hokke het net so vinnig neergestort as wat valke op hulle prooi afpyl. Hulle het treine daar onder gehad – klein treintjies – en hulle het ons daarop gesit en ons na die end van lang, donker tunnels vol groen rots en stof gevat. My werk was om rots te laai nadat dit losgeskiet is, en ek het dit sewe uur per dag gedoen. Ek het sterk geword, maar daar was altyd stof, stof, stof.
100. Party myne was gevaarliker as ander, en ons het almal geweet watter dit was. In 'n veilige myn het jy byna nooit die draagbare ondergronds gesien nie. Maar in 'n gevaarlike een was die draagbare pal daar, en jy het gesien hoe mans boontoe gevat word in die hokke, kermend van pyn, of, nog erger, stil onder die swaar rooi komberse. Ons het almal geweet die enigste manier om te oorleef was om in 'n span te kom waar die mans dit gehad het wat almal 'n gevoel vir die rots genoem het. Dit was iets wat elke goeie mynwerker gehad het. Hy moes kon sien wat die rots besig was om te doen – wat dit voel – en hy moes weet wanneer nuwe stutte nodig was. As een of twee mans in 'n span dit nie geweet het nie, dan het dit nie saak gemaak hoe goed die ander was nie. Die rots sou loskom, en dit het op goeie én slegte mynwerkers geval.
101. Daar was nog iets wat jou kanse op oorlewing beïnvloed het, en dit was die tipe wit mynwerker wat jy gehad het. Die wit mynwerkers is in beheer van die spanne gesit, maar baie van hulle het maar min te doen gehad. As 'n span goed was, dan het die swart voorman presies geweet wat om te doen en hoe om dit te doen. Die wit mynwerker sou maak of hy die bevele gee, maar hy het geweet dit was eintlik die voorman wat die werk gedoen kry. Maar 'n dom wit mynwerker – en daar was baie van hulle – sou sy span te hard dryf. Hy sou skree en die mans slaan as hy dink hulle werk nie vinnig genoeg nie, en dit kon baie gevaarlik wees. Maar wanneer die rots geval het, was die wit mynwerker nooit by nie; dan was hy doer onder in die tunnel by die ander wit mynwerkers, waar hy vir ons gewag het om te rapporteer dat die werk klaar was.



102. Dit was nie vreemd dat 'n wit mynwerker sy manne sou slaan as hy sy humeur verloor nie. Hulle was nie veronderstel om dit te doen nie, maar die skofbase het altyd hulle oë daarvoor toegemaak en hulle daarmee laat wegkom. Maar ons is nooit toegelaat om terug te slaan nie, maak nie saak hoe onverdiend die houe was nie. As jy 'n wit mynwerker sou slaan, was jou dae getel. Die mynpolisie het dan bo by die skag vir jou gewag en jy kon vir 'n jaar of twee tronk toe gaan.
103. Hulle het ons apart gehou, want dit is hoe hulle gewerk het, dié wit mans. Die Swazi's was almal in een span, en die Zoeloes in 'n ander, en die Malawiërs in 'n ander een. En so aan. Elke man was by sy mense, en moes maak soos die voorman sê. As jy dit nie gedoen het nie, en die voorman sê dat 'n man moeilikheid maak, het hulle hom huis toe gestuur of gesorg dat die polisie hom slaan tot hy weer inskiklik was.
104. Ons was almal bang vir die Zoeloes, al het ek daardie vriend gehad wat 'n Zoeloe met 'n goeie hart was. Die Zoeloes het gedink hulle was beter as enigeen van ons en partykeer het hulle ons ou vrouens genoem. As daar 'n bakleiery was, was dit byna altyd die Zoeloes of die Basotho, maar nooit die Batswana nie. Ons het nie van 'n bakleiery gehou nie. Eenkeer het 'n dronk Motswana per ongeluk op 'n Saterdagagaand by 'n Zoeloe-hostel ingedwaal. Hulle het hom met sambokke geslaan en in die pad gelos om doodgery te word. Gelukkig het 'n polisiekar hom gesien en hom gered, so nie was hy dood. Alles oor hy by die verkeerde hostel ingedwaal het.
105. Ek het jare in daardie myne gewerk, en ek het al my geld gespaar. Ander mans het dit op straatvroue gespandeer, en op drank, en spoggerige klere. Ek het niks gekoop nie, nie eers 'n grammfoon nie. Ek het die geld huis toe gestuur na die *Standard Bank* en dan beeste daarmee gekoop. Elke jaar het ek 'n paar koeie gekoop, en hulle vir my neef gegee om na te kyk. Hulle het gekalf, en geleidelik het my kudde groter geword.
106. Ek sou op die myne gebly het, dink ek, as ek nie 'n verskriklike ding gesien het nie. Dit het gebeur nadat ek vyftien jaar daar was. Ek het toe 'n baie beter werk gehad, as handlanger van 'n dinamietskieter. Hulle wou ons nooit die skietwerk laat doen nie, want dit was 'n werk wat die wit mans vir hulleself gehou het, maar ek het die werk gekry om plofstof vir 'n dinamietskieter aan te dra en hom met die lont te help. Dit was 'n goeie werk dié, en ek het gehou van die man vir wie ek gewerk het.
107. Hy het eenkeer iets in 'n tunnel vergeet – sy blik waarin hy sy toebroodjies gehou het – en hy het my gevra om dit te gaan haal. Ek is toe af

in die tunnel waar hy gewerk het om dié blik te gaan soek. Die tunnel is verlig deur gloeilampe wat al langs die pad teen die dak vas was, sodat dit redelik veilig was om daarlangs te loop. Maar jy moes nogtans versigtig wees, want hier en daar was daar gapende afgronde wat uit die rots weggeblaas is, wat in die myne as galerye bekend staan. Dit kon tweehonderd voet diep wees, en dit het van die kante van die tunnel af oopgemaak om ondertoe te val tot by 'n ander werkvlak, soos ondergrondse steengroewe. Mans het van tyd tot tyd in dié galerye afgeval, en dit was altyd hulle eie skuld. Hulle het nie gekyk waar hulle loop nie, of hulle het deur 'n onverligte tunnel geloop al was hulle helmligte se batterye pap. Partykeer het 'n man sommer net oor die rand gestap om geen rede op aarde nie, of omdat hy ongelukkig was en nie meer wou lewe nie. Jy kon nooit sê nie; daar is baie hartseer in die harte van mans wat ver van hulle land af is.

108. Ek het om 'n draai in dié tunnel gegaan en was skielik in 'n ronde kamer. Daar was 'n galery aan die oorkant, en daar was 'n waarskuwingsteken. Vier mans het op die rand van die afgrond gestaan, en hulle het 'n ander man aan sy arms en bene vasgehou. Toe ek om die draai kom, lig hulle hom op en gooi hom vorentoe, oor die rand en in die donkerte in. Die man het geskree, in Xhosa, en ek het gehoor wat hy sê. Hy het iets van 'n kind gesê, maar ek kon nie alles uitmaak nie, want ek is nie baie goed in Xhosa nie. Toe was hy weg.
109. Ek het bly staan waar ek was. Die mans het my nog nie gesien nie, maar een het skielik omgedraai en in Zoeloe uitgeroep. Toe begin hulle na my toe hardloop. Ek het omgedraai en met die tunnel langs teruggehardloop. Ek het geweet as hulle my vang, sou ek dieselfde paadjie as hulle slagoffer loop, in die galery af. Dit was nie 'n resies wat ek my kon laat verloor nie.
110. Al het ek weggekom, het ek geweet dat daardie mans my gesien het en dat ek doodgemaak sou word. Ek het hulle moord gesien en kon 'n getuie wees, en daarom het ek geweet ek kon nie in die myne bly nie.
111. Ek het met die dinamietskieter gaan praat. Hy was 'n goeie man en hy het aandagtig na my geluister toe ek vir hom sê ek sou moes gaan. Daar was geen ander wit man met wie ek só kon praat nie, maar hy het verstaan.
112. Nogtans het hy my probeer oorreed om na die polisie toe te gaan.
113. “Sê vir hulle wat jy gesien het,” het hy in Afrikaans gesê. “Sê vir hulle. Hulle kan daardie Zoeloes vang en hulle laat hang.”
114. “Ek weet nie wie daardie mans is nie. Hulle sal my eerste vang. Ek gaan huis toe na my plek toe.”

115. Hy het na my gekyk en geknik. Toe vat hy my hand en skud dit, wat die eerste keer was dat 'n wit man dit met my gedoen het. En toe noem ek hom my broer, wat die eerste keer was dat ek dit met 'n wit man gedoen het.
116. “Gaan jy terug huis toe na jou vrou,” het hy gesê. “As 'n man te lank weg is van sy vrou, begin sy moles maak. Glo my. Gaan terug en gee vir haar nog kinders.”
117. Toe gee ek pad van die myne af, stilletjies, soos 'n dief, en kom in 1960 terug Botswana toe. Ek kan nie vir jou sê hoe vol my hart was toe ek die grens oorsteek nie, terug tot in Botswana, en Suid-Afrika vir altyd agter my los. In daardie plek het ek elke dag gevoel dat dit dalk my laaste kon wees. Gevaar en hartseer het soos 'n wolk oor Johannesburg gehang, en ek sou nooit daar gelukkig kon wees nie. In Botswana was dit anders. Daar was geen polisiemanne met honde nie; daar was geen tsotsi's met messe wat op die loer lê om jou te besteel nie; jy het nie elke oggend wakker geword met 'n huilende sirene wat jou afroep in die warm aarde in nie. Daar was nie dieselfde enorme skares mans nie, almal van een of ander verre plek af, almal kwynend van verlange huis toe, almal met die wens om êrens anders te wees. Ek het 'n tronk agtergelaat – 'n groot, kermende tronk, onder die sonlig.
118. Toe ek daardie slag huis toe kom, en op Mochudi van die bus afklim, en die koppie en die hoofman se plek en die bokke sien, het ek net daar gestaan en huil. 'n Man het na my toe gekom – 'n man wat ek nie geken het nie – en hy het sy hand op my skouer gesit en my gevra of ek pas terug was van die myne af. Ek het vir hom gesê ek was, en hy het net geknik en sy hand daar gelos tot ek opgehou het met huil. Toe glimlag hy en loop weg. Hy het my vrou na my toe sien aankom, en hy wou nie inmeng in 'n man se tuiskoms nie.
119. Ek het dié vrou drie jaar vantevore gevat, hoewel ons van die troue af baie min van mekaar gehad het. Ek het een keer per jaar van Johannesburg af teruggekom, vir 'n maand, en dit was al tyd wat ons saam gehad het. Na die laaste keer het sy swanger geraak, en my meisiekindjie is gebore terwyl ek nog weg was. Nou sou ek haar sien, en my vrou het haar saamgebring om my te ontmoet wanneer ek van die bus afklim. Sy het daar gestaan, met die kind in haar arms, die kind wat vir my kosbaarder was as al die goud wat uit daardie myne in Johannesburg gehaal is. Dit was my eersgeborene, en my enigste kind, my meisiekind, my Precious Ramotswe.
120. Precious was soos haar ma, wat 'n mooi vet vrou was. Sy het op die werf buite die huis gespeel en gelag as ek haar optel. Ek het 'n koei gehad

wat goeie melk gegee het, en ek het dit byderhand gehou vir Precious. Ons het baie stroop vir haar gegee ook, en eiers elke dag. My vrou het Vaseline aan haar vel gesmeer, en dit gepoets, sodat sy geblink het. Hulle het gesê sy was die mooiste kind in Betsjoeanaland en vroue het myle ver gekom om na haar te kyk en haar vas te hou.

121. Toe sterwe my vrou, Precious se ma. Ons het toe net buite Mochudi gebly, en dit was haar gewoonte om by 'n tante van haar te gaan kuier wat anderkant die spoorlyn naby die Francistown-pad gebly het. Sy het kos soontoe gevat, want die tante was te oud om vir haarself te sorg en sy het net een seun daar gehad wat siek was met sefuba en nie baie ver kon loop nie.

122. Ek weet nie hoe dit gebeur het nie. Party mense het gesê dit was miskien omdat daar 'n storm aan die broei was, en weerlig, dat sy gehardloop het sonder om te kyk waarheen sy gaan. Maar sy was op die spoorlyn toe die trein van Bulawayo af daar verbykom en haar tref. Die treindrywer was baie jammer, maar hy het haar glad nie gesien nie, wat tien teen een waar was.

123. My niggie het gekom om na Precious te kyk. Sy het vir haar klere gemaak, haar skool toe gevat en vir ons kos gemaak. Ek was 'n bedroefde man, en ek het gedink: nou is daar niks meer in dié lewe vir jou oor nie, behalwe Precious en jou beeste. Ten spyte van my hartseer het ek uitgegaan na die veepos toe om te sien hoe dit met die beeste gaan, en om die veewagters te betaal. Ek het nou meer beeste gehad, en ek het selfs daaraan gedink om 'n winkel te koop. Maar ek het besluit om te wag, en om Precious 'n winkel te laat koop wanneer ek dood is. Buitendien het die myne se stof my bors verrinneweer, en ek kon nie vinnig loop of goed oplik nie.

124. Eendag was ek op pad terug van die veepos af en ek het by die hoofpad aangekom wat van Francistown af Gaborone toe loop. Dit was 'n baie warm dag, en ek het onder 'n boom langs die pad gesit en wag vir die bus wat later in daardie rigting sou gaan. Die hitte het my aan die slaap laat val, en ek het wakker geword van die geluid van 'n motor wat stilhou.

125. Dit was 'n groot motor, 'n Amerikaanse motor, dink ek, en 'n man het agterin gesit. Die drywer het na my toe gekom en in Setswana met my gepraat, al was die motor se nommerplaat van Suid-Afrika. Die drywer sê toe daar is 'n lek in die verkoeler en weet ek waar hulle 'n bietjie water kan kry. Toevallig was daar 'n suipplek vir beeste 'n ent weg langs die spoor na my veepos, en ek gaan toe saam met die drywer en maak 'n kan vol water.

126. Toe ons terugkom om die water in die verkoeler te gooi, het die man wat agterin gesit het, buite gestaan en na my gekyk. Hy het geglimlag, om te

wys dat hy dankbaar was vir my hulp, en ek het teruggeglimlag. Toe besef ek dat ek weet wie die man is, en dat dit die man is wat al daardie myne in Johannesburg bestuur – een van mnr. Oppenheimer se manne.

127. Ek het na die man toe geloop en vir hom gesê wie ek is. Ek het vir hom gesê ek is Ramotswe, wat in sy myne gewerk het, en ek is jammer ek moes te vroeg daar weggaan, maar dat dit as gevolg van omstandighede buite my beheer was.
128. Hy het gelag, en gesê dit was mooi van my om soveel jare in die myne te gewerk het. Hy het gesê ek kon terugry in sy motor en dat hy my Mochudi toe sou vat.
129. So, toe kom ek in Mochudi aan in daardie motor en dié belangrike man kom in my huis in. Hy het Precious gesien en vir my gesê sy is 'n baie oulike kind. Toe, ná hy 'n bietjie tee gedrink het, kyk hy op sy horlosie.
130. “Ek moet nou teruggaan,” het hy gesê. “Ek moet terugkom in Johannesburg.”
131. Ek het gesê sy vrou gaan kwaad wees as hy nie betyds terug is vir die kos wat sy vir hom gemaak het nie. Hy sê toe dit sal heel moontlik so wees.
132. Ons het buitentoe gestap. Mnr. Oppenheimer se man het sy hand in sy sak gesteek en 'n beursie uitgehaal. Ek het weggedraai toe hy dit oopmaak; ek wou nie geld by hom hê nie, maar hy het daarop aangedring. Hy het gesê ek was een van mnr. Oppenheimer se mense en mnr. Oppenheimer hou daarvan om vir sy mense te sorg. Toe gee hy my tweehonderd rand, en ek het gesê ek gaan dit gebruik om 'n bul te koop, want ek het so pas een verloor.
133. Hy was in sy skik daarmee. Ek het vir hom gesê om in vrede te gaan en hy het gesê ek moet in vrede bly. Toe gaan elkeen sy eie gang en ek het my vriend nooit weer gesien nie, al is hy altyd daar, in my hart.

### HOOFSTUK 3

#### Lesse oor seuns en bokke

134. Obed Ramotswe het vir sy niggie 'n kamer gegee aan die agterkant van die huisie wat hy vir hom aan die rand van die dorp gebou het toe hy teruggekom het van die myne. Hy het dit oorspronklik as 'n pakkamer beplan, waar hy sy bliktrommels en ekstra komberse kon hou, en sy voorraad paraffien wat hy vir kosmaak gebruik, maar daar was elders plek daarvoor. Nadat 'n bed en 'n kleinerige kas ingedra is, en 'n laag kalk op die mure aangebring is, was die

kamer gou leefbaar. Uit die oogpunt van die niggie was dit 'n luukse wat meer was as waarvan sy byna ooit sou kon droom; nadat haar man weggegaan het, ses jaar gelede, het sy teruggegaan om by haar ma en haar ouma te bly, en daar moes sy in 'n kamer slaap wat net drie mure gehad het, waarvan die een nie heeltemal tot by die dak gekom het nie. Hulle het haar met stille minagting behandel, want hulle was outydse mense, wat geglo het dat 'n vrou wie se man haar verlaat het, byna altyd haar lot verdien het. Hulle moes haar natuurlik inneem, maar dit was plig, eerder as toegeneentheid, wat hulle deur vir haar oopgemaak het.

135. Haar man het haar verlaat omdat sy onvrugbaar was, 'n lot wat vir die kinderlose vrou byna onvermydelik was. Sy het die bietjie geld wat sy gehad het, op konsultasies by sangomas gespandeer, van wie een haar belowe het dat sy binne maande onder sy behandeling swanger sou raak. Hy het 'n verskeidenheid kruie en poeiers van boombas gebruik en, toe dit nie werk nie, het hy toorgoed probeer. 'n Hele klomp van die doepa het haar siek gemaak, en een het haar byna dood gehad, wat geen wonder was nie as 'n mens na die inhoud daarvan gekyk het, maar die onvrugbaarheid het gebly en sy het geweet dat haar man besig was om sy geduld te verloor. Kort nadat hy weg is, het hy van Lobatse af vir haar geskryf en haar vertel – met trots – dat sy nuwe vrou swanger was. Toe, 'n jaar en 'n half later, kom 'n kort briefie met 'n foto van sy kind daar aan. Geen geld is gestuur nie, en dit was die laaste keer dat sy van hom gehoor het.

136. Waar sy nou met Precious in haar arms in haar eie kamer met sy vier stewige, witgekalkte mure staan, is haar geluk volkome. Sy laat Precious, nou vier, toe om by haar op haar bed te slaap, en lê snags ure lank wakker om na die kind se asemhaling te luister. Sy streel haar vel, hou die klein handjie tussen haar vingers vas, en verwonder haar aan die volmaaktheid van die kind se lyfie. Wanneer Precious smiddae slaap, in die hitte, sit sy langs haar en brei baadjietjies en sokkies in helderrooi en -blou, en waai tussendeur vlieë weg van die slapende kind.

137. Ook Obed is tevrede. Hy gee elke week vir sy niggie geld om vir die huishouding kos te koop, en elke maand 'n bietjie ekstra vir haarself. Sy werk spaarsaam daarmee, en daar is altyd geld oor, waarmee sy iets vir Precious koop. Hy het nooit rede om haar tereg te wys nie, of om fout te vind met die manier waarop sy sy dogter grootmaak nie. Alles is piekfyn.

138. Die niggie wil hê Precious moet slim wees. Sy het self weinig onderrig gehad, maar het gesukkel met lees, en aangehou probeer, en nou



voel sy die moontlikhede vir verandering aan. Daar is nou 'n politieke party waarby vroue kan aansluit, hoewel sommige mans daarvoor mor en sê dis moeilikheid soek. Vroue begin onder mekaar oor hulle lot praat. Niemand gaan mans natuurlik openlik teë nie, maar wanneer vroue nou onder mekaar praat, is daar 'n gefluister, en kyke word verwissel. Sy dink aan haar eie lewe; aan die vroeë huwelik met 'n man wat sy skaars ontmoet het, en aan die skande van haar onvermoë om kinders te hê. Sy onthou die jare toe sy in die kamer met drie mure gebly het, en die take wat aan haar opgedwing is, sonder betaling. Eendag sal vroue miskien hulle eie stem kan laat hoor, en wys wat verkeerd is. Maar hulle sal moet kan lees om dit te doen.

139. Sy begin deur Precious te leer hoe om te tel. Hulle tel bokke en beeste. Hulle tel seuns wat in die stof speel. Hulle tel bome, en gee elke boom 'n naam: die krom een; die een sonder blare; die een waar mopaniewurms graag wegkruip; die een waarheen geen voël gaan nie. Toe sê sy: “As ons die boom wat soos 'n ou man lyk, afkap, hoeveel bome is daar dan oor?” Sy laat Precious lyste dinge onthou – die name van familieleden, die name van beeste wat haar oupa besit het, die name van die hoofmanne. Hulle sit soms buite die winkel daar naby, die *Small Upright General Dealer*, en wag vir 'n motor of 'n vragmotor om stamp-stamp op die pad oortrek met slaggate verby te gaan. Die niggie sê dan die nommer op die nommerplaat hardop en Precious moet dit die volgende dag onthou wanneer sy daarna gevra word, en dalk selfs die dag daarna. Hulle speel ook 'n variasie van *Kim's Game*: die niggie pak 'n skinkbord van mandjiewerk vol bekende voorwerpe en 'n kombes word dan daarvoor gegooi en een voorwerp verwyder.

140. “Wat is van die skinkbord af weggevat?”

141. “'n Ou maroelapit, sommerso knoetsierig en opgekou.”

142. “En wat nog?”

143. “Niks.”

144. Sy is nooit verkeerd nie, dié kind wat almal en alles met haar wye, ernstige oë dophou. En geleidelik, sonder dat dit enigiemand se bedoeling was, word die eienskappe van nuuskierigheid en bewustheid in die kind se verstand gekweek.

145. Teen die tyd dat Precious op die ouderdom van ses skool toe gaan, ken sy haar alfabet, haar syfers tot by tweehonderd, en sy kan die hele eerste hoofstuk van die Boek Genesis in die Setswana vertaling opsê. Sy het ook 'n paar Engelse woorde geleer, en kan al vier verse van 'n Engelse gedig oor skepe en die see voordra. Die onderwyser is beïndruk en komplimenteer die

niggie met wat sy gedoen het. Dit is omtrent die eerste lof wat sy nog ooit ontvang het vir enige taak wat sy verrig het; Obed het haar bedank, en doen dit dikwels, en vrygewig, maar dit kom nooit by hom op om haar te prys nie, want soos hy die ding sien, doen sy maar net haar plig as vrou en daar is niks besonders daaromtrent nie.

146. “Ons is die mense wat eerste die aarde omgeploeg het toe Modise dit gemaak het,” lui ’n ou Setswana gedig. “Ons was die mense wat die kos gemaak het. Ons is die mense wat die mans versorg as hulle klein seuntjies is, as hulle jong manne is, en as hulle oud en sterwend is. Ons is altyd daar. Maar ons is net vroue, en niemand sien ons nie.”

### *Lesse oor seuns*

147. Mma Ramotswa dink: God het ons op dié aarde gesit. Ons was daardie tyd almal Afrikane, daar aan die begin, want die mens het in Kenia begin, soos dr. Leakey en sy Daddy bewys het. So, as ’n mens mooi daarvoor dink, is ons almal broers en susters, en tog, waar jy ook al kyk, wat sien jy? Bakleiery, bakleiery, bakleiery. Ryk mense wat arm mense doodmaak; arm mense wat ryk mense doodmaak. Oral, behalwe in Botswana. Dis te danke aan sir Seretse Khama, wat ’n goeie man was, wat Botswana uitgevind het en dit ’n goeie plek gemaak het. Sy huil nog partykeer oor hom, wanneer sy aan hom dink met sy laaste siekte en al daardie slim dokters in Londen wat vir die Regering sê: “Ons is jammer, maar ons kan nie julle President gesond maak nie.”
148. Die probleem is natuurlik dat mense skynbaar nie die verskil tussen reg en verkeerd verstaan nie. Hulle moet daaraan herinner word, want as jy dit aan hulle oorlaat om dit self uit te werk, sal hulle nooit die moeite doen nie. Hulle sal net uitvind wat die beste vir hulle is, en dan sal hulle dit die regte ding noem. Dis hoe die meeste mense dink.
149. Precious Ramotswa het in die Sondagskool van goed en kwaad geleer. Die niggie het haar soontoe geneem toe sy ses was, en sy het sonder uitsondering elke Sondag soontoe gegaan tot sy elf was. Dit was vir haar genoeg tyd om alles van reg en verkeerd te leer, hoewel sy nogal kopgekrap het – en dit nog steeds doen – as dit kom by sekere ander aspekte van godsdiens. Sy kon nie glo dat die Here op water geloop het nie – jy kan dit net eenvoudig nie doen nie – en sy het ook nie die storie van die kosgeëry vir die vyfduisend geglo nie, wat net so onmoontlik was. Dit was leuens, sy was seker daarvan, en die grootste leuen van almal was dat die Here nie ’n Daddy



op hierdie aarde gehad het nie. Dit was nie waar nie, want selfs kinders weet dat jy 'n pa nodig het om 'n kind te maak, en daardie reël geld vir beeste en hoenders en mense, almal om't ewe. Maar reg en verkeerd – dit was 'n ander saak, en sy het geen probleme ondervind om te verstaan dat dit verkeerd was om te jok, en te steel, en ander mense dood te maak nie.

150. As mense duidelike riglyne nodig het, is daar niemand wat dit beter kan doen nie as mma Mothibi, wat al vir meer as twaalf jaar in beheer is van die Sondagskool in Mochudi. Sy is 'n kort vroultjie, amper heeltemal rond, met 'n buitengewone diep stem. Sy leer die kinders gesange, beide in Setswana en Engels, en omdat hulle hulle sang by haar leer, sing die hele kinderkoor 'n oktaaf laer as enigiemand anders, kompleet asof hulle paddas is.

151. Die kinders, aangetrek in hulle beste klere, sit in rye agter in die kerk wanneer die diens klaar is en word deur mma Mothibi onderrig. Sy lees vir hulle die Bybel, en laat hulle oor en oor die Tien Gebooie opsê, en vertel vir hulle godsdienstige stories uit 'n klein blou boekie wat volgens haar van Londen af kom en nêrens anders in die land te kry is nie.

152. “Hier is die reëls vir goeie gedrag,” lees sy, alles op dieselfde stemtoon. “'n Seun moet altyd vroeg opstaan en sy gebedjie sê. Dan moet hy sy skoene skoonmaak en sy ma help om die gesin se ontbyt voor te berei – as hulle ontbyt eet. Sommige mense eet nie ontbyt nie omdat hulle arm is. Dan moet hy skool toe gaan en alles doen wat sy onderwyser vir hom sê. Só sal hy leer om 'n slim Christenseun te wees wat later hemel toe sal gaan as die Here hom huis toe roep. Vir meisies is die reëls dieselfde, maar hulle moet ook versigtig wees wat seuns betref en moet gereed wees om vir seuns te sê dat hulle Christene is. Sommige seuns sal dit nie verstaan nie...”

153. Ja, dink Precious Ramotswe. Party seuns verstaan dit nie, en selfs hier, in hierdie Sondagskool, is daar so 'n seun, daardie Josiah, wat 'n goddelose seun is, al is hy maar net nege. Hy dring daarop aan om in die Sondagskool langs Precious te sit, selfs wanneer sy hom probeer vermy. Hy kyk heeltyd na haar en glimlag aanmoedigend, al is sy twee jaar ouer as hy. Hy probeer ook seker maak dat sy been aan hare raak, wat haar kwaad maak, en haar op haar sitplek laat verskuif, weg van hom af.

154. Maar die ergste van alles is, hy sal sy broek se knope losmaak en wys na daardie ding wat seuns het, en verwag dat sy sal kyk. Sy hou nie hiervan nie, want dis nie iets wat in 'n Sondagskool behoort te gebeur nie. Wat is in elk geval so besonders daaraan? Alle seuns het daardie ding.

155. Uiteindelik vertel sy vir mma Mothibi daarvan, en die onderwyser luister ernstig na haar.
156. “Seuns, mans,” sê sy. “Hulle is almal dieselfde. Hulle dink dié ding is so besonders en hulle is almal so trots daarop. Hulle weet nie hoe belaglik dit is nie.”
157. Sy sê vir Precious om haar te vertel as dit weer gebeur. Sy moet net haar hand effens oplig, dan sal mma Mothibi haar sien. Dit sal haar teken wees.
158. Dit gebeur die volgende week. Terwyl mma Mothibi agter in die klas is, besig om na die Sondagskoolboeke te kyk wat die kinders voor hulle reggesit het, maak Josiah 'n knoop los en fluister vir Precious dat sy moet afkyk. Sy hou haar oë op haar boek en lig haar linkerhand effens. Hy kan dit natuurlik nie sien nie, maar mma Mothibi kan. Sy sluip van agter af op hom af en lig haar Bybel in die lug op. Dan bring sy dit met 'n dowwe slag op sy kop neer, wat die kinders verskrik laat opkyk.
159. Josiah vou omtrent dubbel onder die hou. Mma Mothibi kom om na sy voorkant en wys na sy oop gulf. Toe lig sy die Bybel en slaan hom weer op sy kop, nog harder as vantevore.
160. Dit was die laaste keer dat Josiah vir Precious Ramotswe, of trouens enige ander meisie, lastig geval het. Wat haar betref, het Precious 'n belangrike les geleer oor hoe om met mans te werk, en dié les het jare en jare by haar gebly en sou later baie nuttig te pas kom, soos al die lesse wat sy in die Sondagskool geleer het.

### *Die niggie se weggaan*

161. Die niggie het Precious vir die eerste agt jaar van haar lewe versorg. Sy sou seker onbepaald gebly het – wat Obed sou pas, want die niggie het vir hom huisgehou en nooit gekla of vir hom geld gevra nie. Maar toe die tyd aanbreek, besef hy dat trots 'n kwessie kan wees en dat die niggie dalk weer sal wil trou, ten spyte van wat laas gebeur het. Daarom gee hy sonder aarseling sy seën toe die niggie aankondig dat sy 'n man leer ken het, dat hy haar gevra het om met hom te trou, en dat sy ja gesê het.
162. “Ek kan Precious saam met my vat,” sê sy. “Ek voel sy is nou my dogter. Maar aan die ander kant, wat dan van jou?”
163. “Ja,” sê Obed. “Wat dan van my? Sal jy my ook saamvat?”

164. Die niggie lag. “My nuwe man is ryk, maar ek dink hy wil met net een mens trou.”
165. Obed tref reëlings vir die troue, want hy is die niggie se naaste familielid en dit val op sy skouers om dit te doen. Maar hy doen dit graag, vir alles wat sy vir hom gedoen het. Hy reël dat twee beeste geslag word en dat genoeg bier vir tweehonderd mense gebrou word. Toe, met die niggie aan sy arm, gaan hy die kerk binne en sien die nuwe man en sy mense, en ander verlangse neefs en niggies, en hulle vriende, en mense van die dorp, genooi en ongenooi, wat almal wag en hulle dophou.
166. Na die huwelikseremonie gaan hulle terug na die huis toe, waar bokseile tussen doringbome vasgemaak en geleende stoele uitgepak is. Die oumense gaan sit en die jonges loop rond en gesels met mekaar, en snuif die lug vir die geur van die groot klomp vleis wat op die oop vure braai. Toe eet hulle, en Obed maak ’n toespraak om sy niggie en die nuwe man te bedank, en die nuwe man antwoord dat hy dankbaar is teenoor Obed omdat hy so goed na dié vrou gekyk het.
167. Die nuwe man besit twee busse, wat van hom ’n ryk man maak. Een van dié busse, die *Molepolole Special Express*, moet by die troue diens doen, en is vir die okkasie met helderblou doek versier. Met die ander een val hulle ná die partytjie in die pad, met die nuwe man agter die stuurwiel en die bruid op die sitplek direk agter hom. Daar is baldadige uitroepe, en ululering van die vroue, en toe vat die bus die pad na geluk.
168. Hulle sit tien myl suid van Gaborone huis op, in ’n kleigepleisterde huis wat die nuwe man se broer vir hom gebou het. Dit het ’n rooi dak en wit mure, en ’n werf, in die tradisionele styl, met ’n ommuurde deel voor. Aan die agterkant is daar ’n kaia waar ’n bediende kan bly, en ’n gemakhuisie van sinkplate. Die niggie het ’n kombuis met ’n blinknuwe stel panne en twee gasstofies. Sy het ’n groot nuwe Suid-Afrikaanse paraffienyskas wat heeldag stilweg staan en spin, en alles binne-in yskoud hou. Elke aand kom haar man huis toe met die dag se verdienste van sy busse, en dan help sy hom om die geld te tel. Dit blyk dat sy ’n uitstekende boekhouer is, en gou bestuur sy daardie deel van die onderneming met merkwaardige sukses.
169. Sy maak haar nuwe man op ander maniere ook gelukkig. As seun is hy deur ’n jakkals gebyt, en hy het littekens dwarsoor sy gesig waar ’n junior doktertjie by die *Scottish Missionary Hospital* in Molepolole die wonde onhandig toegewerk het. Geen vrou het nog ooit vir hom gesê hy is aantreklik nie, en hy het nooit gedroom dat enigeen dit sou doen nie, met dié dat hy meer

gewoond is aan gesigte wat uit simpatie vertrek word. Maar die niggie sê dat hy die mooiste man is wat sy nog nooit ontmoet het, en die virielste ook. Dis nie net vleitaal nie – sy praat die waarheid, soos sy dit sien, en sy hart word vol van die warmte wat uit die opreg bedoelde kompliment vloei.

170. “Ek weet jy mis my,” skryf die niggie aan Precious. “Maar ek weet jy wil hê ek moet gelukkig wees. Ek is nou baie gelukkig. Ek het ’n baie dierbare man wat wonderlike klere vir my gekoop het en my elke dag baie gelukkig maak. Eendag gaan jy by ons kom kuier, en ons kan weer die bome tel en saam gesange sing, soos ons altyd gedoen het. Nou moet jy na jou pa kyk, want jy is oud genoeg om dit te doen, en hy is ook ’n goeie man. Ek wil hê jy moet gelukkig wees, en dit is waarvoor ek bid, elke aand. God sorg vir Precious Ramotswe. God kyk vannag na haar, en vir altyd. Amen.”

### *Bokke*

171. As kind hou Precious Ramotswe daarvan om te teken, ’n tydverdryf wat die niggie van kleins af aangemoedig het. Sy kry ’n sketsblok en ’n stel kleurpotlode vir haar tiende verjaardag, en haar talent is gou merkbaar. Obed Ramotswe is trots op haar vermoë om die skoon bladsye van haar sketsboek met tonele van die alledaagse lewe in Mochudi te vul. Hier is ’n skets wat die dammetjie voor die hospitaal wys – dis alles heeltemal herkenbaar – en hier is ’n prent van die matrone wat na ’n donkie staan en kyk. En op dié bladsy is ’n prent van die winkel, van die *Small Upright General Dealer*, met goed voor die gebou wat sakke mielies kan wees, of dalk mense wat sit – jy kan nie sê nie – maar dit is meesterlike sketse en hy het al ’n hele paar teen die leefkamer se mure opgesit, hoog, naby die plafon, daar waar die vlieë sit.
172. Haar onderwysers weet van hierdie talent, en sê vir haar dat sy dalk nog eendag ’n groot kunstenaar gaan wees, met haar prente op die voorblad van die Botswana Almanak. Dit moedig haar aan, en die een skets volg op die ander. Bokke, beeste, koppies, pampoene, huise; rondom Mochudi is daar is so baie vir die kunstenaarsoog dat daar geen gevaar is dat haar onderwerpe sal opraak nie.
173. Toe hoor die skool van ’n kunskompetisie vir kinders. Die Museum in Gaborone vra elke skool in die land om ’n prent van een van sy leerders, met die tema “Die Lewe in Vandag se Botswana”, in te stuur. Natuurlik is daar geen twyfel oor wie se werk ingestuur gaan word nie. Precious word gevra om

'n spesiale prent te teken – en om nie haastig te wees daarmee nie – en dan gaan dit as Mochudi se inskrywing Gaborone toe gestuur word.

174. Sy teken haar prent op 'n Saterdag: sy gaan vroeg uit met haar sketsboek en kom 'n paar uur later terug om die detail in die huis in te vul. Dis 'n baie goeie tekening, dink sy, en haar onderwyser is entoesiasties toe sy dit die volgende Maandag vir haar wys.

175. “Dit gaan die prys vir Mochudi wen,” sê sy. “Almal gaan trots wees.”

176. Die tekening word versigtig tussen twee velle riffelbord gesit en weggestuur, geregistreerde pos, na die Museum. Toe is daar vyf weke lank stilte, waartydens almal van die kompetisie vergeet. Eers toe die brief by die Hoof aankom, en hy dit stralend aan Precious voorlees, word hulle daaraan herinner.

177. “Jy het die eerste prys gewen,” sê hy. “Jy moet Gaborone toe gaan, saam met my en jou onderwyser, en jou pa, om die prys tydens 'n spesiale seremonie by die Minister van Onderwys te kry.”

178. Die oomblik is vir haar te groot, en sy begin huil, maar hou darem gou weer op, en word toegelaat om die skool vroeg te verlaat om terug te hardloop en die nuus vir haar Daddy te gaan gee.

179. Hulle ry saam met die Hoof in sy bakkie af, en kom heeltemal te vroeg vir die seremonie daar aan, en bring 'n hele klompie uur in die Museumtuin deur, waar hulle sit en wag dat die deure moet oopmaak. Maar uiteindelik gebeur dit, en nog ander kom: onderwysers, koerantmense, mense van die Regering. Toe daag die Minister op in 'n swart motor en mense sit hulle glase lemoensap neer en sluk die laaste happe van hulle toebroodjies.

180. Sy sien haar tekening op 'n spesiale plek hang, op 'n kamerverdeler, en daar is 'n kaartjie onderaan vasgesteek. Sy gaan saam met haar onderwyser om daarna te kyk, en met 'n bonsende hart sien sy haar naam netjies getik onder die prent: PRECIOUS RAMOTSWE (10) (MOCHUDI GOVERNMENT JUNIOR SCHOOL). En daaronder, ook getik, die titel wat die Museum self gegee het: CATTLE BESIDE DAM.

181. Sy verstar, skielik ontsteld. Dit is nie waar nie. Die prent is van bokke, maar hulle het gedink dis beeste! Sy kry 'n prys vir 'n beesprent, onder vals voorwendsels.

182. “Wat is verkeerd?” vra haar pa. “Jy moet mos baie in jou skik wees. Hoekom lyk jy dan so hartseer?”

183. Sy kan geen woord uitkry nie. Sy is op die punt om 'n krimineel te word, 'n bedriëer. Sy kan onmoontlik 'n prys vir 'n beesprent aanvaar as sy dit eenvoudig nie verdien nie.
184. Maar nou staan die Minister langs haar, en hy maak gereed om 'n toespraak te lewer. Sy kyk op na hom, en hy glimlag warm.
185. “Jy is 'n baie goeie kunstenaar,” sê hy. “Mochudi is seker baie trots op jou.”
186. Sy kyk na haar skoenpunte. Sy sal moet bieg.
187. “Dis nie 'n prent van beeste nie,” sê sy. “Dis 'n prent van bokke. Meneer kan nie vir my 'n prys gee vir 'n fout nie.”
188. Die Minister frons, en kyk na die kaartjie. Toe draai hy terug na haar toe en sê: “Dis hulle wat 'n fout gemaak het. Ek dink ook dis bokke. Ek dink nie dis beeste nie.”
189. Hy maak keel skoon en die Direkteur van die museum vra vir stilte.
190. “Hierdie meesterlike prent van bokke,” sê die Minister, “wys hoe talentvol ons jong mense in hierdie land is. Dié jong dametjie gaan 'n eersteklaslandsburger wees, en miskien 'n beroemde kunstenaar. Sy verdien haar prys, en ek gee dit nou aan haar.”
191. Sy vat die toegedraaide pakkie wat hy haar gee, en voel sy hand op haar skouer, en hoor hom fluister: “Jy is die eerlikste kind wat ek nog ontmoet het. Mooi so.”
192. Toe is die seremonie verby, en 'n rukkie later gaan hulle met die Hoofse stamperige bakkie terug Mochudi toe: 'n heldin wat terugkeer, 'n wenner van pryse.

## 5. ANNOTASIE

### 5.1 Inleiding

Vertaling is nie 'n meganiese proses nie, maar eerder 'n komplekse sosiale en kognitiewe aktiwiteit wat aktiewe besluitneming vereis (Schäffner & Wiesemann 2001:1). Hierdie besluitneming behels dat die vertaler verskeie aspekte in ag moet neem, byvoorbeeld die sosiale kontekste waarbinne die DT moet funksioneer, die beoogde teikenlesers, genre-konvensies, linguistiese beperkings, ensovoorts. Na aanleiding van die verskille tussen BT- en DT-lesers en ook dié tussen die konvensies en taalreëls van die BT- en DT-kultuur, onderskei Nord (1997a:58) tussen vier kategorieë vertaalprobleme wat 'n vertaler kan ondervind, naamlik pragmatiese, interkulturele, interlinguistiese en teksspesifieke vertaalprobleme.

Voorbeelde van die tipe probleme wat hierdie vertaler tydens die vertaalproses ondervind het, sowel as die strategieë wat toegepas is om sodanige probleme op te los, word in hierdie hoofstuk aan die hand van bogenoemde vier kategorieë bespreek. Op hierdie manier word daar probeer om die relevante besluitnemingsprosesse tydens die vertaling van *The No.1 Ladies' Detective Agency* te verduidelik. Dit is egter belangrik om te onthou dat baie vertaalprobleme in meer as een kategorie geplaas sou kon word, deels omdat taal en kultuur interafhanklik is en nie van mekaar geskei kan word nie (sien 3.3.2).

### 5.2 Pragmatiese vertaalprobleme

'n Vertaler word altyd met twee kommunikatiewe situasies gekonfronteer, naamlik die BT- en DT-situasie (Nord 1997a:59). Die verskillende maniere waarop die tekste binne hierdie twee situasies gebruik word en die wyse waarop dit betrekking het op 'n spesifieke tyd, plek en leser (Schäffner & Wiesemann 2001:24), gee aanleiding tot pragmatiese vertaalprobleme. Dit geld veral die vertaling van kultuurspesifieke konsepte, wat altyd pragmatiese vertaalprobleme veroorsaak, aangesien die DT-lesers nie noodwendig die bronkultuur – in hierdie geval die tekswêreld – ken nie (sien 3.3.2). BT-verwysings na tyd en plek kan ook pragmatiese vertaalprobleme veroorsaak.

Die pragmatiese vertaalprobleme wat hierdie vertaler ondervind het, het veral betrekking op aanspreekvorme en die name van persone, plekke en instansies soos



hospitale en banke in Botswana. Die gebruik van Setswana woorde in die BT word ook in hierdie afdeling bespreek, hoewel dit ook onder “Interkulturele vertaalprobleme” (5.3) hanteer sou kon word. Volgens Venuti (2001:470) hou romanvertalers deesdae meestal die basiese elemente van die verhaal onveranderd: datums, historiese en geografiese bakens en karakters se name word dus gewoonlik nie verander nie, selfs al sou hierdie name vir die DT-leser vreemd klink. Hierdie werkswyse hou verband met ’n vervreemdende benadering en help ook om die sigbaarheid van die vertaler in die DT te verhoog (sien 3.4).

In die geval van *The No.1 Ladies’ Detective Agency* moet die vertaler in gedagte hou dat hoewel Setswana (ook Tswana genoem) die nasionale taal van Botswana is, Engels die amptelike taal is. Engelse name wat in die BT voorkom (byvoorbeeld “Small Upright General Dealer”, E:31 par. 139) moet dus met omsigtigheid hanteer word, aangesien dit nie noodwendig ’n Engelse vertaling van ’n Setswana naam is nie, maar meer waarskynlik ’n oorspronklike Engelse naam.

#### 5.2.1 Aanspreekvorme en name van karakters

Die name van karakters in *The No.1 Ladies’ Detective Agency* is eie aan Botswana en nie die kultuur van die BT-leser (byvoorbeeld in Engeland) nie. Die gebruik van Setswana name, soms met ’n Engelse woord wat as voornaam gebruik word (byvoorbeeld “Happy Bapetsi” en “Precious Ramotswe”), sou dus reeds vir die meeste BT-lesers ook vreemd klink. Deur hierdie name in hulle oorspronklike vorm in die DT te behou, het die vertaler dieselfde as McCall Smith probeer doen, naamlik om die DT-leser deur middel van vervreemding (sien 3.4) as’t ware na Botswana te neem en hom/haar aan die lewe daar bekend te stel.

Selfs wanneer hierdie vertaler die opsie gehad het om die spelwyse van ’n karakter se naam te domestikeer, byvoorbeeld in die geval van “Josiah” (E:34 par. 153), is daar op ’n ontleningstrategie besluit. Sodoende is konsekwenheid ten opsigte van karakters se name in die DT bereik, deurdat die Setswana of Engelse vorm en spelwyse deurgaans behou word.

Dieselfde geld aanspreekvorme soos “mma” (E:1 par. 1) en “rra” (E:10 par. 46), wat sonder kursivering in die BT gebruik word. “Mma” en “rra” is Setswana woorde wat onderskeidelik “mevrou” (“madam”) en “meneer” (“sir”) as vertaalekwivalent het wanneer dit as aanspreekvorm gebruik word. Hierdie aanspreekvorme is ter wille



van vervreemding onveranderd in die DT oorgeneem. Hierdie vertaler het egter die Afrikaanse skryfwyse met betrekking tot hoofletters gevolg en byvoorbeeld “slightly more slender than Mma Ramotswe” as “effens slanker as mma Ramotswe” vertaal.

Die woord “daddy” word dikwels in die BT gebruik (meestal met ’n hoofletter) om in die derde persoon na iemand se pa te verwys. Hierdie gebruik van die woord is ietwat ongewoon, ook in die brontaal. Een van hierdie vertaler se grootste probleme was dus om te besluit of “Daddy” in Afrikaans ook met ’n hoofletter geskryf moes word, byvoorbeeld in “The Daddy rose to his feet” (E:11 par. 63), omdat die gebruik van die hoofletter in Engels ook vreemd is. Die skrywer verwys ook elders in die teks na mma Ramotswe se pa as “her Daddy” (E:3 par. 11), in teenstelling met die gebruik van ’n kleinletter by “her father” (E:3 par. 11) op ander plekke.

Dit wil voorkom of “Daddy” binne die konteks van hierdie teks ’n baie spesifieke, byna ikoniese begrip is, aangesien dit ’n kultuurspesifieke beeld oproep van ’n versorgende, liefdevolle pa wat sy uitgebreide familie na die beste van sy vermoë onderhou. Die feit dat McCall Smith ook soms na ’n bepaalde vaderfiguur verwys as “the Daddy” in plaas van byvoorbeeld “her Daddy” (“So you are not the Daddy!”, E:11 par. 68) dra by tot hierdie veronderstelling. Hierdie vertaler het gevolglik die vertaalstrategie van ontleding gebruik en nie net die woord “daddy” as deel van haar vervreemdende benadering behou nie, maar ook die hoofletter in “Daddy” wanneer dit in die BT gebruik word.

Die DT-leser sal dus moontlik uit die gebruik van “daddy” in plaas van “pappa” of “pappie” kan aflei dat hy/sy ’n teks lees wat oorspronklik vir ’n ander teikengroep geskryf is. Aan die ander kant is die gebruik van die woord “daddy” in hierdie konteks vir ’n groot deel van die bruin teikenlesersgroep nie vreemd nie – hulle sal dus juis daarby aansluiting kan vind.

Wat die uitroep “Aiee! ... My little baby Happy!” (E:10 par. 49) betref, is die byvoeging van die naam “Happy” eintlik ietwat onnatuurlik, maar binne die konteks van die bedrieër wat hard probeer om voor te gee dat hy geskok en hartseer is, is hierdie oordreweheid gepas. Hierdie vertaler het die naam dus in die vertaling behou, al klink dit effens onnatuurlik: “My arme babatjie Happy!” Verder is die kreet “Aiee!” net so behou, omdat dit ’n klank voortbring wat heel gepas is by hierdie uitroep.

### 5.2.2 Geografiese name

Die meeste geografiese name is onveranderd in die DT opgeneem (byvoorbeeld “Mahalapye” en “Francistown”), met die uitsondering van name wat bekende Afrikaanse vertaalekwivalente het, byvoorbeeld “Zululand” (“Zoeloeland”) en “Bechuanaland Protectorate” (“Betsjoeanaland Protektoraat”). Die rede hiervoor is dat die Engelse vorme hier onnodig vreemd sou wees vir die DT-leser, omdat hy/sy ten minste sommige van hierdie name in Afrikaans sal ken.

### 5.2.3 Name van instansies

#### (a) *Hospitale*

Hierdie vertaler het probleme ondervind wat die hantering van hospitaalname (“Mpilo Hospital”, “Princess Marina Hospital”, “Dutch Reformed Hospital” en “Scottish Missionary Hospital”) betref. Hoewel konsekwentheid in die vertaling nagestreef is, was dit nie altyd in hierdie gevalle moontlik nie, omdat elkeen van hierdie hospitaalname individueel beoordeel moes word.

In die geval van beide “Mpilo Hospital” (E:6 par. 23) en “Princess Marina Hospital” (E:9 par. 43) het hierdie vertaler besluit dat die “Hospital”-deel van die naam te vreemd sou klink in ‘n Afrikaanse teks en dit gevolglik as “Mpilo Hospitaal” (A:37 par. 23) en “*Princess Marina* Hospitaal” (A:40 par. 43) onderskeidelik vertaal. Die strategie van gedeeltelike ontlening is dus toegepas.

Omdat die “Dutch Reformed Hospital” (E:14 par. 82) se naam van ‘n Afrikaanse kerk afkomstig is, het hierdie vertaler dit vertaal – “Dutch Reformed” sou vir die DT-leser onnodig vreemd wees. Hierdie vertaler het egter nie die volle naam (“Nederduitse Gereformeerde”) gebruik nie, maar eerder die alombekende afkorting “NG”: “NG Hospitaal” (A:43 par. 82). Ook in hierdie geval het die vertaler dus eintlik gedomestikeer, aangesien die naam aangepas is om by die kennis en agtergrond van die beoogde DT-leser in te pas (sien 3.4).

Wat die “Scottish Missionary Hospital” (E:37 par. 169) betref, is die strategie van ontlening egter toegepas, omdat hierdie hospitaal sy oorsprong en naam aan Skotse sendelinge te danke het en die naam dus meer outentiek sal wees indien die

Engelse vorm behou word. Die Engelse naam (soos al die ander Engelse name van instansies) is in die DT gekursiveer (A:59 par. 169).

(b) *Banke en ander gevalle*

Die naam van 'n bank soos die “Bank of Botswana” (E:17 par. 90) is ter wille van vervreemding onveranderd behou. In die geval van die “Bank of Botswana” is daar in elk geval geen amptelike Afrikaanse vertaling vir die naam nie. Hoewel “Standard Bank” (E:22 par. 105) 'n Suid-Afrikaanse bank is, word die Afrikaanse vorm van die naam (“Standerd Bank”) nie amptelik aanvaar nie. Hierdie naam is dus ook direk uit die BT oorgeneem en ter wille van konsekwentheid gekursiveer.

Die naam van die radiostasie “Radio Botswana” (E:4 par. 17) kan as 'n Afrikaanse óf Engelse naam gelees word. Teen die agtergrond van Britse kolonisasie in Afrika en spesifiek die vestiging van die Engelse taal in Botswana, is hierdie vertaler egter van mening dat die naam as Engels beskou moet word. Daarom is die naam ter wille van vervreemding in die DT gekursiveer (A:36 par. 17) om sodoende aan te dui dat dit 'n Engelse naam is.

Dieselfde geld die winkel, die “Small Upright General Dealer” (E:31 par. 139) – hierdie naam kan nie sonder meer as 'n vertaling van 'n Setswana naam beskou word nie, omdat dit heel moontlik 'n oorspronklike Engelse naam is. Hierdie vertaler het volgens laasgenoemde veronderstelling die Engelse naam in die DT (A:55 par. 139) behou.

Die hantering van die skool se naam en veral die titel van Precious se tekening soos dit by die prysuitdelingsfunksie onderaan haar prent verskyn (E:40 par. 180), was problematies. Hierdie vertaler het geredeneer dat indien die titel van die tekening in die tekswêreld in Setswana verskyn het, dit eerder in Afrikaans vertaal moes word (“Beeste langs dam”), maar indien die titel binne die konteks van 'n landswye prysuitdelingsfunksie in Botswana Engels was, dit in die DT in die Engelse vorm behou moes word.

Met die agtergrondkennis dat Engels die amptelike taal van Botswana is, het hierdie vertaler uiteindelik besluit dat die kans groter is dat so 'n funksie waar die Minister van Onderwys aanwesig is, in Engels gehou sou word. Daarom is die skool se naam en die titel van die tekening onveranderd behou (A:61 par. 180). Die strategie

van ontlening is dus weer eens hier toegepas. Hierdie vertaler het egter die lettertipe van die tekening se titel verander sodat dit dieselfde is as dié waarin die skool se naam gedruk is (“CATTLE BESIDE DAM” in plaas van “Cattle beside Dam” soos dit in die BT verskyn).

Wat die “Botswana Penal Code” (E:11 par. 68) betref, is die Engelse benaming nie behou nie, omdat hierdie vertaler van mening is dat mma Ramotswa hierdie term in elk geval in Setswana sou gesê het en nie in Engels nie. Daarom is “the Botswana Penal Code” met “die Strafwetboek van Botswana” (A:41 par. 68) vertaal. Die hoofletter is behou, omdat die spreker in hierdie geval na ’n spesifieke strafwetboek verwys.

Dieselfde beginsel is van toepassing op “Botswana Calendar” (E:39 par. 172) – Batswana soos Precious Ramotswa se onderwysers sal waarskynlik in Setswana na hierdie almanak verwys; daarom is dit met “Botswana Almanak” (A:60 par. 172) vertaal.

#### 5.2.4 Setswana woorde in die BT

Die vervreemdende benadering (sien 3.4) het ’n bepalende rol gespeel in die hantering van Setswana woorde in die BT. Die groet “dumela” (“goeiedag”, E:10 par. 46) is byvoorbeeld ter wille van vervreemding in Setswana behou – soos ook die aanspreekvorme “mme”, “mma” en “rra” (sien 5.2.1).

In die geval van “molope” (E:14 par. 81), het hierdie vertaler die skrywer se voorbeeld van vervreemding gevolg en die naam behou, omdat McCall Smith die Setswana naam gebruik het ten spyte van die feit dat daar ’n erkende Engelse naam vir hierdie voël is, naamlik “long-tailed widow”. Om “molope” aan die BT-leser te verduidelik, het hy egter ’n beskrywing bygevoeg: “fluttering molopes, with their long, trailing tail-feathers”. Hierdie beskrywing is ook in die DT behou. Hierdie vertaler het die keuse gehad om ’n voetnoot in te voeg met die voël se Afrikaanse naam, naamlik “langstertflap”, maar het verkies om dit nie te doen nie, omdat ’n voetnoot dikwels die leser se ritme versteur (sien 2.4, bl. 16-17) en dit nie werklik so belangrik is om presies te weet na watter voël die skrywer hier verwys nie. Dit is belangriker om die “atmosfeer” van Botswana vas te vang, en die gebruik van die Setswana woord “molope” dra daartoe by.

Wat die gebruik van die Setswana naam vir God (“Modise”) betref, gee McCall Smith die Engelse benaming tussen hakies ná die Setswana woord: “We are the ones who first ploughed the earth when Modise (God) made it” (E:32 par. 146). Hierdie vertaler het dus die opsie gehad om dit in die DT ook op hierdie manier te hanteer, maar het besluit om dit nie te doen nie en net die woord “Modise” te gebruik, aangesien die leser die woord tussen hakies steurend kan vind. Binne die inhoudelike konteks van die betrokke passasie en die feit dat dit duidelik gemaak word dat die gedig uit Setswana vertaal is, behoort die leser te kan aflei wie met “Modise” (A:56 par. 146) bedoel word. In hierdie geval is inligting wat in die BT eksplisiet aan lesers gestel word, dus in die DT meer implisiet gemaak, met die veronderstelling dat die DT-lesers wel in staat sal wees om die betekenis self te kan aflei.

Hierdie vertaler het dit wel oorweeg om die Setswana woorde wat in die teks voorkom, in ’n afsonderlike glossarium te verduidelik. Hierdie behoefte om die vertaling duideliker te probeer maak as wat die oorspronklike teks is, sluit aan by Berman (2001:289) se stelling dat verduideliking (*clarification*) inherent is in vertaling, deurdat elke vertaling ’n mate van verklaring of uiteensetting bevat.

Daar is egter uiteindelik teen die insluiting van ’n glossarium besluit, aangesien die funksionele betekenis van die Setswana woorde uit die konteks afgelei kan word (sien 2.4, bl. 16-17). Nog ’n faktor wat ’n bepalende rol in hierdie vertaler se besluit gespeel het, is die feit dat McCall Smith dit nie nodig gevind het om hierdie woorde aan die BT-lesers te verduidelik nie, hoewel hulle, soos reeds verduidelik, eintlik verder van die tekswêreld verwyder is as die beoogde DT-lesers (sien 3.3.2).

### **5.3 Interkulturele vertaalprobleme**

Elke kultuur het sy eie gewoontes, norme en konvensies met betrekking tot verbale en nie-verbale gedrag (Nord 1997a:59). Die vertaler kan in hierdie verband probleme ondervind wanneer daar verskille is tussen die konvensies van die betrokke twee kulture, byvoorbeeld met betrekking tot konvensionele aanspreekvorme, mates, genre, ensovoorts (Schäffner & Wiesemann 2001:25).

Dit is belangrik dat die vertaler in gedagte moet hou dat die beoogde DT-lesers in die geval van *The No.1 Ladies’ Detective Agency* nie almal dieselfde kulturele agtergrond het nie. Die kultuur van die wit middelklasleser verskil byvoorbeeld in

heelwat opsigte van dié van die bruin middelklasleser. 'n Groot deel van laasgenoemde lesersgroep sal byvoorbeeld die gebruik van die woord “daddy” (sien 5.2.1) in die Afrikaanse teks nie so vreemd vind as die meeste wit lesers nie, aangesien die Afrikaanssprekende bruin middelklasgemeenskap dikwels geneig is om die aanspreekvorm “daddy” te gebruik.

In hierdie afdeling word die hantering van kultuurspesifieke konsepte en tradisies van die Batswana en ander swart bevolkingsgroepe in Suid-Afrika bespreek, sowel as enkele ander aspekte wat tot vertaalprobleme aanleiding gegee het, byvoorbeeld verwysings na God in die derde persoon. Verskillende konvensies wat in Afrikaans en Engels ten opsigte van tydsvorm bestaan, word ook bespreek.

### 5.3.1 Kultuurspesifieke konsepte

Algemene benamings vir of omskrywings van konsepte wat eintlik kultuurgebonde is, kom dikwels in die BT voor. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die tekswêreld relatief vreemd is vir die BT-lesers en dat baie kultuurspesifieke begrippe, byvoorbeeld “lobola” en “sangoma”, daarom ook vir hulle onbekend sal wees.

In sodanige gevalle het die vertaler probeer om die algemene benaming of omskrywing met 'n kultuurspesifieke term te vervang wanneer dit binne die konteks toepaslik was:

- “village” (E:16 par. 85) – “stat” (A:44 par. 85)
- “if I was prepared to pay the father enough money for the girl” (E:16 par. 85) – “as ek bereid was om genoeg lobola aan die meisie se pa te betaal” (A:44 par. 85)
- “traditional healers” (E:29 par. 135) – “sangomas” (A:54 par. 135)
- “shack” (E:37 par. 168) – “kaia” (A:59 par. 168)

In al hierdie gevalle is die konsepte dus eintlik tydens die vertaalproses “vervreem”, maar binne die konteks van die multikulturele samelewing waaraan die DT-lesers blootgestel is, en die feit dat hierdie konsepte nie tot Botswana beperk is nie, maar ook in Suid-Afrika algemeen is, kan hierdie vertaler aanvaar dat die teikenlesers dit wel sal verstaan.

Waar McCall Smith wel 'n kultuurspesifieke woord soos “totsis” (moontlik 'n tikfout – “tsotsis”, E:25 par. 117) met kursivering gebruik, het hierdie vertaler dit in die

vertaling behou, maar sonder kursivering en met die Afrikaanse spelwyse (A:51 par. 117).

Hierdie vertaler het probleme ondervind met die vertaling van “maize beer” (E:16 par. 85): hoewel mielies (“maize”) as bestanddeel in verskeie tipes bier gebruik word, is die naam “mieliebier” nie bekend nie. Dit is wel bekend dat koringbier dikwels in plaaslike gemeenskappe gebrou word, maar hierdie vertaler kon nie seker wees of dít is wat McCall Smith hier bedoel nie. Daarom is die besluit geneem om “maize beer” bloot as “bier” (A:44 par. 85) te vertaal. Die vertaalstrategie van veralgemening is dus hier toegepas, deurdat ’n hiponiem wat in die BT voorkom, in die DT deur ’n superordinaat vervang is.

Daar is ook ander kultuurspesifieke faktore wat tydens die vertaalproses na vore gekom het. ’n Voorbeeld hiervan is “A man could walk, or ride, forever” (E:14 par. 81) as deel van Obed Ramotswa se bepeinsing, waar “a man” die manifestering van die patriargale stelsel in die inheemse Afrika-tradisie is. Dit kan dus volgens hierdie vertaler nie bloot met “’n mens” vertaal word nie, omdat dit daardie aspek van die Afrika-kultuur verlore sal laat gaan.

Dieselfde verskynsel kan later in die teks weer gesien word met “lonelier than a man standing in ...” (E:15 par. 84) en “there is no difference between white men and black men” (E:17 par. 88). Hierdie vertaler het gevolglik “a man” in sulke gevalle telkens letterlik vertaal met “’n man” (A:44 par. 84). In die bostaande geval waar die woord “men” in die BT gebruik word, het hierdie vertaler daarteen besluit om die meervoud “mans” te gebruik, aangesien dit nie in hierdie geval heeltemal geskik sou wees nie. Deurdat die enkelvoud in die DT (A:45 par. 88) gebruik is, is ’n verandering dus aan die struktuur van die frase aangebring.

Verder kan die vertaling van “support” in “the African tradition of support” en “who was supporting an uncle, two aunts ...” (E:9 par. 44) probleme veroorsaak indien dit nie binne die konteks van die swart bevolkingsgroepe se tradisionele breër familiestelsel beskou word nie. In hierdie konteks moet “support” dus nie met “ondersteun” vertaal word nie, maar eerder met “versorg” of “onderhou” (A:40 par. 44).

Omdat die buitelandse BT-leser waarskynlik nie bekend is met akasias nie, gebruik McCall Smith telkens die woorde “acacia tree” (E:1 par. 2, E:2 par. 5) om na hierdie



boomsoort te verwys. Hierdie vertaler het egter geredeneer dat dit nie nodig is om die woord “boom” in die DT by te voeg nie, aangesien dit effens onnatuurlik klink en die meeste teikenlesers in elk geval sal weet dat 'n akasia 'n boom is. “Acacia tree” is dus deurgaans met “akasia” (A:34 par. 2, A:35 par. 5) vertaal.

Precious Ramotswa se voorliefde vir “redbush tea” (E:1 par. 1) figureer redelik dikwels in die verhaal. Daar word ook soms daarna verwys as “bush tea” (E:5 par. 20). Omdat rooibostee oral in Suid-Afrika bekend is, het hierdie vertaler egter beide “redbush tea” en “bush tea” deurgaans as “rooibostee” vertaal. Hoewel daar ook soms in die algemene spreektaal na rooibostee verwys word as “bossie(s)tee” (Du Plessis *et al.* 2005:829 en Odendal & Gouws 2003:949), het hierdie vertaler geredeneer dat dit lesers net sou verwar indien daar soms van “bossie(s)tee” in plaas van “rooibostee” gepraat sou word, aangesien daar in Suid-Afrika ook ander soorte tee van struik gemaak word, byvoorbeeld heuningbostee.

### 5.3.2 Mates

Die gebruik van myl in die BT om afstand aan te dui in “the miles and miles of blue about him” (E:15 par. 84) verklap die skrywer se herkoms (Skotland). Hoewel die metrieke stelsel in Botswana gebruik word, het hierdie vertaler die betrokke frase letterlik vertaal met “die myle en myle blou om hom” (A:44 par. 84) om sodoende iets van die skrywer se stem te behou. Hierdie besluit kom ooreen met die vervreemdende benadering wat tydens die vertaalproses gevolg is (sien 3.4).

### 5.3.3 Konvensies ten opsigte van tydsvorm

In Afrikaans is dit die konvensie om die historiese presens in romans te gebruik, terwyl die verledetydsvorm gewoonlik in Engels gebruik word. Hierdie kwessie moes dus tydens die vertaalproses aandag kry. Hoewel hierdie vertaler oor die algemeen nie probleme met die tydsvorm ondervind het nie, was daar tog gevalle wat meer aandag en beredenering geverg het.

'n Voorbeeld van so 'n geval kom in die gedeelte onder “Lessons about boys” (E:33 par. 149) voor:

- “... she had been puzzled – and remained so – when it came to certain other aspects of religion. She could not believe that the Lord had walked on water –

you just couldn't do that – nor had she believed the story ... which was equally impossible. These were lies, she was sure of it ...”

Binne die wyer konteks – en omdat daar genoem word dat Precious as volwassene nog steeds hierdie beskouing het – is dit duidelik dat dit nie so eenvoudig is om te bepaal watter tydsvorm in die Afrikaanse vertaling die toepaslikste sou wees nie.

Hierdie vertaler het uiteindelik besluit om die verledetydsvorm van elkeen van die onderstreepte werkwoorde hierbo te gebruik:

- “Sy kon nie glo dat die Here op water geloop het nie – jy kan dit net eenvoudig nie doen nie – en sy het ook nie die storie van die kosgeëry vir die vyfduisend geglo nie, wat net so onmoontlik was. Dit was leuens, sy was seker daarvan ...” (A:56 par. 149)

Die verlede tyd is ook reeds aan die begin van die paragraaf waarin hierdie gedeelte in die DT voorkom, gebruik; sodoende gee dit aan die leser meer perspektief oor die tyd waarin die gebeure (die Sondagskoollesse) afspeel. Nogtans sou 'n mens kon redeneer dat die onderstreepte werkwoorde eerder in die teenwoordigetydsvorm geskryf moet word, aangesien dit duidelik gestel word dat Precious nog steeds die genoemde beskouings het. Hierdie vertaler het egter daarteen besluit, maar deur die invoeging “you just couldn't do that” met “jy kan dit net eenvoudig nie doen nie” (A:56 par. 149) te vertaal, het sy tog iets van Precious se hedendaagse beskouing oor die saak behou.



Die verledetydsvorm in die BT wat tydens Obed Ramotswe se gedagtegang (vanaf E:13) met die teenwoordige tyd afgewissel word, het ook vertaalprobleme veroorsaak. Hierdie probleme het byvoorbeeld opgeduik in:

- “we would dare one another to run as close as we could to it. The stokers would shout at us, and the station master would blow his whistle, but they never managed to get rid of us.” (E:13 par. 79)

Die vertaler het in hierdie geval besluit om dit nie te vertaal met “ons sou mekaar uitdaag ... Die stokers sou ... en die stasiemeester sou ...” nie, omdat dit in hierdie konteks steurend sou wees. Hierdie vertaler het dus eerder die verledetydsvorm gebruik, en dit in konteks geplaas deur die gebruik van die woord “dan” aan die begin van die tweede sin:

- “ons het mekaar uitgedaag om so naby aan die trein te hardloop as wat ons kon. Dan het die stokers op ons geskree, en die stasiemeester het sy fluitjie geblaas, maar hulle kon dit nooit regkry om van ons ontslae te raak nie.” (A:42 par. 79)

Nog 'n geval waarmee hierdie vertaler probleme ondervind het, was die vertaling van “this was true” in “We all knew this was true” (E:14 par. 82). Hierdie vertaler het dit uiteindelik binne die konteks van die spesifieke tydsvorm van die hele tweede hoofstuk vertaal met “Ons het almal geweet dit was waar” (A:43 par. 82) in plaas van “Ons het almal geweet dit is waar”. In hierdie konteks dui die verledetydsvorm spesifiek op 'n verskynsel wat in die verlede van toepassing was.

#### 5.4 Interlinguistiese vertaalprobleme

Die strukturele verskille in woordeskat, sintaksis en ander elemente van die betrokke twee tale (in hierdie geval Afrikaans en Engels) lei dikwels tot praktiese vertaalprobleme (Nord 1997a:60).

Interlinguistiese vertaalprobleme kan ook opduik wanneer die spesifieke stilistiese patrone wat in die BT- en DT-kultuur verkies word, van mekaar verskil (Nord 1997a:60). Daar kan dus konflik ontstaan tussen die persoonlike, unieke styl van die BT-skrywer en die DT-lesers se verwagtinge dat die vertaling aan die algemene konvensies van “goeie styl” moet voldoen. Hierdie aspek oorvleuel vanselfsprekend met interkulturele vertaalprobleme (sien 5.3), omdat enige taal geanker is in die konteks van kultuur (Nord 1997a:45). Voorbeelde van die hantering van probleemgevalle in hierdie verband word vervolgens bespreek.



##### 5.4.1 Herhalings

Die skrywer is soms geneig om sekere woorde of begrippe te herhaal. Waar moontlik, het hierdie vertaler probeer om funksionele herhalings te behou. Dit was egter nie altyd moontlik nie, byvoorbeeld waar die woord “distance” in die volgende gedeelte herhaal word:

- “sit ... and look out to the hills in the distance. When you see these hills from a distance, they are blue; as all the distances in this country are.” (E:15 par. 84). In Afrikaans kan “hills in the distance” byvoorbeeld met “koppies in die verte” vertaal word, maar “all the distances in this country” kan nie in hierdie konteks met “al die vertes in hierdie land” vertaal word nie. Hierdie vertaler het dus nie hierdie herhaling behou nie, hoewel die woord “verte” wel twee keer herhaal is (A:44 par. 84).

Verder gebruik McCall Smith soms herhalings van persoonlike voornaamwoorde, byvoorbeeld in “We had lots of chickens and we were very happy” (E:5 par. 22). In

sulke gevalle het hierdie vertaler die herhaling behou (A:37 par. 22) om sodoende die skrywer se stem te laat deurkom, in plaas daarvan om dit met 'n meer konvensionele styl “glad te stryk” deur die tweede “we” (“ons”) weg te laat. Vertalers wat volgens 'n domestikerende benadering werk (sien 3.4), sou egter waarskynlik laasgenoemde strategie verkies het.

Die gebruik van die herhalende uitroepe “I see! I see!” (E:11 par. 68) met die uitroepetekens so kort na mekaar is ook ietwat vreemd, omdat die uitroepetekens op 'n byna onnatuurlike wyse skree. Tog het hierdie vertaler albei uitroepetekens in die vertaling behou (“Ek sien! Ek sien!”, A:41 par. 68) om weer eens iets van die skrywer se stem in die teks te behou.

Hierdie vertaler het egter probleme ondervind om die herhaling van “a piece of” in die volgende gedeelte te behou: “What a piece of chicanery, of fraud! What a piece of outright theft in fact!” (E:8 par. 39). Hierdie herhaling speel 'n groot rol daarin om mma Ramotswa se intense misnoeë te kenne te gee. Waar “a piece of” in die brontaal in verskeie kontekste gebruik kan word, byvoorbeeld in “a piece of outright theft”, geld dieselfde egter nie in die doeltaal nie: “'n stuk blatante diefstal” is eenvoudig nie idiomaties nie.

Hierdie vertaler kon gevolglik nie daarin slaag om “'n stuk ...” in die DT te herhaal nie, omdat die gebruik van idiomatiese Afrikaans in hierdie geval belangriker was as om die herhaling te behou. Ook die formaat van hierdie gedeelte moes dus tydens die vertaalproses verander word: “Wat 'n skelmstreek; wat 'n stuk bedrog! Blatante diefstal, dís wat dit is!” (A:39 par. 39). Verskuiwings het dus tussen tekseenhede plaasgevind, deurdat die BT-woord “fraud” met die DT-frase “'n stuk bedrog” korrespondeer, en die BT-frase “in fact” met die DT-sin “dís wat dit is!”.

#### 5.4.2 Woordeskat en semantiek

##### (a) *Interpretasie van leksikale items in die BT*

Voorbeelde van Engelse woorde wat vertaalprobleme geskep het omdat hulle op meer as een manier vertolk kan word, is “you”, “second cousin”, “cousins” en “girl”.

Die vertaling van “you” (E:10 par. 46) het probleme geskep waar mma Ramotswa Happy Bapetsi se “pa” aanspreek – moes dit as “jy” of “u” vertaal word? Hierdie

vertaler moes dus self besluit watter vlak van formaliteit die geskikste sou wees. Daar is op die beleefde “u” besluit vir die begin van die gesprek (A:40 par. 46), om by haar dekmantel as verpleegster te pas. Hierdie vertaler het dit egter na “jy” verander sodra mma Ramotswe uitvind dat die man ’n bedrieër is (A:41 par. 68), om sodoende haar misnoeë ook op daardie manier te kenne te gee.

Verder is “second cousin” (E:9 par. 44) ’n neutrale begrip wat manlik of vroulik geïnterpreteer kan word. In die Afrikaanse vertaling moes hierdie vertaler egter kies tussen “kleinniggie” en “kleinneef”. Weer eens moes die konteks in gedagte gehou word. Hierdie vertaler het geredeneer dat die kans dalk groter is dat ’n meisie/vrou (“kleinniggie”) deur ’n familielid onderhou moet word as ’n man (“kleinneef”), binne die konteks van die Batswana-kultuur. Daarom het hierdie vertaler op “kleinniggie” (A:40 par. 44) besluit.

Waar daar na “other distant cousins” (E:36 par. 165) verwys word, het hierdie vertaler aanvaar dat daar na beide manlike en vroulike familieledes verwys word, aangesien hierdie verwysing binne die konteks van ’n huweliksplegtigheid en -fees geskied. Gevolglik is dit met “ander verlangse neefs en niggies” (A:59 par. 165) vertaal.

Nog ’n Engelse woord wat dikwels vertaalprobleme veroorsaak, is “girl”, byvoorbeeld in “A girl should know her own Daddy” (E:10 par. 50). Omdat die “girl” ter sprake ’n volwasse vrou van 38 jaar is, was dit ’n moeilike besluit om tussen “meisie” en “vrou” as vertaalekwivalent te besluit. Hierdie vertaler het uiteindelik op “vrou” besluit (A:40 par. 50), omdat “girl” in Engels soms wel in die konteks van ’n volwasse vrou gebruik word, maar “meisie” in Afrikaans word selde so gebruik.

Obed Ramotswe verwys ook na sy dogtertjie as “my little girl” en “my only child, my girl” (E:25 par. 119). Hier sou dit egter onvanpas wees om “girl” met “meisie” te vertaal. Hierdie vertaler het ook geredeneer dat die skrywer die woord “daughter” kon gebruik het, maar moontlik doelbewus verkies het om “girl” te gebruik. Daarom is hierdie gedeeltes nie met “my dogtertjie” en “my enigste kind, my dogter” onderskeidelik vertaal nie, maar eerder met “my meisiekindjie” en “my enigste kind, my meisiekind” (A:51 par. 119). Hierdie vertaler het probeer om Obed se karakter ook deur middel van sy taalgebruik in die DT geloofwaardig te maak, en woorde soos “my meisiekindjie” of “my meisiekind” dra daartoe by om sy karakter te vorm.

Die woord “girl” word later op nog ’n ander manier gebruik: “As a girl, Precious Ramotswe liked to draw” (E:38 par. 171). In hierdie geval sou beide “meisiekind” en “meisie” nie gepaste vertaalekwivalente wees nie, aangesien Precious se ouderdom nooit genoem word nie en dit dus moontlik is dat sy steeds as ’n meisie beskou kan word. Hierdie vertaler het uiteindelik tussen die volgende twee opsies as vertaalekwivalente vir “girl” gekies: “jong meisie” en “kind”. Omdat daar genoem word dat sy in hierdie tyd tien jaar oud geword het, het hierdie vertaler besluit dat “kind” in hierdie geval die mees gepaste vertaling is: “As kind hou Precious Ramotswe daarvan om te teken” (A:60 par. 171).

Daar is ook verskeie ander woorde en/of begrippe in die BT wat tydens die vertaalproses probleme veroorsaak het as gevolg van faktore soos beperkings in die doeltaal, gebruiksverskille tussen leksikale items in die bron- en doeltaal en semantiese ondeursigtigheid in die BT. Voorbeelde van sodanige gevalle word vervolgens bespreek.

(b) *Beperkings in die doeltaal*

Byvoeglike naamwoorde / bywoorde

Vertaalprobleme het soms opgeduik waar die skrywer sinonieme in dieselfde sin in die BT gebruik wat gewoonlik binne daardie spesifieke konteks net een Afrikaanse vertaalekwivalent het. ’n Voorbeeld hiervan is “but many of them had very little to do” (E:21 par. 101). Indien hierdie gedeelte bloot vertaal is met “maar baie van hulle het baie min te doen gehad”, sou die gebruik van die woord “baie” twee keer so kort na mekaar steurend wees. Hierdie vertaler het die probleem opgelos deur “very little” met “maar min” te vertaal: “maar baie van hulle het maar min te doen gehad” (A:48 par. 101). Hoewel die woord “maar” nou ook twee keer kort na mekaar gebruik word, is dit nie steurend nie, omdat die woord verskillende leksikale kategorieë verteenwoordig, naamlik dié van onderskeidelik neweskikker en sinsadjunk, en die semantiek gevolglik verskil.

Die Engelse woord “kind” in die BT het ook probleme veroorsaak. Hierdie woord kan in verskillende kontekste met onder andere “gaaf”, “goed”, “vriendelik”, “dierbaar”, “goedhartig” of “goedgesind” vertaal word. In die geval van die frase “that friend who was a kind Zulu” (E:22 par. 104) was nie een van bogenoemde opsies egter heeltemal geskik nie. Hierdie vertaler het byvoorbeeld teen die vertaling “daardie

vriend wat 'n goeie Zoeloe was” besluit, aangesien “goeie” die vriend as Zoeloe beskryf en nie as mens nie. Ook die woord “gawe” was nie geskik nie, omdat dit in hierdie geval op 'n oppervlakkige vriendelikheid kan dui wat nie die skrywer se bedoeling was nie. Daar is uiteindelik besluit om die frase te vertaal met “daardie vriend wat 'n Zoeloe met 'n goeie hart was” (A:49 par. 104), omdat dit volgens hierdie vertaler die akkuraatste vertaling is.

Wat die gedeelte “I have a very kind husband” (E:38 par. 170) betref, het hierdie vertaler nie dieselfde oplossing as in die geval hierbo gebruik nie, maar “kind” in hierdie geval as “dierbaar” vertaal: “Ek het 'n baie dierbare man” (A:60 par. 170). Indien die woord “good” of “kind-hearted” in die BT gebruik is (“I have a very good/kind-hearted husband”), sou hierdie vertaler dit met “goeie” of “goedhartige” onderskeidelik vertaal het. Die woord “dierbare” was egter binne die konteks die beste opsie, aangesien dit ook iets van die niggie en haar man se verhouding aan die leser oordra.

### Selfstandige naamwoorde

Die frase “tiny white van” (E:1 par. 1) word dwarsdeur die boek (en die res van die reeks) herhaal. Omdat die skrywer 'n baie spesifieke beeld hiermee skep, het hierdie vertaler ook dieselfde herhaling deurgaans toegepas. Dit het meegebring dat daar baie aandag aan die vertaling van hierdie frase gegee moes word.

Die vertaling van “van” het egter probleme veroorsaak, omdat die skrywer hier 'n klein afleweringvoertuig – iets tussen 'n bakkie, bussie, stasiewaentjie en paneelwaentjie – in gedagte het. Die woord “afleweringvoertuig” is egter te lank en lomp om in 'n bondige frase soos “tiny white van” gebruik te word. “Klein wit afleweringvoertuig” of “klein wit afleweringwaentjie” sou dus nie gepas wees nie. Hierdie vertaler het die frase uiteindelik as gevolg van linguïstiese beperkings in die doeltaal verander na “klein wit bussie” (A:34 par.1), hoewel “bussie” eintlik op 'n ander soort voertuig dui as wat die skrywer aanvanklik in gedagte gehad het. In 'n sekere sin is sinonimie dus as vertaalstrategie gebruik.

Die woord “husband” in Engels word in die algemene spreektaal met “man” in Afrikaans vertaal, wat soms verwarrend kan wees. “Husband” sou ook met “eggenoot” of “gade” vertaal kon word, maar hierdie woorde word selde in die



algemene spreektaal gebruik. Tydens die vertaling van *The No.1 Ladies' Detective Agency* het die vertaling van die woord "husband" soms probleme veroorsaak.

Een voorbeeld kom in die frase "the homecoming of a husband" (E:25 par. 118) voor. Hierdie vertaler het die volgende opsies gehad: "die tuiskoms van 'n eggenoot", "die tuiskoms van 'n man", "'n eggenoot se tuiskoms" en "'n man se tuiskoms". 'n Faktor wat bygedra het tot die besluit wat uiteindelik geneem is, is die feit dat Obed Ramotswa in hierdie gedeelte aan die woord is. 'n Persoon soos Obed sou nooit die woord "eggenoot" gebruik nie – dit is eenvoudig te formeel. Daarom het hierdie vertaler besluit om die frase as "'n man se tuiskoms" te vertaal: "Hy het my vrou na my toe sien aankom, en hy wou nie inmeng in 'n man se tuiskoms nie." (A:51 par. 118). Binne die konteks is dit immers duidelik dat die woord "man" in hierdie geval 'n sinoniem vir "eggenoot" is.

Nog 'n probleemgeval wat "husband" betref, het opgeduik in die gedeelte "with the husband at the wheel and the new bride sitting in the seat immediately behind him" (E:37 par. 167). Hier kon "husband" nie met "man" vertaal word nie, aangesien dit in 'n mate absurd sou wees ("met die man agter die stuurwiel en die nuwe bruid ..."). Die gebruik van die woord "eggenoot" was ook nie 'n oplossing nie, aangesien dit in hierdie konteks te formeel sou wees. Hierdie vertaler het uiteindelik op die volgende vertaling besluit: "met die nuwe man agter die stuurwiel en die bruid op die sitplek direk agter hom." (A:59 par. 167). Die woord "nuwe" kon nie in die vertaling as byvoeglike naamwoord gebruik word om die bruid te beskryf nie, aangesien dit belangriker was dat dit die man se status as eggenoot moes beskryf en 'n herhaling van die woord "nuwe" nie wenslik is nie.

Nog 'n woord wat in 'n mate vertaalprobleme veroorsaak het, is "lady" in "She was a short lady" (E:33 par. 150). Hoewel die algemeen gebruikte vertaalekwivalent vir "lady" gewoonlik "dame" is, sou dit nie in hierdie konteks gepas wees nie, aangesien die woord "dame" nie daarin sou slaag om die spesifieke beeld wat McCall Smith hier geskep het, in die vertaling te behou nie. Dit was vir hierdie vertaler belangrik om die gees van toegeneentheid teenoor mma Mothibi aan die leser oor te dra, en deur die woord "vroultjie" as vertaalekwivalent vir "lady" te gebruik ("Sy is 'n kort vroultjie", A:57 par. 150), word dit wel suksesvol gedoen.

### Werkwoordelike items

Wat die woord “start” betref in “a resounding thud that made the children start” (E:35 par. 158), bied die moontlike vertaalekwivalent “skrik” nie dieselfde betekeniswaarde as die Engelse woord nie. “Skrik” gaan gepaard met ’n erger graad van verskriktheid as “start”, wat bloot ’n verskrikte opkyk kan behels. Daarom het hierdie vertaler die bostaande gedeelte nie met “’n dowwe slag ... wat die kinders laat skrik” vertaal nie, maar eerder met “’n dowwe slag ... wat die kinders verskrik laat opkyk” (A:58 par. 158), wat meer akkuraat is, hoewel dit meegebring het dat “start” met meer as een woord vertaal moes word. Die vertaalstrategie wat dus hier gebruik is, is verskuiwing tussen tekseenhede, deurdat die BT-woord “start” met die DT-bysin “verskrik ... opkyk” vertaal is.

Dieselfde strategie is gebruik tydens die vertaling van die woord “wince” in “being more used to the wince of sympathy” (E:37 par. 169). Hierdie vertaalprobleem het ontstaan omdat daar nie ’n vertaalekwivalent in Afrikaans is wat presies dieselfde betekeniswaarde het nie. “Ineenkrimping” en “terugdeinsing” is opsies, maar laasgenoemde kan nie sinvol saam met “simpatie” gebruik word nie – “die terugdeinsing van simpatie” maak nie regtig sin nie. Aan die ander kant is “die ineenkrimping van simpatie” geneig om ietwat melodramaties te wees, omdat dit klink asof die ander persoon se hele liggaam ineenkrimp, wat eenvoudig nie gebeur nie.



Hierdie vertaler het die bostaande gedeelte uiteindelik vertaal met “met dié dat hy meer gewoond is aan gesigte wat uit simpatie vertrek word.” (A:59 par. 169). Hoewel dit weer eens nodig was om ’n enkele woord in die BT met ’n bysin in die DT te vertaal, is die resultaat meer geslaag as wat andersins die geval sou wees. Die belangrikste is dat die oplossing wat gevind is, die betekenis van die BT akkuraat in die DT weergee. Die skopos van die Afrikaanse vertaling behels immers dat ’n akkurate vertaling van die BT geproduseer moes word (sien 3.2 bl. 20-21).

(c) *Gebruiksverskille tussen leksikale items in die bron- en doeltaal*

### Byvoeglike naamwoorde

’n Frase wat in hierdie verband vertaalprobleme veroorsaak het, is “the hills, like improbable, overgrown termite-mounds” (E:1 par. 2). Die woord “improbable” kon

volgens hierdie vertaler nie binne die konteks met “onwaarskynlike” vertaal word nie. Wat “overgrown” betref, was die vertaalvertaalekwivalent “oorgroeide” ietwat lomp. Die idee van “oorgroei” moes dus in ’n mate ingeboet word om te voorkom dat die vertaling lomp en onnatuurlik word. Hierdie vertaler het uiteindelik besluit op “die koppies, soos die vreemdste reusermiethope” (A:34 par. 2), waar kernaspekte van beide die byvoeglike naamwoorde, “improbable” en “overgrown”, tog behou word.

Nog ’n byvoeglike naamwoord wat tydens die vertaalproses probleme veroorsaak het, is “sick” in “Happy was run over and is very sick at the hospital. ... She is very sick, very sick.” (E:10 par. 48, 51). Hoewel die woord “sick” in die BT nie regtig die korrekte woord is om ’n persoon wat deur ’n motor raakgery is, te beskryf nie, het hierdie vertaler dit tog aanvanklik oorweeg om “sick” met “siek” in plaas van “beseer” te vertaal. Die rede vir hierdie aanvanklike besluit is dat “sick” Precious Ramotswes se woordkeuse is tydens haar gesprek met die “daddy”, waartydens sy ook op ’n baie informele manier met ander mediese terme omgaan (“performing a big operation” in plaas van “operating” en “the right sort [of blood]” in plaas van “the right type [of blood]”).

Hierdie vertaler het egter uiteindelik besluit om nie die woord “siek” te gebruik nie, maar eerder “beseer”, omdat die DT-leser die gebruik van die woord “siek” in hierdie konteks waarskynlik te vreemd sou vind. ’n Mens moet hier ook in gedagte hou dat daar in Engels twee moontlike – maar verskillende – vertaalekwivalente vir “siek” bestaan, naamlik “sick” en “ill”. Die beeld wat ’n BT-leser aan die woord “sick” sal koppel, is dus nie noodwendig dieselfde as dié wat ’n DT-leser sal vorm wanneer die woord “siek” gelees word nie. Daarom is “beseer” in hierdie geval as die beste opsie beskou (A:40 par. 48, 51).

Verder het die sin “We must ask you for some blood.” (E:10 par. 53) ook vir hierdie vertaler probleme veroorsaak. “Some” kon hier nie met “’n bietjie” vertaal word nie, omdat mma Ramotswes dit oomblikke later duidelik maak dat sy eintlik die helfte van die man se bloed in gedagte het. Die vertaling “Ons moet u vra om bloed te skenk” sou weer te formeel wees; daarom het hierdie vertaler uiteindelik op “Ons moet u vra vir bloed” (A:41 par. 53) besluit. In hierdie geval is inligting wat in die BT voorkom om hoeveelheid aan te dui, dus in die DT weggelaat.

### Selfstandige naamwoorde

Sommige selfstandige naamwoorde in die BT kon nie bloot met die voor die hand liggende vertaalekwivalent vertaal word nie: 'n samestelling met 'n bepaler moes gevorm word. Voorbeelde hiervan is “sign” en “board” in onderskeidelik “She had a sign painted” (E:4 par. 16) en “placed prominently on a small board” (E:4 par. 17). Indien die vertaalekwivalente van hierdie woorde sonder meegaande bepalers gebruik is, sou die vertaling van bostaande bysinne soos volg daar uitsien: “Sy laat 'n bord ... verf” en “op 'n prominente plek op 'n bordjie ... geplak”.

Dit is duidelik dat “'n bord” in die eerste geval geen aanduiding aan die leser gee van watter tipe bord bedoel word nie, terwyl hierdie probleem nie met die Engelse woord “sign” bestaan nie. Daarom het die vertaler “sign” met “uithangbord” (A:36 par. 16) vertaal om hierdie probleem op te los. In die tweede geval herinner “bordjie” eerder aan kombuisware, wat beslis nie in die BT geïmpliseer word nie. “Board” is dus met “kennisgewingbordjie” (A:36 par. 17) vertaal sodat daar geen verwarring by die leser sal wees oor watter tipe bordjie bedoel word nie. Die byvoeging van die bepalers “uithang-“ en “kennisgewing-“ onderskeidelik veroorsaak dus dat hierdie inligting meer eksplisiet aan die DT-leser gestel word as wat in die BT die geval was.

Verder het die woorde “man trouble” in “So it was man trouble” (E:5 par. 21) probleme opgelewer. Die frases “probleme met 'n man” en “moelikheid met 'n man” is byvoorbeeld ietwat onnatuurlik en sou nie daarin kon slaag om die gees van die BT akkuraat oor te dra nie. Daar is uiteindelik besluit om “man” met “mansmens” te vertaal, om sodoende iets van Precious Ramotswhe se viesheid vir die betrokke man se gedrag uit te beeld. Die frase is ook uitgebrei om 'n werkwoord (“maak”) in te sluit: “So dis 'n mansmens wat die moeilikheid maak” (A:37 par. 21). Deur hierdie tekseenheidverskuiwing (vanaf BT-frase na DT-bysin) teweeg te bring, kon die vertaler daarin slaag om die gees van die BT doeltreffend in die DT te herskep.

Die vertaling van die woord “bearer” in “a bearer of prizes” (E:41 par. 192) het probleme veroorsaak, omdat nie een van die algemene vertaalekwivalente vir hierdie woord (“draer”, “bringer” of “houer”) in hierdie konteks geskik is nie. Indien die samestelling “pryshouer”, wat meer idiomaties is as “houer van pryse”, byvoorbeeld gebruik sou word, sou die sin se ritme versteur word. Hierdie vertaler het 'n oplossing gevind deur 'n effense betekenisverskuiwing teweeg te bring sonder om die boodskap van die BT te verander. Die klem is verskuif vanaf 'n passiewe

eienaarskap van die prys in die BT na 'n aktiewe verkryging daarvan in die DT: “'n wenner van pryse” (A:62 par. 192).

Die vertaler het ook probleme ondervind om die mees geskikte woordkeuse te maak tydens die vertaling van “aunt” in “to visit an aunt of hers” (E:26 par. 121): dit sou met “tannie” of “tante” vertaal kon word. “Tante” is 'n verouderde vorm en word selde in die algemene spreektaal as aanspreekvorm gebruik, maar veral ouer persone gebruik hierdie woord nog dikwels om in die derde persoon na so 'n familielid te verwys, omdat dit gebruiklik was in die tyd toe hulle jonk was. Daarom het die vertaler die woord “tante” in hierdie konteks bo “tannie” verkies (A:52 par. 121), omdat die spreker, Obed Ramotswa, in hierdie ouderdomsgroep val.

Nog 'n woord wat meer as een vertaalopsie bied, is “evil” in “Precious Ramotswa had learned about good and evil at Sunday School.” (E:33 par. 149). Hierdie woord sou met “sleg” of “kwaad” of selfs “boosheid” vertaal kon word. Daar is egter 'n bekende Bybelse toon aan die woordkombinasie “goed en kwaad”, wat die rede is waarom hierdie vertaler dit bo “goed en sleg” verkies het (A:56 par. 149), veral aangesien dit in hierdie geval binne die konteks van die Sondagskool genoem word.

Wat die opskrif “The Cousin’s Departure” (E:36) betref, kon “departure” met “weggaan” of “vertrek” vertaal word. Hoewel “vertrek” gewoonlik as vertaalekwivalent vir “departure” gebruik word, is “weggaan” volgens hierdie vertaler in hierdie geval meer gepas (A:58), omdat dit meer finaal is en daarom 'n emosionele aspek na vore bring: die feit dat die niggie vir altyd weg sou wees en nie weer na Precious toe sou terugkom nie.

#### Werkwoordelike items

Die vertaling van “being good” in “These are the rules for being good” (E:34 par. 152) het ook tyd geveer, aangesien die gebruik van die teenwoordige deelwoord “being” nie in Afrikaans behou kon word nie. Die vertaalopsie “Hier is die reëls om soet te wees” sou 'n betekenisverskuiwing meebring, omdat “soet” nie noodwendig dieselfde beteken as “being good” nie. Hierdie vertaler het dus eerder 'n nominale konstruksie gebruik: “Hier is die reëls vir goeie gedrag” (A:57 par. 152), omdat dit in hierdie konteks die mees gepaste keuse is.

Die hantering van die woord “watching” in “people from the village, ... waiting and watching” (E:36 par. 165) het ook probleme opgelewer. In die eerste plek moes transposisie as vertaalstrategie toegepas word, deurdat die teenwoordige-deelwoordkonstruksie van die werkwoorde “waiting” en “watching” as gevolg van die verskille tussen die bron- en doeltaal deur ’n betreklike-voornaamwoordkonstruksie (“wat wag en ...”) vervang moes word.

In die tweede plek was dit moeilik om die mees geskikte vertaalekwivalent vir “watching” te vind: die opsie “... wat wag en kyk” kan lesers verwar omdat dit ’n betekenisverskuiwing kan meebring; die woord “kyk” is in elk geval te vaag vir die oplettendheid wat met “watching” gepaard gaan. Die werkwoord “dophou”, wat meer gepas is, kan egter nie sonder ’n voorwerp gebruik word nie; daarom het hierdie vertaler dit soos volg gebruik: “... wat almal wag en hulle dophou” (A:59 par. 165).

’n Ander bysin wat hierdie vertaler moeilik gevind het om akkuraat te vertaal, is die gedeelte “had been pressed into service” in “the Molepolole Special Express had been pressed into service for the wedding” (E:37 par. 167). Hierdie vertaler het probeer om die dringendheid en gedwongenheid wat deur die woord “pressed” geïmpliseer word, in die vertaling te behou en het dus verskeie opsies oorweeg voordat daar op die volgende vertaling besluit is: “die *Molepolole Special Express* ... moet by die troue diens doen” (A:59 par. 167). Hoewel daar aanvanklik oorweeg is om die woord “noodgedwonge” in te voeg (“die *Molepolole Special Express* moet noodgedwonge by die troue diens doen”), het hierdie vertaler daarteen besluit, omdat dit ’n groter gedwongenheid en noodsaaklikheid in die vertaling inbou as wat in die BT bedoel word.

Die woorde “look after” en “watch” in die volgende gedeelte het ook probleme veroorsaak: “God look after Precious Ramotswe. God watch her tonight and forever.” (E:38 par. 170). “Look after”, soos dit ook vroeër in die BT voorkom, kan as “sorg vir” (of “versorg”) of “kyk na” geïnterpreteer en vertaal word. In hierdie geval kan die vertaler dit egter nie met “kyk na” vertaal nie, aangesien laasgenoemde ook die waarskynlikste vertaalmoontlikheid vir “watch” is. ’n Herhaling van “kyk na” (“God kyk na Precious Ramotswe. God kyk vannag na haar, en vir altyd.”) is nie in hierdie geval wenslik nie. Daarom het hierdie vertaler besluit om “look after” in die eerste sin eerder met “sorg vir” te vertaal: “God sorg vir Precious Ramotswe. God kyk vannag na haar, en vir altyd.” (A:60 par. 170).

(d) *Semantiese ondeursigtigheid in die BT*

Daar was verskeie gevalle waar hierdie vertaler as gevolg van semantiese ondeursigtigheid in die BT probleme ondervind het om 'n spesifieke woord of bysin te interpreteer. In hierdie gevalle sou dit moontlik kon wees dat ander vertalers die betrokke probleemwoorde op ander maniere kon interpreteer en vertaal as gevolg van hulle (verskillende) persoonlike denkwyses, agtergrond en voorkeure.

Voorsetsels

Die voorsetsel “over” in “beyond the acacia, over the dusty road, the roofs of the town” (E:1 par. 2) is 'n voorbeeld hiervan. “Over” kan in hierdie konteks “bo”, “bokant” of “oor” beteken, met die oorhangdakke in die dorp wat in die pad skadu gooi. Hierdie vertaler het “over” ná oorweging egter nie op hierdie manier geïnterpreteer nie, omdat dit nie binne die konteks van die betrokke beskrywing heeltemal sinvol sou wees nie. Daarom is dit eerder met “oorkant” vertaal: “anderkant die akasia, oorkant die stofpad, die dorp se dakke” (A:34 par. 2). Die betrokke paragraaf beskryf voorwerpe voor mma Ramotswe se speuragentskap van dié wat vlak voor die gebou is tot by die dorp 'n ent verder en die koppies op die horison. “Oorkant” pas beter in by hierdie geleidelike verskuiwing in afstand vanaf die speuragentskap.



Nog 'n voorsetsel wat probleme veroorsaak het, is “in” in “In my sorrow, I went out to the cattle post” (E:26 par. 123). Dit kon byvoorbeeld as “in” geïnterpreteer en vertaal word, wat beteken dat Obed by sy beeste troos probeer vind, of as “ten spyte van”, met die betekenis dat hy as gevolg van sy verpligtinge tog na die veepos gaan, ten spyte daarvan dat sy hartseer veroorsaak dat hy nie regtig daarvoor lus het nie. Binne die wyer konteks was dit egter vir hierdie vertaler duidelik dat “ten spyte van” moontlik die beste keuse was (A:52 par. 123), aangesien daar genoem word dat Obed ook verpligte sake by die veepos moes gaan afhandel, byvoorbeeld om die veewagters te betaal.

Naamwoorde

'n Voorbeeld van 'n selfstandige naamwoord wat probleme ten opsigte van interpretasie opgelewer het, is “attentions” in “within months of his attentions” (E:29 par. 135). In hierdie geval was dit nie duidelik wat presies met “attentions” bedoel



word nie: “aandag” (bedoelende die aandag wat enige dokter aan sy pasiënt sal gee, insluitend middels wat ingeneem word en algemene raadgewing), “attensies” (bedoelende dat die sangoma dalk self probeer het om die niggie swanger te maak) of “behandeling” (in die mediese sin van die woord)?

Indien die woord in enkelvoudige vorm (“attention”) gebruik is, sou hierdie vertaler dit waarskynlik sonder veel probleme met “aandag” kon vertaal. In hierdie geval is daar egter besluit om “behandeling” (A:54 par. 135) in die DT te gebruik, aangesien daar die moontlikheid bestaan dat die woord “attensies” die skrywer se oorspronklike bedoeling kan verdraai. Verder is die betekenis van “behandeling” wyd genoeg om “aandag” in die mediese sin van die woord in te sluit.

### Bysinne

’n Bysin wat vir hierdie vertaler problematies was, is “when the time came” in “he recognised, when the time came, that there might be issues of pride” (E:36 par. 161). Dit was nie duidelik wat presies die skrywer hiermee bedoel nie. Aan die een kant kon dit die skrywer se bedoeling wees dat “when the time came” volgens die toekomstige tyd beskou moet word: “he recognised *that* when the time came ...” (met ander woorde “hy het besef dat wanneer die tyd aanbreek, trots ’n kwessie kan wees”, of “hy het besef wanneer die tyd aanbreek, kan trots ’n kwessie wees”).

Aan die ander kant kon die bedoeling wees dat die bysin in die teenwoordige tyd geïnterpreteer moet word, met ander woorde dat die tyd van Obed se “besef” en dié van die “aanbreek van die tyd” dieselfde moet wees: “hy het besef *toe* die tyd aanbreek ...”, of liever “toe die tyd aanbreek, het hy besef dat trots ’n kwessie kan wees”. ’n Ander kwessie wat hier in gedagte gehou moet word, is dat daar in hierdie DT-paragraaf, en spesifiek in hierdie sin, ’n oorskakeling vanaf die verledetydsvorm na die historiese presens plaasvind. Daarom is die eerste gedeelte vertaal as “*toe* die tyd aanbreek ...”.

Daar is uiteindelik besluit om die bysin te vertaal as “toe die tyd aanbreek, besef hy dat trots ’n kwessie kan wees” (A:58 par. 161), aangesien hierdie vertaler “die tyd” geïnterpreteer het as die tyd waarin Obed waargeneem het dat sy niggie besig is om ’n man te leer ken en toe besef het “dat trots ’n kwessie kan wees en dat die niggie dalk weer sal wil trou”.

#### 5.4.3 Die gebruik van hoofletters

Die gebruik van hoofletters in die BT is ietwat onkonvensioneel, selfs volgens die brontaal se norme. Daarom het hierdie vertaler elke geval sorgvuldig oorweeg voordat daar besluit is om die betrokke woord in die DT met 'n hoofletter te skryf of nie.

Voorbeelde van woorde wat in die BT met hoofletters geskryf word, hoewel hierdie skryfwyse nie in Engels óf Afrikaans die norm is nie, is “Go-Away Bird” (E:1 par. 2) en “Heaven” (E:34 par. 152). Omdat daar in hierdie gevalle geen duidelike rede is waarom hierdie woorde met hoofletters geskryf behoort te word nie, het hierdie vertaler nie die hoofletters in die DT behou nie: “kwêvoel” (A:34 par. 2), “hemel” (A:57 par. 152).

In ander gevalle waar dit wel in beide die bron- en doeltaal die konvensie is om hoofletters te gebruik, word dit nie in die BT gedoen nie. Wanneer Obed Ramotswe na God in die derde persoon as “he” en “him” (E:16 par. 87, E:17 par. 88) verwys, word hierdie voornaamwoorde nie, soos gebruikelik is in Engels, met 'n hoofletter geskryf nie. Daardeur wil McCall Smith waarskynlik 'n sekere aspek van Obed se beskouing van en verhouding met God aan die leser oordra: vir Obed is God nie ver en verhewe nie, maar oral om hom – deel van Afrika, net soos hy self deel van Afrika is (“he lived here in Africa, in the rocks, in the sky, in places where we knew he liked to be”).

Dit is dus nie vanweë 'n gebrek aan respek dat Obed nie “in hoofletters” aan God dink nie, maar moontlik eerder omdat hy God as 'n inherente deel van Afrika – en dus homself – beskou. In die deel waar Obed aan die woord is, het hierdie vertaler dus voornaamwoorde wat op God betrekking het, op dieselfde wyse as McCall Smith gebruik en dit nie met hoofletters geskryf nie (A:45 par. 87, 88), om sodoende dieselfde effek as in die BT te verkry.

#### 5.4.4 Punktuasie

McCall Smith is geneig om opvallend baie kommas te gebruik – ook op plekke waar dit nie nodig is om verwarring te voorkom nie. Die gebruik van soveel kommas is ietwat onkonvensioneel in Engels, waar dit meestal slegs gebruik word om betekenisverwarring te voorkom. In die BT word dit egter byvoorbeeld dikwels voor

“and” gebruik, ook in sinne wat redelik kort is. Hierdie onderbrokenheid in die BT-sinne veroorsaak dat die leestempo stadiger is as wat dit anders sou wees, wat weer ’n verdere aspek van die Afrika-atmosfeer na die BT bring: die tydloosheid en rustigheid van Precious Ramotswa se Botswana.

Indien ’n domestikerende benadering gevolg is, sou onkonvensionele punktuasie in die BT nie ’n probleem wees nie, aangesien die vertaler in daardie geval die skrywer se sinne in ’n vloeiender styl sou omskep wat vir die DT-lesers natuurliker sou wees. Omdat hierdie vertaler egter sover moontlik volgens ’n vervreemdende benadering gewerk het, is daar probeer om ook hierdie aspek van McCall Smith se styl te behou (sien 2.3 en 3.4). Die gebruik van kommas in die BT is dus sover moontlik in die DT nageboots, solank dit nie die betekenis of boodskap van die oorspronklike teks beïnvloed het nie. Op hierdie manier kon die vertaler dieselfde effek in die DT as in die BT verkry.

Voorbeelde van sinne waar die kommas wat in die BT gebruik word, doelbewus in die DT herhaal word, is die volgende:

- “They fetched a good price, as there had been heavy rains that year, and the grass had been lush.” (E:3 par. 9) – “Hulle het ’n goeie prys gehaal, want daar was daardie jaar swaar reën, en die gras was geil.” (A:35 par. 9)
- “I love our country, and I am proud to be a Motswana.” (E:17 par. 90) – “Ek is lief vir my land, en ek is trots daarop om ’n Motswana te wees.” (A:45 par. 90)
- “You were allowed the canteen for a few seconds only, and in that time you had to take as much water as you could. Men who were on their second or third contract, knew all about this, and they had bottles of water which they would share if you were desperate.” (E:19 par. 95) – “Jy is net toegelaat om die kan vir ’n paar sekondes te hê, en in daardie rukkie moes jy soveel water drink as wat jy kon. Mans wat op hulle tweede of derde kontrak was, het hiervan geweet, en hulle het bottels water gehad wat hulle gedeel het as jy desperaat was.” (A:47 par. 95)

In die laaste geval sou hierdie vertaler in elk geval die eerste komma (tussen “was” en “het”) in die DT ingevoeg het, al sou dit nie in die BT gebruik word nie, aangesien dit in Afrikaans algemene konvensie is om ’n komma te gebruik tussen twee opeenvolgende werkwoorde wat afsonderlike gesegdes vorm (Carstens 2003:269).

#### 5.4.5 Beklemtoning

Dit is nie in Engels algemene praktyk om die aksentteken te gebruik om lettergrepe te beklemtoon nie; kursivering word gewoonlik gebruik om beklemtoning aan te dui (Hairston & Ruszkiewicz 1996:449-450 en Neeld 1990:603). McCall Smith gebruik egter reeds kursivering om sommige leenwoorde (byvoorbeeld “tsotsis” en “kopje”) aan te dui, wat moontlik die rede is waarom hy nie hierdie metode gebruik om beklemtoning te bewerkstellig nie.

Hy gebruik wel dikwels sintaktiese strategieë soos plasing om woorde te beklemtoon, byvoorbeeld deur ’n bepaalde woord aan die begin of einde van ’n sin of tussen kommas te plaas. (Sien ook 5.4.6 (b).) Die volgende is voorbeelde van hierdie strategie:

- “and I never saw the sea, ever.” (E:16 par. 86)
- “We called him by a different name, then, and he did not live over at the Jews’ place” (E:17 par. 88).

Dit was egter nie altyd moontlik om ’n spesifieke woordplasing in die DT te behou nie, omdat die sinskonstruksie in Afrikaans en Engels verskil. Indien ’n bepaalde woordplasing wat in die BT voorkom, slaafs nagevolg sou word, kon dit meebring dat die DT onidiomaties en onnatuurlik daar uitsien, wat met die oog op die teikenlesers nie wenslik sou wees nie.



Die voorbeeld “and I never saw the sea, ever” hierbo is dus vertaal met “en ek het nooit ooit die see gesien nie” (A:44 par. 86) in plaas van die onidiomatiese “en ek het nooit die see gesien nie, ooit” of die lomp “en ek het nooit die see gesien nie, nooit”. Hoewel die woord “ooit” nie in Afrikaans aan die einde van die sin gebruik kan word nie, verkry hierdie vertaler tog effektiewe beklemtoning deur die herhaling van dieselfde klank in “nooit ooit”.

Ook wat die tweede voorbeeld hierbo betref (“We called him by a different name, then, and he did not live over at the Jews’ place”), is domestikering ten opsigte van sinskonstruksie toegepas. In hierdie geval sou “toe” wel met aksenttekens geskryf kon word (“Ons het hom tóé op ’n ander naam genoem, en hy het nie oorkant by die Jode se plek gebly nie”), maar hierdie vertaler het daarteen besluit, omdat dit geforseerd voorkom. Daar is volgens hierdie vertaler nie ’n noemenswaardige klemverlies indien “toe” sonder aksenttekens gebruik word nie: “Ons het hom toe op

'n ander naam genoem, en hy het nie oorkant by die Jode se plek gebly nie" (A:45 par. 88).

Daar is wel gevalle waar die plasing van sinsadjunkte om beklemtoning in die BT te bewerkstellig, in die DT nagedoen kon word, byvoorbeeld die plasing van "still" aan die begin van die volgende sin: "Still, he tried to persuade me to go to the police." (E:24 par. 112). Dit is vertaal met "Nogtans het hy my probeer oorreed om na die polisie toe te gaan." (A:50 par. 112).

In ander gevalle het hierdie vertaler dit nodig gevind om aksenttekens in die DT te gebruik, ten spyte daarvan dat die betrokke woord of lettergreep nie in die BT beklemtoon word nie. In hierdie gevalle wou die vertaler meer gewig aan 'n woord verleen om die impak daarvan meer intens te maak. Die volgende is voorbeelde hiervan:

- "No inventory would ever include those, of course." (E:1 par. 1) – "Geen inventaris sal dít natuurlik ooit insluit nie." (A:34 par. 1)
- "The Daddy's mouth fell open. 'Die?'" (E:11 par. 59) – "Die Daddy se mond val oop. 'Dóódgaan?'" (A:41 par. 59)
- "That is not what people want." (E:18 par. 92) – "Dít is nie wat mense wil hê nie." (A:46 par. 92)
- "as his lands were not good enough to support me and a wife." (E:18 par. 93) – "want sy grond was nie goed genoeg om my én 'n vrou te onderhou nie." (A:46 par. 93)

In ander gevalle is "this" met "dié" in plaas van "hierdie" vertaal – soms omdat die woord "hierdie" reeds vroeër in dieselfde sin gebruik is en dit nie wenslik was om dit te herhaal nie, maar meestal omdat "dié" in spreektaal dikwels meer geloofwaardig is as "hierdie", omdat eersgenoemde meer informeel is. Voorbeelde van sodanige gevalle is:

- "I especially know how to love the people who live in this place." (E:2 par. 4) – "ek weet veral hoe om vir die mense wat in dié plek bly, lief te wees." (A:34 par. 4)
- "Then this thing happened, and I can't say that any more." (E:5 par. 19) – "Toe gebeur dié ding, en nou kan ek dit nie meer sê nie." (A:37 par. 19)

#### 5.4.6 Sintaktiese patrone

Kundera (1996:27) is van mening dat die getroue weergawe van 'n skrywer se onmiskenbare persoonlike styl vir enige vertaler die hoogste prioriteit moet wees. Volgens Kundera misluk vertalings wanneer die vertaler algemene taalkonvensies as riglyne gebruik om 'n vertaalde teks glad te stryk en sodoende die eiesoortigheid van die skrywer se styl vervals of verbloem.

Dit sluit aan by Berman (2001:293) se siening dat linguistiese patrone dikwels tydens vertaling vernietig word. Volgens hom vorm die tipe sinne en die sinskonstruksies wat die BT-skrywer aangewend het, ook patrone, en dit vorm 'n inherente deel van die planmatige aard van die BT.

Hierdie vertaler het dus probeer om, waar moontlik, kenmerkende elemente van McCall Smith se styl te behou, byvoorbeeld deur sekere patrone wat dikwels in die BT herhaal word, ook in die DT aan te wend, al strook dit soms nie heeltemal met die algemene taalkonvensies van die doeltaal nie. Hierdeur word die vertaler ook sigbaarder in die DT, aangesien hierdie vervreemdende benadering wat sintaksis betref, tot gevolg het dat sekere lesers wel sal kan aflei dat die teks 'n vertaling is en nie 'n oorspronklike teks nie (sien 3.4).

##### (a) *Sinne wat met die voegwoord “so” begin*

Heelwat sinne begin op 'n informele wyse met die woord “so”, byvoorbeeld “So it was man trouble” (E:5 par. 21). Hierdie vertaler het waar moontlik sulke sinne in die DT ook met die Afrikaanse woord “so” laat begin om sodoende die patroon wat McCall Smith daargestel het, te probeer behou, byvoorbeeld:

- “So it was man trouble” (E:5 par. 21) – “So dis 'n mansmens wat die moeilikheid maak” (A:37 par. 21)
- “So I think of God and wonder what he will say to me” (E:16 par. 87) – “So, nou dink ek aan God en wonder wat hy vir my sal sê” (A:45 par. 87)
- “So when the recruiting truck came” (E:18 par. 93) – “So toe die werwingslorrie ... kom” (A:46 par. 93)

In sommige gevalle word “so” in die vertaling voorafgegaan deur die woord “en”, byvoorbeeld:

- “So for many years, nothing at all happened” (E:18 par. 92) – “En so het daar jare lank net mooi niks gebeur nie” (A:46 par. 92)

In hierdie geval is ’n byvoeging dus in die DT gedoen om te verseker dat die Afrikaanse woord “so” in ooreenstemming met die BT-skrywer se bedoeling geïnterpreteer sal word.

In ander gevalle was dit volgens hierdie vertaler meer gepas om die woord “toe” in die plek van “so” te gebruik, veral waar die verledetydsvorm in die voorafgaande sin(ne) van toepassing was, byvoorbeeld:

- “So I left the mines” (E:24 par. 117) – “Toe gee ek pad van die myne af” (A:51 par. 117)
- “So we left one another” (E:28 par. 133) – “Toe gaan elkeen sy eie gang” (A:53 par. 133)

Die vorm “So toe gee ek pad ...” of “So toe gaan elkeen ...” sou wel gebruik kon word, maar hierdie vertaler het daarteen besluit omdat die gevolglikheid van die gedeelte wat op “toe” volg, reeds aangedui word en dit nie nodig is vir die addisionele woord “so” om die verband tussen die betrokke sin en die voorafgaande oorsakende sin(ne) aan te dui nie.

(b) *Parentetiese sinne*

McCall Smith gebruik graag sinne wat op die volgende manier onderbreek word:

- “Everything, thought Mma Ramotswe, has been something before.” (E:2 par. 6)
- “It flattered people, she concluded, to be approached by a private detective, and this effectively loosened their tongues.” (E:5 par. 18)

Op hierdie manier word die eerste deel van die sin (in bostaande voorbeelde “Everything” en “It flattered people” onderskeidelik) beklemtoon.

Die vertaler het probeer om hierdie tipe sinskonstruksie in die DT te behou, hoewel dit as gevolg van die verskillende wyses waarop sinne in Afrikaans en Engels gekonstrueer word, nie altyd moontlik was nie. Bogenoemde voorbeelde is soos volg in die DT hanteer:

- “Everything, thought Mma Ramotswe, has been something before.” (E:2 par. 6)  
– “Elke liewe ding, dink mma Ramotswe, was voorheen ook iets.” (A:35 par. 6)

In hierdie geval was dit wel moontlik om dieselfde sinskonstruksie as in die BT aan te wend.



- “It flattered people, she concluded, to be approached by a private detective, and this effectively loosened their tongues” (E:5 par. 18) – “Mense voel gevelei wanneer ’n privaat speurder hulle nader, is haar gevolgtrekking, en dít maak hulle tonge sommer lekker los.” (A:36 par. 18)

Hier was dit nie moontlik om die sin op dieselfde plek as in die BT te onderbreek nie, omdat die DT-leser dit onnodig vreemd sal vind (“Mense voel gevelei, is haar gevolgtrekking, wanneer ’n privaat speurder hulle nader”). Hierdie vertaler kon egter wel later in die sin ’n onderbreking bewerkstellig sonder dat die DT onnatuurlik voorkom. Op hierdie manier word die eerste deel van die sin steeds in ’n mate beklemtoon.

(c) *Die gebruik van die onderskikker “dat”*

Die indirekte rede word dikwels in die BT gebruik, altyd met die woord “that” wat die spreker se woorde of gedagtes voorafgaan, byvoorbeeld:

- “I said that of course he could. In a way I was very excited to see my Daddy and I thought that it would be good to be able ...” (E:7 par. 34)

Hierdie vertaler het egter nie in sulke gevalle die onderskikker “dat” in die DT behou nie.

In die eerste plek was dit nie altyd moontlik om “dat” in die vertaling te gebruik sonder om die DT onnodig omslagtig en onnatuurlik te maak nie. In sodanige gevalle is die indirekte rede steeds gebruik, maar sonder “dat”:

- “I said that of course he could.” (E:7 par. 34) – “Ek het gesê natuurlik kan hy.” (A:39 par. 34)

In ander gevalle was dit wel taalkundig moontlik om die woord “dat” te behou, maar het die vertaler verkies om dit nie te doen nie, byvoorbeeld in:

- “and I thought that it would be good to be able ...” (E:7 par. 34) – “en ek het gedink dit sou lekker wees om ...” (A:39 par. 34)
- “I told him that I was Ramotswe” (E:27 par. 127) – “Ek het vir hom gesê ek is Ramotswe” (A:53 par.127)
- “I said that his wife would be angry” (E:28 par. 131) – “Ek het gesê sy vrou gaan kwaad wees” (A:53 par.131)

Hierdie vertaler het geredeneer dat mense geneig is om die woord “dat” in algemene spreektaal – soos in die bostaande gevalle – weg te laat en dat die teks dus natuurliker sal voorkom indien dit nie gebruik word nie.


Hierdie redenasie is nie net op die indirekte rede van toepassing nie, maar ook op ander gevalle waar “dat” as onderskikker gebruik word. Voorbeelde waar die onderskikker “dat” ter wille van natuurliker spreektaal in die DT weggelaat is, is die volgende:

- “He could tell that I had been a miner” (E:14 par. 82) – “Hy het sommer geweet ek was ’n mynwerker” (A:43 par. 82)
- “and I hope that it is true” (E:17 par. 89) – “en ek hoop dis waar” (A:45 par. 89)
- “and so I knew that I could not stay in the mines.” (E:24 par. 110) – “en daarom het ek geweet ek kon nie in die myne bly nie.” (A:50 par. 110)

(d) *Die passiewe konstruksie*

McCall Smith gebruik dikwels die passiewe konstruksie. Dit is sover moontlik in die DT behou waar die skrywer dit gebruik om passiwiteit en ’n gebrek aan betrokkenheid en vrye wil aan te dui, byvoorbeeld:

- “how we would be taken down into the mines” (E:20 par. 97) – “hoe ons in die myne afgevat sou word” (A:47 par. 97)
- “and were shown what to do” (E:20 par. 99) – “waar ons gewys is wat om te doen” (A:48 par. 99)
- “that I would be killed” (E:24 par. 110) – “dat ek doodgemaak sou word” (A:50 par. 110)



Daar is wel gevalle waar hierdie vertaler die passiewe konstruksie wou behou, maar dit nie moontlik was nie, omdat dit tot ’n lomp en onnatuurlike sinskonstruksie sou lei. Die volgende is voorbeelde van sulke gevalle:

- “You could be killed by falling rock or you could be killed years later” (E:14 par. 82) – “Jy kon doodgaan as gevolg van ’n rotsstorting, of jy kon jare later doodgaan” (A:43 par. 82)

In hierdie geval was dit eintlik die woord “killed” wat probleme veroorsaak het. Indien “killed” met “doodgemaak” vertaal sou word – soos normaalweg die geval is – sou die passiewe konstruksie in die DT behou kon word. Die vertaling “Jy kon doodgemaak word deur ’n rotsstorting” is egter nie gepas nie, omdat dit sou impliseer dat ’n rotsstorting mense aktief doodmaak/vermoor, wat ’n absurde beeld is. Mense sterf *as gevolg van* ’n rotsstorting. Die passiewe konstruksie kon dus in hierdie geval op geen manier behou word nie.

- “I was given promotion after promotion” (E:6 par. 28) – “ek het bevordering op bevordering gekry” (A:38 par. 28)

Hier sou ’n geforseerde passiewe konstruksie die volgende vertaling tot gevolg gehad het: “vir my is bevordering op bevordering gegee”. Dit is nie natuurlike spreektaal nie, wat die rede is waarom hierdie vertaler die aktiewe vorm verkies het, hoewel dit ’n effense betekenisverskuiwing tot gevolg het (“gegee” – “gekry”). Dieselfde betekenisverskuiwing is ook in die onderstaande voorbeeld van toepassing.

- “I was given the job of carrying explosives for a blaster” (E:23 par. 106) – “ek het die werk gekry om plofstof vir ’n dinamietsterker aan te dra” (A:49 par. 106)

Daar is wel aanvanklik oorweeg om die bostaande gedeelte te vertaal met “vir my is die werk gegee om plofstof vir ’n dinamietsterker aan te dra”, maar binne die konteks van die betrokke paragraaf sou dit nie gepas wees nie, omdat dit baie klem op die woorde “vir my” sou plaas, wat nie hier wenslik is nie.

(e) *Die gebruik van die sametrekking “dis”*

McCall Smith vermy oor die algemeen sametrekkinge van “it is” en “that is”, ook in die spreektaal van karakters. Indien hierdie vertaler sodanige gevalle in ooreenstemming met Kundera (1996:27) se siening oor die behoud van die skrywer se persoonlike styl sou hanteer, sou “dit is” die beste opsie wees. Dit is egter dikwels natuurliker om die sametrekking “dis” in plaas van “dit is” te gebruik, veral in algemene spreektaal. Daarom het hierdie vertaler besluit om “it is”/“it was” telkens met “dis” te vertaal, maar “that is”/“that was” of “this is”/“this was” met “dit is”, aangesien die woord “that” of “this” meer spesifiek na ’n bepaalde kwessie, voorwerp of daad verwys:

- “It is my duty to help them” (E:2 par. 4) – “Dis my plig om hulle te help” (A:34 par. 4)
- “and that was why people with something to hide wore sunglasses indoors” (E:5 par. 20) – “en dit is hoekom mense wat iets het om weg te steek, binnenshuis ’n sonbril dra” (A:37 par. 20)
- “This is the right thing for a person of stature” (E:1 par. 3) – “Dit is die regte ding vir ’n belangrike persoon” (A:34 par. 3)

In gevalle waar “it is” en “that is” in karakters se spreektaal gebruik word, het hierdie vertaler egter deurgaans voorkeur gegee aan die sametrekking “dis”, buiten in gevalle waar “dit is” vir spesifieke beklemtoning gebruik is.

#### 5.4.7 Register

Hierdie vertaler het probeer om die karakters ook deur middel van hulle spreektaal in die DT geloofwaardig te maak. In die uittreksel wat vertaal is, is dit veral Obed Ramotse se taalgebruik tydens sy refleksie oor sy lewe wat 'n groot bydrae lewer tot sy karakterisering.

Om hierdie rede was dit belangrik om neutrale begrippe of woorde in die BT op so 'n manier te vertaal dat dit in die mond van iemand soos Obed sou tuishoort. Daar is heelwat woorde in die BT wat óf op 'n formeler óf op 'n meer neutrale tot informele manier vertaal kan word. Die vertaalstrategie van sinonimie is dus hier toegepas, aangesien dieselfde BT-woord in verskillende kontekste op verskillende maniere vertaal is.

Die Engelse woord “die” kan byvoorbeeld binne die konteks van die BT met die formeler “sterf” óf die meer informele “doodgaan” vertaal word. Hierdie vertaler het dus elke geval waar die woord “die” voorkom, afsonderlik bestudeer voordat daar besluit is watter vertaalekwivalent die beste keuse in daardie geval sou wees.

Waar die derdepersoonsverteller die woord “die” gebruik, is “sterf” in die vertaling gebruik:

- “that died with him” (E:4 par. 15) – “wat saam met hom gesterf het” (A:36 par. 15)

In die mond van Obed as eerste persoonsverteller word dit egter met “doodgaan” vertaal, aangesien dit natuurliker is dat 'n persoon met sy agtergrond as plaaskind en later mynwerker binne die konteks hierdie woord sal gebruik:

- “You could be killed by falling rock or you could be killed years later” (E:14 par. 82) – “Jy kon doodgaan as gevolg van 'n rotsstorting, of jy kon jare later doodgaan” (A:43 par. 82)
- “to ... what it will be like to die” (E:16 par. 87) – “na hoe dit sal wees om dood te gaan” (A:45 par. 87)

In die volgende geval gebruik Obed egter die woord “sterwe”, wat 'n effens meer verouderde vorm van “sterf” is.

- “Then my wife, the mother of Precious, died.” (E:26 par. 121) – “Toe sterwe my vrou, Precious se ma.” (A:52 par. 121)

“Sterwe” is hier meer gepas as “doodgaan”, aangesien dit binne die konteks duidelik is dat Obed met respek en toegeneetheid van sy gestorwe vrou sou praat. Die gebruik van die woord “doodgaan” sou nie in hierdie geval die nodige respek toon nie.

’n Ander voorbeeld wat volgens dieselfde beginsel hanteer is, is die Engelse woord “take”, wat in die onderstaande gevalle die formeler “duur” of “neem” onderskeidelik en die informele “vat” as Afrikaanse vertaalekwivalente het. “Take” is gevolglik met “vat” vertaal wanneer Obed die woord gebruik:

- “It took twelve hours to reach Johannesburg” (E:19 par. 95) – “Dit het twaalf uur gevat om by Johannesburg uit te kom” (A:47 par. 95)
- “how we would be taken down into the mines” (E:20 par. 97) – “hoe ons in die myne afgevat sou word” (A:47 par. 97)

Verdere voorbeelde behels die hantering van die woorde “business”, “truck” en “driver”. Hoewel hierdie woorde waarskynlik meestal met “sakeonderneming”, “vragmotor” en “bestuurder” onderskeidelik vertaal word, veral in formele situasies, sou Obed nie bostaande vertaalekwivalente gebruik het nie. Die volgende voorbeelde dui aan dat die gebruik van “besigheid”, “lorrie” en “drywer” veel natuurliker in Obed se spreektaal pas:

- “Sell them and buy a business.” (E:3 par. 10) – “Verkoop hulle en koop ’n besigheid.” (A:35 par. 10)
- “I went off on the truck the next day.” (E:19 par. 94) – “Ek het die volgende dag saam met die lorrie gegaan.” (A:46 par. 94)
- “The driver came up to me” (E:27 par. 125) – “Die drywer het na my toe gekom” (A:52 par. 125)

Ook wat die hantering van die woord “left” betref, moes hierdie vertaler verskeie opsies oorweeg voordat daar besluit is watter vertaalekwivalent in ’n spesifieke situasie die beste by die register van daardie gedeelte sou pas:

- “So I left the mines” (E:24 par. 117) – “Toe gee ek pad van die myne af” (A:51 par. 117)
- “So we left one another” (E:28 par. 133) – “Toe gaan elkeen sy eie gang” (A:53 par. 133)

In die bostaande twee gevalle sou die woord “verlaat” byvoorbeeld te formeel wees – dit sou nie by Obed se karakter en taalgebruik pas nie.

In die volgende geval is die derdepersoonsverteller egter aan die woord, met die gevolg dat die woord “verlaat” gebruik kon word sonder dat dit inkonsekwensie in ’n sekere karakter se taalgebruik sou veroorsaak:

- “Her husband had left her because she was barren” (E:29 par. 135) – “Haar man het haar verlaat omdat sy onvrugbaar was” (A:54 par. 135)

“Verlaat” was volgens hierdie vertaler die beste opsie in hierdie geval, aangesien dit ’n mate van sensitiwiteit en simpatie teenoor die niggie openbaar wat nie in die woord “los” (“Haar man het haar gelos”) teenwoordig is nie.

Daar is verskeie ander voorbeelde van soortgelyke gevalle in die BT waar ’n bepaalde Engelse woord in meer as een register opgeneem kan word. In sulke gevalle moes hierdie vertaler dus self bepaal watter register in ’n spesifieke konteks die geskikste sou wees. Die noodgedwonge “gewelddadigheid” van die vertaalhandeling soos dit volgens die hermeneutiese teorie (sien 3.5) beskryf word, kom hier duidelik na vore, aangesien die vertaler ’n bepaalde woord in die BT aktief ontleed en interpreteer voordat dit omskep word in ’n doeltaalwoord wat meestal tot ’n laer register as die brontaalwoord behoort en dus vir die DT-leser ander konnotasies sal hê en ander inligting oor ’n bepaalde karakter (die spreker) sal onthul as wat in die BT die geval is.

#### 5.4.8 Skynbare gebrek aan kohesie en/of koherensie



Daar was gevalle waar hierdie vertaler ’n skynbare gebrek aan kohesie en/of koherensie in die BT teëgekom het. In sodanige gevalle het ’n vertaler die keuse om óf letterlik te vertaal en daardeur die “fout” te herhaal, óf om die oorspronklike teks te verander sodat dit meer logies is. Hierdie vertaler het verkies om die betrokke gedeeltes duideliker en meer logies te stel. Voorbeelde van sulke gevalle sluit die volgende in:

- “the roofs of the town under a cover of trees and scrub bush” (E:1 par. 2) – die dorp se dakke onder sambrele van bome en groenigheid” (A:34 par. 2)

Die probleem word in hierdie geval deur die woorde “scrub bush” (struik/bosse) veroorsaak. Dit is eenvoudig nie moontlik dat die dorp se dakke onder ’n bedekking of sambreel van struik of bosse kan wees nie, bloot omdat laasgenoemde nie hoog genoeg is nie. Daarom het hierdie vertaler “scrub bush” nie letterlik vertaal nie, maar eerder gedeeltelike vertaling as strategie toegepas en die woord “groenigheid” gebruik om sodoende tog iets van die styl en ritme in die sin te behou.

- “Mma Ramotswe turned off the engine and ran out of the car up to the house.” (E:10 par. 45) – “Mma Ramotswe skakel die enjin af, spring uit en hardloop na die huis.” (A:40 par. 45)

Die bostaande gedeelte in die BT maak nie regtig sin nie, omdat dit die beeld skep van iemand wat reeds in die voertuig begin hardloop. Daarom het hierdie vertaler die sin tydens die vertaalproses aangepas sodat die verloop van gebeure daarin meer logies is.

- “She made her new husband happy in other ways.” (E:37 par. 169) – “Sy maak haar nuwe man op ander maniere ook gelukkig.” (A:59 par. 169)

In hierdie geval sou die Engelse sin, wat aan die begin van ’n nuwe paragraaf staan, die indruk kon skep dat die niggie haar man darem op ander maniere gelukkig maak, al kan sy nie daarin slaag om hom op die manier wat in die voorafgaande paragraaf bespreek is, gelukkig te maak nie. Dit maak egter nie sin nie, omdat dit uit die vorige paragraaf duidelik is dat sy as uitstekende boekhouer hom wel gelukkig maak. Om hierdie onlogiesheid uit die weg te ruim, is die woord “ook” in die DT bygevoeg.

## 5.5 Teksspesifieke vertaalprobleme

Hierdie vertaalprobleme is net van toepassing op een spesifieke teks, in hierdie geval *The No.1 Ladies’ Detective Agency*. Die oplossings wat vir hierdie probleme gevind is, kan dus nie noodwendig veralgemeen word nie, hoewel dit ook op funksionele kriteria gebaseer is (Nord 1997a:61). Teksspesifieke vertaalprobleme het byvoorbeeld nie net te doen met die hantering van metafore, vergelykings en woordspelings nie, maar ook met die vertaling van vakspesifieke terminologie in die BT. Die vertaling van die titel kan ook as ’n teksspesifieke vertaalprobleem beskou word.

### 5.5.1 Leksikaal-semantiese velde

Terminologie uit verskeie vakgebiede is in die BT geïntegreer. Hierdie vertaler moes dus navorsing doen om te verseker dat alle vakspesifieke konsepte en terminologie feitelik korrek geïnterpreteer en vertaal word, aangesien onjuiste vertaalekwivalente die geloofwaardigheid van die teks as geheel kan benadeel. Navorsing oor onder andere die geografie en geskiedenis van Botswana, mynbou, Setswana aanspreekvorme en ander Setswana woorde, verpleegkundige range en landbou moes gedoen word (sien 3.3.3).



*(a) Geografie en geskiedenis*

Hierdie vertaler moes navorsing doen oor die geografie van Botswana en Zoeloeland, aangesien die woord “hills” in die BT in verskillende kontekste as “koppies” of “heuwels” onderskeidelik geïnterpreteer en vertaal moet word. Koppies en heuwels verskil egter totaal wat voorkoms betref; daarom was dit belangrik om die woord “hills” te alle tye akkuraat te vertaal.

Die volgende is voorbeelde van die manier waarop “hills” in die drie verskillende kontekste vertaal is:

- “at the foot of Kgale Hill” (E:1 par. 1) – “aan die voet van Kgale Heuwel” (A:34 par. 1)
- “while I sit here in the sun and look out to the hills in the distance” (E:15 par. 84) – “terwyl ek hier in die son sit en na die koppies in die verte kyk” (A:44 par. 84)
- “He told me that it had green hills that reached down to the Indian Ocean” (E:15 par. 85) – “Hy het my vertel dat daar groen heuwels is wat tot onder by die Indiese Oseaan strek” (A:44 par. 85)

Wat die naam “Khama’s Country” (E:2 par. 7) betref, moes hierdie vertaler vasstel of dit wel ’n erkende, amptelike naam is of was. Indien wel, sou die naam onveranderd in die DT behou word; indien nie, sou die naam vertaal word. Die rede vir hierdie besluit was dat indien die naam nooit amptelik was nie, maar slegs in die algemene spreektaal bestaan het, die behoud van die Engelse naam in die DT die vals indruk sou skep dat dit wel ’n amptelike naam vir Botswana was. Nadat hierdie vertaler navorsing gedoen het oor die betrokke deel van Botswana se geskiedenis, is daar besluit om die naam met “Khama-se-land” (A:35 par. 7) te vertaal, aangesien daar gevind is dat die Engelse naam nie ’n erkende, amptelike naam is of was nie.

*(b) Mynbou*

Verskeie terme en konsepte wat met mynbou verband hou, word in die BT gebruik. Daar moes dus noukeurig vasgestel word wat met elke term of konsep bedoel word voordat dit vertaal kon word. Die volgende is voorbeelde van gevalle wat in boeke wat spesifiek oor mynbou handel, nagevors moes word:

- “where the men had what everybody called rock sense” (E:21 par. 100) – “waar die mans dít gehad het wat almal ’n gevoel vir die rots genoem het” (A:48 par. 100)
- “when new supports were needed” (E:21 par. 100) – “wanneer nuwe stutte nodig was” (A:48 par. 100)
- “the shift bosses always turned a blind eye” (E:22 par. 102) – “die skofbase het altyd hulle oë daarvoor toegemaak” (A:49 par. 102)
- “The Swazis were all in one gang” (E:22 par. 103) – “Die Swazi’s was almal in een span” (A:49 par. 103)
- “They would not give us blasting tickets” (E:23 par. 106) – “Hulle wou ons nooit die skietwerk laat doen nie” (A:49 par. 106)

In sommige gevalle was dit egter nodig om addisionele inligting by te voeg om moontlike verwarring by die DT-leser te verhoed. Die strategie wat in sulke gevalle gevolg is, was om sekere inligting wat in die BT meer implisiet is, eksplisiet in die DT te stel. Die volgende is voorbeelde waar hierdie vertaalstrategie toegepas is:

- “If a team was good, then the boss boy knew exactly what to do and how to do it. The white miner would pretend to give the orders, but he knew that it would be the boss boy who really got the work done.” (E:21 par. 101) – “As ’n span goed was, dan het die swart voorman presies geweet wat om te doen en hoe om dit te doen. Die wit mynwerker sou maak of hy die bevele gee, maar hy het geweet dit was eintlik die voorman wat die werk gedoen kry.” (A:48 par. 101)

Wanneer “boss boy” die eerste keer in die BT gebruik word, het hierdie vertaler dit nie bloot met “voorman” vertaal nie, maar die bepaler “swart” bygevoeg, aangesien dit anders vir die DT-leser verwarrend kon wees – die leser sou nie noodwendig weet dat die voorman nie ook wit was nie. Die tweede keer wanneer “boss boy” in die BT voorkom, word dit slegs met “voorman” vertaal, aangesien hierdie vertaler aanvaar dat die DT-leser dan reeds sal weet dat die voorman swart was.

- “here and there were great galleries which had been blasted out of the rock” (E:23 par. 107) – “hier en daar was daar gapende afgronde wat uit die rots weggeblaas is, wat in die myne as galerye bekend staan” (A:50 par. 107)

In hierdie geval sal die woord “galerye” soos dit in betrokke konteks gebruik word, beslis vir die DT-leser vreemd wees en sal hy/sy nie noodwendig weet wat daarmee bedoel word nie. Daarom het hierdie vertaler ’n verduideliking in die DT bygevoeg: “gapende afgronde ... wat in die myne as galerye bekend staan”. Wanneer die

Engelse woord “galery” later in die BT weer gebruik word, kan die vertaler dus die woord sonder ’n verdere verduideliking met “galery” in Afrikaans vertaal, aangesien sy kan aanvaar dat die DT-leser sal verstaan wat daarmee bedoel word (Schäffner & Wiesemann 2001:34).

(c) *Setswana woorde*

Die hantering van Setswana woorde wat in die BT voorkom, is reeds in 5.2.1 en 5.2.4 bespreek. Setswana woordeboeke moes geraadpleeg word om te bepaal wat die betrokke woorde beteken, om sodoende te voorkom dat feitelike foute tydens die hantering daarvan in die DT gemaak word.

(d) *Verpleegkundige range*

Die gebruik van die term “staff sister” (E:9 par. 43) in die BT is eintlik verkeerd – dit moet óf “staff nurse” óf “sister” wees. Hierdie vertaler het dit gekorrigeer en as “suster” (A:40 par. 43) vertaal in plaas van “stafsuster”, wat verkeerd sou wees.

(e) *Landbou*

Wat landbou betref, moes hierdie vertaler byvoorbeeld vasstel wat die korrekte Afrikaanse vertaalekwivalent vir “grandparents” is in “the white Brahmin bulls whose grandparents he had bred himself” (E:3 par. 8). Die fout kon maklik gemaak word om dit verkeerd met “grootouers” te vertaal indien hierdie vertaler nie navorsing gedoen het om die korrekte vertaling, naamlik “voorgeslag” (A:35 par. 8), vas te stel nie.

Verder moes hierdie vertaler seker maak wat presies met “melons” (E:12 par. 72) bedoel word – spanspekke of waatlemoene? Die rede hiervoor is dat die teks ongeloofwaardig sou voorkom indien hierdie vertaler ’n gewas sou noem wat dalk glad nie in Botswana (en spesifiek Lobatse) verbou word nie. Op grond van die navorsing wat hieroor gedoen is, is “melons” met “spanspek” (A:42 par. 72) vertaal.

(f) *Spoorweë*

Wat spoorwegterminologie betref, moes hierdie vertaler seker maak wat met “siding” (E:13 par. 79) bedoel word in “[the trains] drew up at the siding” –


wisselspoor/syspoor of (spoorweg)halte? Daar is uiteindelik besluit dat “syspoor” (A:42 par. 79) die mees gepaste vertaalekwivalent in hierdie geval is.

Dit is duidelik dat deeglike navorsing oor vakspesifieke konsepte uiters belangrik is sodat die vertaler kan verseker dat feitelike inhoud te alle tye korrek weergegee word in die DT.

### 5.5.2 Die titel

Die titel van die boek, naamlik *The No.1 Ladies' Detective Agency*, is na deeglike oorweging letterlik vertaal as “Die No.1 Damespeuragentskap”, hoewel “Die Beste Damespeuragentskap” moontlik meer idiomaties sou wees. Die rede vir hierdie besluit is dat die vertaler die herkenbaarheid van die titel vir potensiële lesers van die Afrikaanse vertaling wou verhoog, veral aangesien die BT soveel bekendheid verwerf het en nou in 'n televisiereeks omskep word.

